



FASILITERING VAN 'n BATE-GEBASEERDE BENADERING  
TER BEVORDERING VAN LEERDERS SE PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING  
IN 'n NYWERHEIDSKOOL

Skripsi voorgelê deur

**ALGE RAUTENBACH**

ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS  
(OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE)**

in die

**DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: DR. HEILA M. PRINSLOO**

**DESEMBER 2008**



## **VERKLARING**

---

Hiermee verklaar ek, Alge Rautenbach (studente nommer 9701838-5) dat:

**“FASILITERING VAN ‘n BATE-GEBASEERDE BENADERING  
TER BEVORDERING VAN LEERDERS SE PSIGOSOSIALE ONTWIKKELING  
IN ‘n NYWERHEIDSKOOL”**

my eie werk is en dat al die bronne wat gebruik is, aangedui en in ‘n volledige bibliografie erken is.

---

Alge Rautenbach  
Desember 2008

## DANKBETUIGINGS

---

*Hiermee my opregte dank en waardering vir die volgende persone:*

- *Dr. Heila Prinsloo, my studieleier, vir u oneindige geduld, opoffering en professionele leiding tydens die studie.*
- *My man, Andrew, vir jou liefdevolle motivering, ondersteuning en geloof in my.*
- *My ouers, Piet en Wiekie, vir al julle liefde, gebede en finansiële ondersteuning regdeur my studies.*
- *My familie, die Rautenbach's en McClintock's vir julle belangstelling en bystand.*
- *My vriendin, Renée, vir jou vriendskap en die tegniese versorging!*
- *Lettie van Wyk, wat my met transkribering gehelp het.*
- *Juanita de Villiers, vir taalkundige versorging van die skripsie.*
- *Die skoolhoof en personeel van die nywerheidskool wat aan die navorsingstudie deelgeneem het. Sonder hulle entoesiasme sou die studie nie moontlik gewees het nie.*
- *My Hemelse Vader. Dankie vir almal wat U op my pad gestuur het, wat wetend en onwetend hulp verleen het om hierdie studie te voltooi. Dankie vir die krag en deursettingsvermoë om te kon aangaan, wanneer ek dit die nodigste gehad het.*

---

## SUMMARY

---

The aim of this study is to explore the assets that are available in the context of the school of industries that will promote the youth at risk's psycho-social development using the asset based approach. The researcher followed a qualitative research approach guided by an interpretivist epistemology and employed a case study design in the natural environment. Multiple data collection methods (interviews, focus groups and documentation) were used in order to gain rich descriptions of the participants' perceptions of assets available for the enhancement of the adolescent's psycho-social development. Results indicate that many assets for example, human as well as physical resources, structures and procedures are currently used and can be effectively mobilized in the future at schools of industries to promote the development of the adolescent on personal, social and moral levels. Placement at a school of industries is beneficial to the youth at risk because he can continue his schooling and therapeutic counseling is available which will empower him to successfully return to the community. Dysfunctions in the system involved with the placement of youth at risk at schools of industries are currently preventing the use of the school of industries, involved in this research, as a community asset for the child-and youth care system.

**SLEUTELTERME/KEY CONCEPTS:**

- Adolescent Adolescent
- Bate-gebaseerde benadering Asset based approach
- Risikojeugdige Youth at risk
- Nywerheidskool School of Industries
- Psigo-sosiale ontwikkeling Psycho-social development
- Identiteit Identity
- Selfkonsep Self concept
- Emosies Emotions
- Interpersoonlike verhoudings Interpersonal relations
- Morele ontwikkeling Moral development

## INHOUDSOPGawe

<b>HOOFTUK 1: INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE .....</b>	<b>1</b>
1.1        INLEIDING .....	1
1.2        RASIONAAL VIR DIE STUDIE .....	3
1.3        NAVORSINGSVRAAG.....	4
1.3.1 Sentrale navorsingsvraag .....	4
1.3.2 Subvrae.....	5
1.4        DOEL VAN DIE STUDIE.....	5
1.5        BEGRIPSVERHELDERING.....	5
1.5.1 Fasilitering.....	5
1.5.2 Psigo-sosiale ontwikkeling .....	5
1.5.3 Psigo-sosiale ondersteuning .....	6
1.5.4 Nywerheidskool.....	6
1.6        TEORETIESE RAAMWERK .....	7
1.6.1      Bate-gebaseerde benadering .....	7
1.7        PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF .....	8
1.8        NAVORSINGSMETODOLOGIE .....	9
1.8.1 Navorsingsontwerp .....	9
1.8.2 Seleksie van deelnemers .....	9
1.8.3 Data-insamelings en vasleggingstrategieë.....	9
1.8.4 Data-analise en interpretasie .....	12
1.9        ETIESE OORWEGINGS.....	12
1.10       KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA.....	13
1.11       BEPERKINGE VAN DIE STUDIE .....	13
1.12       UITEENSETTING VAN DIE STUDIE .....	13

<b>HOOFSTUK 2: PERSPEKTIEF OP DIE ADOLESCENT IN DIE NYWERHEIDSKOOL .....</b>		<b>15</b>
2.1	INLEIDING .....	15
2.2	DIE UNIEKE FUNKSIONERING VAN 'N NYWERHEIDSKOOL .	15
2.2.1	Doele van 'n nywerheidskool .....	16
2.2.2	Uitdagings in die nywerheidskoolkonteks .....	17
2.2.3	Sterkpunte in die nywerheidskoolkonteks .....	19
2.2.4	Programme in die nywerheidskoolkonteks.....	20
2.3	DIE ADOLESCENT IN DIE NYWERHEIDSKOOL .....	24
2.3.1	Sorgbehoewende kinders .....	24
2.3.2	Adolescente ontwikkeling met verwysing na die kind in die nywerheidskool .....	24
2.4	DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING .....	36
2.5	SAMEVATTING .....	39

<b>HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN -VERLOOP .....</b>	<b>40</b>
3.1        INLEIDING .....	40
3.2        NAVORSINGSPARADIGMA.....	40
3.3        TEORETIESE RAAMWERK .....	42
3.4        NAVORSINGSONTWERP .....	43
3.4.2 Seleksie van deelnemers.....	44
3.4.3 Plek waar navorsing uitgevoer is .....	45
3.4.4 Data-insamelings- en vasleggingstrategieë .....	45
3.4.5 Data-analise en interpretasie .....	51
3.5        KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA.....	53
3.6        ROL VAN DIE NAVORSER .....	54
3.7        ETIESE OORWEGINGS.....	55
3.8        BEPERKING VAN DIE STUDIE.....	56
3.9        SAMEVATTING .....	56

## HOOFSTUK 4: NAVORSINGSRESULTATE EN LITERATUURKONTROLE .... 57

4.1	AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE DATA- INSAMELING.....	57
4.2	RESULTATE.....	58
4.2.1	Bates geïdentifiseer ter bevordering van die psigo-sosiale ontwikkeling van die adolessent in die nywerheidskool.....	58
4.2.2	Verdere bevindinge wat indirek die adolessent in die nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling bevorder.....	69
4.3	SAMEVATTING .....	71

<b>HOOFTUK 5: OPSOMMING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN</b>	
<b>AANBEVELINGS .....</b>	<b>73</b>
5.1      OPSOMMING VAN DIE STUDIE .....	73
5.2      BEVINDINGE.....	74
5.3      GEVOLGTREKKINGS.....	82
5.4      AANBEVELINGS.....	84
5.5      SLOTOPMERKING.....	86
 <b>BRONNELYS .....</b>	 <b>87</b>

## BYLAE

BYLAAG A: Afskrif van aansoek om toestemming: Skoolhoof.....	95
BYLAAG B: Afskrif van toestemming:	
Gautengse Departement van Onderwys.....	97
BYLAAG C: Afskrif van toestemming deur deelnemers.....	99

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1 Psigo-sosiale ontwikkeling.....	26
Figuur 2 Selfkonsep.....	28

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1 Vergelyking tussen die behoefte-en bate gebasseerde benaderings....	37
Tabel 2 Analise van kwalitatiewe date.....	51
Tabel 3 Strategieë wat gebruik is om die vertroubaarheid van die studie te verhoog.....	54



## HOOFTUK 1

### INLEIDENDE ORIËNTERING TOT DIE STUDIE

#### 1.1 INLEIDING

Risikojeugdiges hou vele implikasies vir enige sosiale sisteem in. Risikojeugdiges verwys onder ander na die kind wat onbeheerbare gedrag soos dwelm- en/of alkoholmisbruik openbaar en kinders wat tot 'n sekere mate met die gereg gebots het ([www.capegateway.gov.za](http://www.capegateway.gov.za)). Sosiologiese-, sielkundige- en biologiese faktore dra by tot hoë risiko gedrag (Gouws, Kruger & Burger, 2000: 183-185) wat vigs wesies en straatkinders veral kwesbaar maak.

Dit word geraam dat daar tans 80 000 kinders onder die ouderdom van 18 jaar in Suid-Afrika is wat hulle moeders verloor het, waarvan die meeste aan HIV/VIGS toegeskryf is (Children's Institute of the University of Cape Town in Freeman, 2004), terwyl straatkinders in Suid-Afrika tussen 10 000 en 20 000 geraam kan word (Louw & Louw, 2007: 361). Statistiek van die Departement van Korrektiewe Dienste (Gallinetti, Kassan & Ehlers, 2006: 114-118) toon dat gedragsafwykings onder kinders aan die toeneem is en dat daar in Maart 2006 'n totaal van 1173 jeugdiges, waarvan 52% verhoorafwagtend, in Suid-Afrika se tronke was.

Risikojeugdiges soos dié word tradisioneel in residensiële versorging, soos nywerheid- en verbeteringskole geplaas met die oog op versorging en rehabilitasie. Sielkundige- en maatskaplike ondersteuning, in die afwesigheid van ouerondersteuning, is 'n noodsaaklike komponent van staatsversorging. Daar is tans 16 nywerheidskole in Suid-Afrika wat daarna streef om die veiligheid, onderwys en ontwikkeling van dié leerders te verseker. Nywerheidskole verskaf verblyf en 'n gestruktureerde program gemik op emosionele steun en leiding van jongmense wat deur die hof na dié skole verwys word (vergelyk [www.diebult.wcape.school.za](http://www.diebult.wcape.school.za)). Leerders wat in terme van die Wet op Kindersorg (Wet 38 van 2005) gekommiteer word na 'n nywerheidskool word hoofsaaklik op grond van emosionele- en/of gedragsprobleme verwys. Die verwysing vind slegs plaas na 'n deeglike ondersoek en verslag deur 'n maatskaplike werker, 'n volledige assessering deur 'n proefbeampte en 'n hofbevel deur 'n Kommissaris van Kindersorg .

Vele ondersoeke is gedurende die afgelope dekade, plaaslik en internasionaal, deur verskeie regeringsdepartemente en privaat organisasies na die omstandighede van risikojeugdiges geloods. Blose (2002) se ondersoek dui op 'n groot tekort aan dienste en 'n wanbalans van spesiale inrigtings vir leerders met gedragsprobleme. In Gauteng is daar slegs twee nywerheidskole (albei vir seuns), terwyl daar geen nywerheidskool vir laerskoolleerders, of vir hoërskoolmeisies is nie – daar is ook nie 'n verbeteringskool vir seuns of meisies nie. Moontlik is dit een van die redes waarom soveel jeugdiges in Gauteng in tronke óf op straathoeke óf in ander obskure plekke huisvesting bekom.

Daar is verder bevind dat dienslewering aan emosionele- en gedragsmoeilike kinders dikwels ontoereikend is in instansies soos plekke van veiligheid, nywerheid- en verbeteringskole (IMC on Young People at Risk, 1996; De Lange, 2003: 4; Parliamentary Monitoring Group, 2003; Gallinetti et.al., 2006: 21-22).

Bogenoemde bevinding het die transformasieproses van die kinder- en jeugsorgstelsel genoodsaak. Verskeie ondersoeke na "development quality assurance" (DQA) is deur die hof gelas en het tot verbeterde toestande inveral nywerheidskole bygedra (Venter, 2005; The Centre for Child Law and Others vs. MEC for Education and Others, 2006; Mentz, 2007: 7). Die evaluering van die omstandighede van risikojeugdiges het ook ondersoeke na die jeugregstelsel ingesluit (Gallinetti et. al, 2006; Munting, 2007). Jeugdiges wat met die gereg gebots het, word hoofsaaklik in aanhouding geplaas terwyl hulle verhoorafwagtend is. Omstandighede in tronke word gekenmerk aan oorbewoning, seksuele wandade tussen volwassenes en kinders, beperkte toegang tot onderwys en opleiding en hoë kinderselfmoordsyfers (Gallinetti et.al., 2006: 21-22; Sickmund, Sladky & Kang, 2004: 1).

Die voorgestelde wetsontwerp in terme van die regstelsel vir kinders (Child Justice Bill, No. 49 of 2002) en die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) moedig die afwenteling van kriminele sake aan. Dit mag daartoe lei dat kinders wat voorheen verhoorafwagtend in tronke sou wees, verwys kan word na programme soos NICRO (National Institute for Crime prevention and the Reintegration of Offenders) óf as sorgbehoewende kind na 'n kinder- en jeugsorgsentrum (nywerheidskole) gekommitteer word. Verskeie aksies is al van stapel gestuur om kinders wat nie ernstige misdade gepleeg het nie, uit instellings soos polisieselle of tronke te hou. Kinders regoor die land word egter steeds aan haglike omstandighede in polisieselle/tronke blootgestel (Oelofse & Pelser, 2003; Adams, 2004; Standerton Advertiser, 2004; Venter, 2004), ten spyte van die feit dat 'n instansie soos die nywerheidskool, betrokke by hierdie studie, tans nie ten volle benut word vir die versorging, opvoeding en onderwys van hierdie jeugdiges nie (Edwards, 2008: 8).

Internasionaal is daar sterk aanduidings dat residensiële sorg nadele sowel as voordele vir risikojeugdiges inhoud (Knorth, Klomp, Van den Bergh & Noom, 2007; McNeish, Newman & Roberts, 2002; O'Kane, 2008; Sickmund et.al., 2004; Taylor, 2006). Indien die Suid-Afrikaanse realiteit - in terme van die hoeveelheid vigswesies, straatkinders en jeugdiges wat verhoorafwagtend in tronke is - in ag geneem word, blyk residensiële sorg ongeag die voor- of nadele 'n gegewe te wees. Met bogenoemde omstandighede in ag genome is 'n fasilitet soos 'n nywerheidskool onontbeerlik om in die kind in nood se behoeftes te voorsien. Alvorens enige vorm van degradering van nywerheidskole plaasvind, sal dit raadsaam wees om eers navorsing te doen oor die dienslewering wat 'n nywerheidskool kan bied aan die jeugdige, om hom/haar enersyds voorkomend en andersyds terapeuties te help om suksesvol in die gemeenskap aan te pas.

Die bate-gebaseerde benadering is hoofsaaklik 'n gemeenskapsgebaseerde benadering wat fokus om die talente, gawes en bevoegdhede van individue, verenigings en plaaslike instansies tot die gemeenskap se voordeel te benut (Kretzmann & McKnight, 1993). Snow (2001: 67) wys daarop dat 'n bate-gebaseerde benadering waardevol is deurdat die identifisering van bates die individu bewus maak van bevoegdhede en vermoëns wat hy nie voorheen raak gesien het nie en sien hy sodoende geleenthede waarvan hy nie bewus was nie. Dit is nodig dat gemeenskappe aangemoedig word om positief te begin dink oor hoe hulle hul vaardighede kan aanwend ten einde geïdentifiseerde behoeftes aan te spreek (Swanepoel, 2002: 78).

Die nywerheidskool met sy unieke uitdagings beskik volgens die bate-gebaseerde benadering oor bepaalde bates en kapasiteite. Hierdie navorsingstudie het gefokus op die identifisering van bates in die nywerheidskoolkonteks wat aangewend kan word ter bevordering van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling, ten einde die waarde van 'n nywerheidskoolplasing uit te lig.

Die uitwysing van die voordele verbonde aan só 'n plasing kan as motivering dien om beskikbare gemeenskapsbronne (nywerheidskole) meer effektiief te benut en sodoende die druk op die huidige ondersteunende infrastruktuur te verlig. Ferreira (2004: 23) sluit hierby aan en vermeld dat: "Following the asset-based approach does ...believe that something good can come from any situation and that there are numerous resources worth utilising, provided one is willing to put the time and effort into exploring and developing them".

## 1.2 RASIONAAL VIR DIE STUDIE

Kinders in alternatiewe sorg is dikwels voorheen blootgestel aan fisiese, emosionele en/of seksuele mishandeling of verwaarlozing of enige kombinasie daarvan (Department for Children, Schools and Families, 2008). Die drie hoof areas van kinderontwikkeling wat deur die verskeie vorme van mishandeling geaffekteer word is emosionele regulering, die ontwikkeling van hegte verhoudings (binding) en die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep (Bentovim in McAuley & Davis, 2009). Volgehoue verwaarlozing hou die moontlikheid van langtermyn gevolge vir kinderontwikkeling in en hou onder andere verband met neuro-ontwiklingsprobleme, kognitiewe vermoëns en akademiese prestasies, emosionele ontwikkeling en ingeperkte sosiale bevoegdhede (Turney & Tanner, 2003). Hieruit blyk dit duidelik dat kinders in alternatiewe sorg se psigo-sosiale ontwikkeling negatief beïnvloed word deur die ontoereikende huislike omstandighede wat daartoe bygedra het dat hulle verwyder is.

Internasionale statistiek duï daarop dat tot 45% van kinders in residensiele sorg met 'n psigopatologiese toestand soos gedragsversteuring, emosionele afwykings (angstigheid of depressie) en/of hiperaktiwiteit gediagnoseer is (McAuley & Davis, 2009). Daar is gevind dat kinders met psigopatologie ander struikelblokke ondervind soos: swak gesondheid, spesiale leerbehoeftes (ten minste 1 jaar agter in hulle intellektuele ontwikkeling), leerprobleme (lees, spel en wiskunde) en gereelde uitsluiting van skool (Meltzer, Gatward, Goodman & Ford, 2000).

Die rasional van die onderhawige studie het ontstaan uit my betrokkenheid by 'n kinderhuis waar risikojeugdiges bogenoemde struikelblokke ervaar. Die omvang van dié struikelblok is van so 'n aard dat kinders wat as gevolg van wangedrag toegang tot onderwys ontneem word, nie langer by die kinderhuis geakkomodeer kan word nie omdat daar nie vir hulle toegang tot hoofstroom onderwys is nie. Hierdie risikojeugdiges word vervolgens na 'n nywerheidskool verwys om die kind 'n verdere geleentheid tot onderrig te bied.

Die toeganklikheid van ondersteunende infrastruktuur ten aansien van hierdie kinders blyk problematies te wees, aangesien toewysings van kinders na 'n nywerheidskool tussen 10-12 maande duur. Sommige kinders word in hulle ouers/voogde se tydelike sorg geplaas in afwagting van 'n toewysing na 'n nywerheidskool, terwyl die kinders sonder heenkome op die kinderhuisperseel aanbly. In beide gevalle word die kinders se omstandighede gekenmerk aan leeglêery wat tot gevolg het dat kinders onder andere by substansmisbruik betrokke raak. Verder kan kinders hulself skuldig maak aan diefstal, om in hulle dwelmbehoeftes te voorsien, terwyl ander dit as opwinding in 'n andersins vervelige daagliks roetine beskou. Die wagperiode van bykans 'n jaar, voordat toewysing na 'n nywerheidskool geskied, indien wel, het dus 'n verdere negatiewe invloed op die sorgbehoewende kind se psigo-sosiale ontwikkeling. 'n Tydige plasing in 'n nywerheidskool kan heel moontlik bogenoemde scenario verhoed, terwyl daar onder andere aandag aan die kind se onderwysbehoeftes gegee kan word.

Om die risikojeugdige by te staan om sy persoonsmoontlikhede te aktualiseer is dit nodig om van verskeie hulpbronne binne en buite die nywerheidskool gebruik te maak. In die konteks van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, is die realiteit dat daar 'n beperkte aantal gespesialiseerde professionele diensverskaffers in die veld is. Daar moet op kreatiewe en optimale wyse gebruik gemaak word van bestaande hulpbronne en kundigheid en die mobilisering van beskikbare gemeenskapshulpbronne (Engelbrecht & Green, 2001: 47). Die bate-gebaseerde benadering fokus op wat beskikbaar is in 'n gemeenskap en is dus 'n gesikte alternatief, indien geen of weinig formele dienste beskikbaar is (Kriek & Elof, 2004: 138). Fasilitering van die bate-gebaseerde benadering kan dus positief benut word om die bates ter ondersteuning van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling in die nywerheidskoolkonteks te verken.

### 1.3 NAVORSINGSVRAAG

#### 1.3.1 Sentrale navorsingsvraag

Hoe kan die bate-gebaseerde benadering aangewend word ten einde leerders in 'n nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling te bevorder?

### **1.3.2 Subvrae**

- Watter bates in die nywerheidskool en breër gemeenskap word reeds gebruik ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling?
- Watter bates in die nywerheidskool en breër gemeenskap is reeds geïdentifiseer, maar word nie benut ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie?
- Watter nuwe bates ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling kan in die nywerheidskool en breër gemeenskap geïdentifiseer en gemobiliseer word?
- Watter bates bied die plasing in 'n nywerheidskool aan 'n sorgbehoewende adolescent in terme van sy psigo-sosiale ontwikkeling?

### **1.4 DOEL VAN DIE STUDIE**

Die doel van die onderhawige studie is om die bate-gebaseerde benadering toe te pas in die ondersoek na die bates wat in die betrokke nywerheidskool en breër gemeenskap beskikbaar is, wat tot voordeel van die risikojeugdiges se psigo-sosiale ontwikkeling aangewend kan word. Hierdeur word gepoog om die toeganklikheid van ondersteunende infrastruktuur vir risikojeugdiges in Gauteng uit te lig.

### **1.5 BEGRIPSVERHELDERING**

#### **1.5.1 Fasilitering**

Ferreira-Prévost (2005) bespreek die fasilitering van groepe aan die hand van sekere vaardighede, houdings en benaderings. Vaardighede waaroer die fasilitateerder moet beskik, kan in twee subkategorieën verdeel word, naamlik: kommunikasie en leierskap. Kommunikasie van 'n gemeenskaplike visie (bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling) en die begeleiding van die groep, is noodsaaklik ten einde te verseker dat die uitruil van idees tussen groepslede gemaklik en doeltreffend plaasvind. Leierskap word vereis ten einde die groep te lei deur die daarstelling van 'n doelwit (identifisering van bates) en ten einde struktuur aan die groepsproses te verskaf. Die fasilitateerder behoort die doelwit deurgaans te benadruk, maar moet ook terselfdertyd buigsaam wees in terme van die proses. Houdings en benaderings waaroer die fasilitateerder behoort te beskik, sluit onder ander in: om terugvoering te gee, identifisering van geleenthede, aktiewe luister, empatie, humor, erkenning en 'n positiewe en ondersteunende houding deur elke groepslid by die proses te betrek.

#### **1.5.2 Psigo-sosiale ontwikkeling**

Psigo-sosiale ontwikkeling verwys na waar daar interaksie tussen individuele sielkundige karaktertrekke en die sosiale konteks is (Donald, Lazarus & Lolwana, 2002: 74). Dit behels ál die dimensies van menslike ontwikkeling, maar veral die persoonlike- en sosiale dimensies

(Engelbrecht & Green, 2001: 109). Persoonlikheidsontwikkeling tydens adolessensie sluit onder andere identiteitsvorming, selfkonsep en emosies in (Louw, Van Ede & Louw, 1998: 429). Sosiale ontwikkeling tydens adolessensie verwys na die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings (ouers en portuur) sowel as om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel, oftewel, morele ontwikkeling (Louw et.al., 1998: 449). Volgens laasgenoemde skrywers is dit belangrik om in gedagte te hou dat al die aspekte van adolessente ontwikkeling, naamlik liggaamlike, seksuele, kognitiewe, persoonlikheids-, sosiale en morele ontwikkeling, binne 'n sosiale konteks plaasvind wat ontwikkeling bevorder of strem.

### **1.5.3 Psigo-sosiale ondersteuning**

Ondersteuning word as sinoniem vir bystand beskou en word definieer as: voorsiening in die behoeftes van ander persone en die verskaffing van gerief, aanmoediging, advies, aanvaarding en goedkeuring aan 'n ander persoon (Plug, Louw, Gouws & Meyer, 2000: 249 en 53). Vanuit bogenoemde begripsomskrywing sal psigo-sosiale ondersteuning by implikasie verwys na enige ervaringe, verhoudings en persoonlike eienskappe (vergelyk Benson, 2006: 3) wat 'n persoon se persoonlikheids- (identiteit, selfkonsep en emosies) sowel as sosiale ontwikkeling (interpersoonlike verhoudings met ouers, portuur, belangrike ander en morele ontwikkeling) bevorder. Ondersteuning aan die kind in die nywerheidskool neem dikwels verskillende vorme aan en word vanuit 'n verskeidenheid dissiplines aangewend. Die onderskeie rolspelers van so 'n ondersteuningsnetwerk, sluit onder ander dié verbonde aan die onderwys, gesondheid, welsyn, arbeidsektor en die gemeenskap in. Die gemeenskaplike doel van hierdie ondersteuningsdienste is om tot die psigo-sosiale ontwikkeling van die leerders by te dra.

### **1.5.4 Nywerheidskool**

Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) is vervang met die Wet op Kindersorg (Wet 38 van 2005) waarin daar voortaan verwys word na "Child and youth care centres". Eersgenoemde wet verwys na die term nywerheid- en verbeteringskool en omskryf dié terme soos volg:

Nywerheidskool beteken 'n skool wat in stand gehou word vir die ontvangs, versorging, onderwys en opleiding van kinders wat daarheen verwys is deur die **Kinderwet, Wet 74 van 1983** soos gewysig of deur die Kriminele Wet, Wet 51 van 1977 soos gewysig. 'n Kind moet deur die Kinderwet as sorgbehoewend verklaar word, voor 'n kind na hierdie residensiële instansie oorgeplaas kan word.

Verbeteringskool beteken 'n skool wat in stand gehou word vir die ontvangs, versorging en opleiding van kinders wat daarheen verwys is deur die **Kriminele Wet, Wet 51 van 1977** soos gewysig **of** deur die **Kinderwet, Wet 74 van 1983** soos gewysig. 'n Verbeteringskool is 'n residensiële instansie waar kinders wat deur 'n regshof gevonnis word, geplaas word.

Jongmense word kragtens die relevante wetgewing na 'n spesifieke skool, volgens spesifieke kriteria verwys.

## 1.6 TEORETIESE RAAMWERK

### 1.6.1 Bate-gebaseerde benadering

Die bate-gebaseerde benadering word beskryf as 'n "bottom-up approach" wat die klem vanaf die verskaffing van dienste na 'n benadering wat gerig is op die bemagtiging van individue en die gemeenskap verskuif (Eloff & Ebersöhn, 2001: 150). Dié benadering word verder gekenmerk aan die feit dat dit deur middel van verhoudings in stand gehou word. "Relationships need to be built and rebuilt between individuals, local associations and institutions through the process of facilitation, based on the strengths and talent of the individuals involved" (Ebersöhn & Eloff, 2003: 10). Sonder menslike hulpbronne is die benadering uiters moeilik aangesien netwerking 'n groot rol in die sukses daarvan speel.

Die sielkundige in die nywerheidskolkonteks is dus nie slegs verantwoordelik om as kundige 'n diens op individuele vlak te lewer nie, maar ook om 'n netwerk van samewerking te fasiliteer waar ander rolspelers bemagtig word om struikelblokke die hoof te bied. Struikelblokke word dus wel erken, maar in plaas daarvan om oorweldig te word daardeur word daar eerder gefokus op die sterkpunte van 'n sisteem en hoe die geïdentifiseerde bates tot die verligting van behoeftes en tekorte aangewend kan word.

Die bevordering van leerders verbonde aan 'n nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling verg samewerking en ondersteuning vanuit verskillende dissiplines. Alhoewel die dienste van 'n sielkundige en maatskaplike werker 'n groot verskil kan maak, beskik 'n nywerheidskool ook oor ander menslike hulpbronne in die vorm van toegewyde personeel wat addisioneel aangewend kan word ter bevordering van die leerders se psigo-sosiale ontwikkeling.

Daar word aanvaar dat informele ondersteuning, en selfs ook informele bates 'n positiewe invloed op die uitkomste van kinders kan uitoefen (Wolery, in Kriek en Eloff, 2004:136). Uit die aard van die samestelling van nywerheidskole, naamlik die afwesigheid van 'n ouerkorps, word ondersteuning van die gemeenskap ook benodig.

Die Search Institute of Minneapolis, Minnesota is 'n internasionale voorstaander in die veld van kinder- en jeugontwikkeling (Benson, 2006). Hulle het bepaal hoe die gemeenskap tot deelname verbind kan word ten einde alle kinders, ongeag hul agtergrond, vermoëns, ras of etnisiteit, sosio-ekonomiese status of ander verskille, in ondersteunende en versorgende gemeenskappe te laat ontwikkel. In plaas daarvan om op 'top-down policies' staat te maak vir verandering of implementering van programme om probleme op te los of te vermy, fokus die Search Institute op die ontwikkeling van bates binne die gemeenskap, gebaseer op wat bekend staan as:

“...Developmental assets, which are forty positive experiences, relationships, and personal qualities that help children and youth avoid risks and move on a path of success and thriving” (Benson, 2006: 3).

Die benutting van bates van bestaande gemeenskapsondersteuningstelsels word ook deur Engelbrecht & Green (2001: 47) beklemtoon. Ebersohn & Elof (2006: 459) lig die ooreenkomste tussen ‘n gemeenskapsgebaseerde benadering tot ondersteuning en die bate-gebaseerde benadering as teoretiese raamwerk uit. Dit ondersteun die navorser se keuse van die bate-gebaseerde benadering ten einde die leerders in die nywerheidsskool te ondersteun. Voorstelle van hoe nywerheidsskole die bate-gebaseerde benadering kan aanwend om kwesbare kinders in vennootskap met gemeenskappe te ondersteun, ondersteun die rasional tot hierdie studie.

‘n Aanname vanuit die bate-gebaseerde benadering is dat alle persone en sisteme beskik oor bates en sterkpunte, sowel as die kapasiteit om hierdie bates te mobiliseer en meer bevoegdheid te verwerf. ‘n Instansie soos die nywerheidsskool wat kinders met emosionele- en gedragsprobleme huisves en onderrig, beskik oor bates wat met die nodige fasilitering geïdentifiseer en in werking gestel kan word.

### 1.7 PARADIGMATIESE PERSPEKTIEF

Die paradigma van waaruit ‘n navorsingstudie onderneem word, verwys na ‘n verwysingsraamwerk, bestaande uit ‘n stel beginsels wat opgesom kan word deur die navorser se ontologie, epistemologie en metodologie (Guba & Lincoln, in Adams, Collair, Oswald & Perold, 2004: 356). Ontologie beskryf die aard van die realiteit wat bestudeer word en wat daaromtrent geleer word (Adams et.al., 2004: 355). Epistemologie verwys na die verhouding wat die navorser met die realiteit het en die pad wat die navorser volg in die soek na die waarheid (Tashakkori & Teddlie, 2003; Babbie & Mouton, 2001). Metodologie word deur De Vos (1998: 241) beskou as die “...know-how or scientific methods and techniques employed to obtain valid knowledge”, met ander woorde die wyses waarop die navorser meer omtrent die wêreldbeskouing van deelnemers kan uitvind.

Die navorsingstudie is vanuit die interpretivistiese paradigma benader, omdat die navorser wil sin maak uit die gevoelens, ervaringe, sosiale situasie of verskynsel soos wat dit in die realiteit voorkom (Terre Blanche & Durrheim, 2002: 127) en bestudeer dit dus in die natuurlike omgewing van die deelnemers (Hancock & Algozzine, 2006: 40). In die geval van die onderhawige navorsingstudie, was die doel om die verskillende perspektiewe van die opvoeders verbonde aan ‘n nywerheidsskool met betrekking tot ondersteuningsdienste ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling, te verken en te begryp (Henning 2004: 3). Interpretivistiese metodologie is interaksioneel en kwalitatief van aard (Terre Blance & Durrheim, 2002).

'n Kwalitatiewe benadering is dus gevvolg aangesien dit die analisering, interpretering en beskrywing van persone se individuele en gesamentlike oortuigings en persepsies behels (McMillan & Schumacher, 2001: 395).

## 1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.8.1 Navorsingsontwerp

As 'n kwalitatiewe studie is daar gebruik gemaak van 'n *gevallestudie* as navorsingsontwerp. 'n Gevallestudie beskik volgens Ritchie & Lewis (2003: 52) en Creswell (1998: 38) oor die volgende kenmerke: die verskynsel word in konteks ondersoek, die studie vind plaas in 'n sisteem, gebonde aan 'n sekere plek en 'n bepaalde tydperk en data word vanuit meer as een bron versamel om by te dra tot 'n gedetailleerde en intensieve beskrywing daarvan. In die navorsingstudie is beoog om bates en hulpbronne ten opsigte van ondersteuningsdienste ten aansien van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling in die nywerheidsskoolkonteks te ondersoek. 'n Gedetailleerde en intensieve beskrywing van die onderwerp is verkry deur opvoeders se perspektiewe met betrekking tot ondersteuningsdienste, deur middel van individuele onderhoude, fokusgroepbesprekings, dokumentasie en observasie te verken.

### 1.8.2 Seleksie van deelnemers

'n Gerieflikheid- en doelgerigtheidsteekproef is in hierdie studie gebruik (Cohen & Manion, 2000: 102). Onderwysers, onderwyseresse, koshuis- en huldienspersoneel is na gelang van hulle beskikbaarheid in terme van hulle werksure/skoolure en -verpligte/aktiwiteite geselekteer, sowel as hulle bereidwilligheid om aan die navorsingstudie deel te neem. Die steekproef wat aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem het, was verteenwoordigend van die skool se personeel deurdat beide manlike en vroulike opvoeders van al die kultuurgroepe wat in die skool verteenwoordig word, betrek is. Agt koshuispersoneel is tydens die eerste fokusgroep betrek, vyf damespersoneel tydens die tweede fokusgroep en 'n gemengde groep van twee mans- en drie damespersoneel is tydens die derde fokusgroep betrek. Vir die individuele onderhoude is die skool- en adjunkhoof betrek.

### 1.8.3 Data-insamelings en vasleggingstrategieë

Meervoudige data-insamelingsmetodes is aangewend om die ervaring van die deelnemers in terme van bates en hulpbronne ter bevordering van die leerders se psigo-sosiale ontwikkeling, binne konteks van die nywerheidsskool te beskryf (Tripodi in De Vos, Strydom, Fouché & Delpot, 2002: 125). Uit die aard van die studie is daar van *interpretivistiese* navorsingsmetodes gebruik gemaak om die opvoeders se ervaring van ondersteuningsdienste vanuit hul standpunt, binne hul natuurlike omgewing te ondersoek en in subjektiewe, menslike terme te beskryf, eerder as deur middel van meting en kwantifisering (Terre Blanche & Durrheim, 2002: 123; De Vos et.al.,

2002: 6; McMillan & Schumacher, 2001: 35). Daar is oor die inhoud en betekenis van die data besin (deur supervisie en observasies aan deelnemers te reflekter) en die data van verskillende bronne is vergelyk ten einde te verseker dat die navorsing "objektief" bly.

Die data-insamelings- en vasleggingstegnieke is aangepas volgens die spesifieke aard van die studie. Data-insameling het aan die hand van twee individuele onderhoude, drie fokusgroepbesprekings, observasie en die gebruik van dokumentasie geskied. Data-vaslegging is uitgevoer deur gebruik te maak van veldnotas, 'n reflektiewe joernaal, oudiomateriaal en kopiëring van dokumentasie (vergelyk Creswell, 2007: 138).

Vir die individuele onderhoude is die skool- en adjunkhoof betrek en die onderhoude is gevoer gedurende tye wat geskik vir die betrokke deelnemers was. Na afloop van die individuele onderhoude is fokusgroepbesprekings gehou. Driekwart van die skool se totale personeelkorps het aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem.

Daar is van die volgende strategieë gebruik gemaak om data te versamel:

- Semi-gestrukteerde onderhoude

Semi-gestrukteerde onderhoude is gebruik om 'n volledige, gedetailleerde beeld te verkry van die opvoeders se persepsie, sienings en ervarings ten opsigte van ondersteuningsdienste in die nywerheidskoolkonteks ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling (Henning, 2004: 75). Die semi-gestrukteerde aard van die onderhoude het aan die hand van 'n onderhoudskedule, wat uit voorafopgestelde temas bestaan het, geskied (vergelyk De Vos et.al., 2005: 296). Sinvolle vrae het bygedra dat die deelnemers data wat verband gehou het met die sentrale- en subnavorsingsvrae voorsien het (Hancock & Algozzine, 2006: 39).

- Fokusgroepbesprekings

Volgens Ritchie en Lewis (2003: 38, 60) word die kombinasie van fokusgroepe en onderhoude dikwels gebruik omdat die twee data-insamelingsmetodes mekaar komplimenteer. Na afloop van die twee individuele onderhoude is gebruik gemaak van drie fokusgroepbesprekings. Eerstens is ondersoek ingestel na watter bates reeds gebruik word in die skool, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie. In fase twee is gefokus op bates in die *gemeenskap* wat reeds gebruik, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie. Die temas wat vanuit die individuele onderhoude en eerste twee fokusgroepbesprekings geïdentifiseer is, is aan die derde fokusgroep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Daar is ook gedurende hierdie fase gekonsentreer op die bates wat 'n nywerheidskoolplasing vir die bevordering van 'n kind se psigo-sosiale ontwikkeling, inhoud.

Daar is deurgaans gepoog om nuwe bates ter bevordering van die leerders se psigo-sosiale ontwikkeling te identifiseer. Die onsekerheid rondom die voortbestaan en toekoms van die skool het egter 'n negatiewe invloed op deelnemers se vermoë om nuwe bates te identifiseer, gehad.

- Dokumentasie

Dokumentasie kan 'n waardevolle bron van inligting wees in kwalitatiewe navorsing. Dit bestaan uit openbare/amptelike-, persoonlike/private dokumente en mediaberigte (Ritchie & Lewis, 2003: 35; Creswell, 2005: 219; De Vos et.al., 2005: 315) wat die volgende insluit: nuusblaale, notules van vergaderings, persoonlike joernale en briewe. Die verskillende vorme van dokumentasie wat as data-insamelingsmetodes tydens die onderhawige kwalitatiewe navorsingstudie gebruik is, sluit in: briewe gerig aan die Gautengse Departement van Onderwys; openbare dokumente (bv. notules van vergaderings; verslae of argiefmateriaal) en mediaberigte.

- Observasie

Observasie vorm 'n belangrike deel van kwalitatiewe navorsing (Spradley in Creswell, 2005: 211). Dit vind deurlopend plaas en is ondersteunend tot die fokusgroepbesprekings gebruik. Vanuit die interpretivistiese benadering is observasies aan die deelnemers voorgehou om te besin oor enige onduidelikhede. Deelnemerobservasies is ook gebruik om waarnemings te verifieer en by te werk (Breakwell, 2000: 227).

- Veldnotas

Babbie & Mouton (2001: 275) beveel aan dat deeglike notas aangaande die omgewing waarin die studie plaasvind en die navorsing se persoonlike observasies ten opsigte van gebeure, gehou word. Die navorsing het veldnotas gemaak om die data te verkry uit die semi-gestrukteerde onderhoude en observasies vas te lê, wat onderskeidelik beskrywend en reflektief van aard was (vergelyk Creswell, 2007: 135).

- Reflektiewe joernaal

Lincoln en Guba (in Cohen et.al., 2002: 312) verwys na die noodsaaklikheid van refleksie. Die feit dat die kwalitatiewe navorsing subjektief betrokke by die navorsingsproses is noodsaak die navorsing om haar eie vooroordele, waardes en persoonlike belangstellings rakende die navorsingsonderwerp te identifiseer (vergelyk Creswell, 2003: 184). 'n Reflektiewe joernaal is deurlopend byderhand gehou sodat die navorsing bewus van haar eie subjektiwiteit en vooroordele kon bly, ten einde die impak wat dit moontlik op die resultate van die navorsingstudie kon hê, te verminder.

#### **1.8.4 Data-analise en interpretasie**

Kwalitatiewe data-analise behels die voorbereiding en organisering van die data (byvoorbeeld transkribering van bandopnames) vir analisering, die redusering van data in temas deur middel van 'n koderingsproses, groepering van kodes in kategorieë en rapportering van data in die vorm van 'n bespreking (Creswell, 2007: 148).

Die analise van data wat deur middel van die onderhoude, fokusgroepe, observasies en dokumentasie ingesamel is, het in die volgende fases soos uiteengesit deur Cresswell (2003: 191-195), geskied.

Fase 1: Die data is georganiseer en deurgegaan om dit te rangskik na gelang van die tipe data. Gesprekke tydens die onderhoude en fokusgroepe is vanaf die kassette verbatim getranskribeer. Nie-verbale kommunikasie en observasies, asook gekopieerde dokumentasie, is in aanmerking geneem.

Fase 2: Die rou data is deurgewerk en daar is oor die inhoud en betekenis besin (deur middel van supervisie) om te bepaal wat die betekenis en bruikbaarheid van die data was. Idees wat na vore gekom het, is aangeteken.

Fase 3: 'n Geskikte koderingstelsel is ontwikkel. Kodering impliseer die organisering van data in dele, voordat daar betekenis aan die verskillende groepe gegee kan word. Temas en kategorieë is geïdentifiseer wat elk met die mees beskrywende term benoem is.

Fase 4: Die koderingsproses is aangewend om die konteks en die deelnemers, asook die kategorie en temas vir analise, in detail te beskryf.

Fase 5: Na aanleiding van die aard van die resultate, is temas met deelnemers geverifieer om seker te maak dat dit die deelnemers se opinies, persepsies en idees weerspieël.

Fase 6: Die data is ná analise, teen die agtergrond van die teoretiese raamwerk, geïnterpreteer.

#### **1.9 ETIESE OORWEGINGS**

Verskeie skrywers (Strydom, 1998: 63-75; Cohen et.al., 2002: 50-63; Mouton, 2001: 238-246; Silverman, 2001: 270-271; Willig, 2001: 18), beklemtoon die etiese oorwegings wat tydens 'n navorsingstudie behoort te geskied. Die volgende etiese navorsingsvereistes en professionele-etiese vereistes van die HPCSA het aandag geniet: ingeligte toestemming, die reg om te onttrek uit die navorsingstudie, vertroulikheid, anonimiteit sowel as vrystelling en publisering van bevindings wat onderhewig aan spesifieke etiese vereistes was.

## 1.10 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Kwalitatiewe navorsing fokus op geloofwaardigheid, toepaslikheid, konstantheid en bevestigbaarheid van die navorsingstudie (Fox, 1998: 19; Lincoln & Guba in De Vos et.al., 2002: 351). Daar is deurgaans gepoog om triangulasie en kristalisasie (McMillan & Schumacher, 2001: 166; Terre Blanche & Durrheim, 2002: 62-63), 'n in-dieptebeskrywing van die konteks waarin die studie plaasgevind het (Terre Blanche, 2002: 63), deelnemerverifikasie (McMillan & Schumacher, 2001: 408; Creswell, 2003: 204) en 'n reflektiewe joernaal (Creswell, 2003: 184) te gebruik om die kwaliteitsversekeringskriteria van die studie na te kom.

## 1.11 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Slegs opvoeders van een instansie is geselecteer om aan die studie deel te neem. Resultate kan dus nie veralgemeen word tot ander soortgelyke instansies nie, omdat hierdie instansie ander karaktereienskappe mag openbaar. Aangesien die deelnemers se kulturele agtergrond en taalgebruik in sommige gevalle van die navorsing sin verskil, is hierdie faktore deurgaans in gedagte gehou. Die navorsing het deurgaans gepoog om deur middel van 'n verskeidenheid data-insamelingstegnieke, etiese oorwegings en die supervisie van 'n studieleier, die geloofwaardigheid van die studie te verhoog. Slegs die onderwysers, onderwyseresse, hulpdiensspan en koshuispersoneel se perspektief rondom ondersteuningsdienste ten aansien van leerders in die nywerheidsskool se psigo-sosiale ontwikkeling, is in hierdie studie bekom en nie dié van die Gautengse Departement van Onderwys, leerders en/of ouers nie. Aanbevelings vir verdere navorsingstudies is in die verband voorgestel. Die situasie waarin opvoeders van die betrokke nywerheidsskool tans verkeer, met betrekking tot die onsekerheid rondom die voortbestaan en toekoms van die skool, het 'n negatiewe invloed op deelnemers se vermoë om nuwe bates te identifiseer, gehad. Reeds benutte en geïdentifiseerde onbenutte bates ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling kon wel vasgestel word.

## 1.12 UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

Die hoofstukindeling is as volg:

**Hoofstuk 1: Inleidende oriëntering** dien as die inleiding, waar die rasional en doel van die studie uitgelig word. 'n Uiteensetting volg oor die navorsingsparadigma, -ontwerp en -metodes wat tydens die studie gebruik sal word. Relevante kernkonsepte word definieer.

**Hoofstuk 2: Literatuurstudie** bevat die teoretiese raamwerk van die betrokke studie asook relevante literatuur wat betrekking het op die navorsingsprobleem.

**Hoofstuk 3: Navorsingsontwerp en -verloop** behels 'n omvattende bespreking van die navorsingsontwerp, metodes van data-insameling, data-analise en data-interpretasie. Eiese maatreëls word verduidelik en beperkinge sal identifiseer en toegelig word.

**Hoofstuk 4: Navorsingsresultate en literatuurkontrole** bied 'n uiteensetting van die analise en interpretasie van resultate. Bevindings sal geïnterpreteer word binne die gekose teoretiese raamwerk, met verwysing na relevante literatuur as literatuurkontrole.

**Hoofstuk 5: Bevindinge en gevolgtrekkings** is 'n opsommende weergawe van die studie en bestaan uit 'n finale bespreking van die bevindinge as antwoord op die navorsingsvrae. Bespreking van gevolgtrekkings en aanbevelings vir toekomstige navorsing sal gemaak word.

## HOOFTUK 2

### PERSPEKTIEF OP DIE ADOLESSENT IN DIE NYWERHEIDSKOOL

#### 2.1 INLEIDING

Die opvoeding van risikojeugdiges in 'n residensiële opset, soos 'n nywerheidskool, vereis 'n besondere opvoedingsopgaaf. Nywerheidskole word benut as 'n hulpbron vir die versorging en steungewing van die fisieke-, intellektuele-, sosiale- en emosionele ontwikkeling van die sorgbehoewende kind. Die term sorgbehoewendheid is in die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) gewysig en sluit onder ander straatkinders en kinders wat afhanglik van substansmiddels en sonder die nodige ondersteuning is, in.

Die voorgestelde wetsontwerp in terme van die regstelsel vir kinders (Child Justice Bill, No. 49 of 2002), maak voorsiening dat kinders wat met die gereg gebots het, onder sekere omstandighede na die kinderhof en as alternatiewe sorg na 'n kinder- en jeugsorgsentrum (voorheen bekend as nywerheidskole) verwys kan word. Hierdie benadering sluit aan by internasionale tendense wat van mening is dat 'n "welfare-based approach" eerder as 'n geharde, strafregtelike reaksie teenoor jeugmisdaad, meer suksesvol is (Taylor, 2006: 185).

Talle sorgbehoewende kinders word egter steeds in tronke aangehou (Gallinetti et.al., 2006: 114-118) of verkeer sonder heenkome op straat (Louw & Louw, 2007: 361), terwyl sekere nywerheidskole in Suid-Afrika nie benut word vir die versorging, opvoeding en onderwys van hierdie jeugdiges nie (Edwards, 2008: 8).

In dié hoofstuk word die unieke funksionering van 'n nywerheidskool bespreek en word daar aandag aan die uitdagings wat dit bied sowel as sterkpunte van 'n nywerheidskool gegee. Daar word verder lig gewerp op ontwikkelingstendense wat adolescentte in gemeen het met verwysing na spesifieke probleme wat mag voorkom, soos dikwels die geval met die adolescent in die nywerheidskoolkonteks is. Die gebruik van die bate-gebaseerde benadering ter bevordering van die sorgbehoewende adolescent se psigo-sosiale ontwikkeling geniet ook aandag.

#### 2.2 DIE UNIEKE FUNKSIONERING VAN 'N NYWERHEIDSKOOL

Voor die nuwe Kinderwet (Wet 38 van 2005) in werking getree het, is 'n leerder met ernstige gedragsprobleme, ingevolge die Wet op Kindersorg (Wet 72 van 1983) na 'n nywerheidskool verwys. Wanneer die leerder se gedragsprobleme egter so ernstig was dat hy nie meer in 'n nywerheidskool kon wees nie, is hy na 'n verbeteringskool oorgeplaas, of ingevolge die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) daarheen gekommiteer.

Die Kinderwet (Wet 38 van 2005) verwys egter nie meer na nywerheid- of verbeteringskole nie, maar verwys slegs na kinder- en jeugsorgsentrums. Residensiële sorg vir risikojeugdiges in Gauteng staan egter steeds bekend as nywerheid- of verbeteringskole, vandaar die gebruik van die term "nywerheidskool" in hierdie studie.

Soos vroeër vermeld kan 'n kind wat met die gereg gebots het, onder sekere omstandighede na die kinderhof verwys word. Sodanige kind kan na alternatiewe sorg byvoorbeeld 'n kinder- en jeugsorgsentrum (voorheen bekend as nywerheidskole) gekommitteer word. Die omstandighede waarna verwys word, sluit onder ander die kind se ouderdom en volwassenheid, opvoedingsvlak, kognitiewe vermoëns, gesins- en omgewingsfaktore, ernstigheid van oortreding (slegs skedule 1 oortredings), die impak op die slagoffer, die belang van die gemeenskap, die waarskynlikheid dat kriminele kapasiteit vasgestel kan word, toepaslikheid van afwenteling, of enige ander relevante faktore, in (Child Justice Bill, 49 of 2002). Indien kriminele kapasiteit nie vasgestel kan word nie, word die kind as sorgbehoewend beskou.

Die misdaad wat gepleeg is, word teen die agtergrond waarteen dit gepleeg is, beskou. Dit kan beteken dat 'n kind wel 'n skedule 1 misdaad gepleeg het, maar nie noodwendig as 'n jeugmisdadiger geklassifiseer kan word nie. Nywerheidskole bly dus hoofsaaklik ingestel op die intensieve sorg en steungewing ten aansien van die fisiese-, intellektuele-, sosiale- en emosionele ontwikkeling van die *sorgbehoewende* kind en nie die geharde jeugmisdadiger nie.

### **2.2.1 Doel van 'n nywerheidskool**

Volgens Bloomquist & Schnell (2002: 195-196) behels residensiële versorging vir risikojeugdiges die verskaffing van geestesgesondheidsdienste aan 'n kind met ernstige gedragsprobleme, terwyl die kind in 'n instansie woonagtig is. Die intervensieprogram is gewoonlik meer intensief as wat andersins die geval sou wees, indien die risikojeugdige nie opgeneem sou word nie. Die doel is om die kind te stabiliseer en so gou as moontlik met die gemeenskap te herenig. Swart (2007: 7) sluit hierby aan en beskryf die nywerheidskool (betrokke by hierdie studie) se hoofdoelstelling as: "Die modifikasie van gedrag en die heropname van 'n leerder in die gemeenskap as 'n verantwoordelike en volwasse persoon." Elke residensiële versorgingseenheid, soos 'n nywerheidskool, benodig riglyne vir die begeleiding van die kind na sinvolle volwassenheid. Om die leerder volgens sy eie tempo tot sy volle potensiaal op te voed en tot fisiese-, intellektuele-, sosiale-, emosionele- en geestelike volwassenheid te begelei.

Spang (2005: 15) stel onder ander dat die taak van die residensiële instansie is om die opvoeding wat die kind in 'n sogenaamde normale gesinslewe sou ontvang het, tydelik te behartig. Sy meen verder dat dit dus belangrik is dat die opvoeding wat die instansie aan die kind bied kwaliteitsgerig sal wees, sodat die kind sy persoonsmoontlikhede meer toereikend kan aktualiseer.

## 2.2.2 Uitdagings in die nywerheidskoolkonteks

Voltydse residensiële versorging is kompleks en rig vele uitdagings aan die personeel van die meeste nywerheidskole. Om na gedragsmoeilike leerders om te sien, rig uiteraard vele uitdagings ten opsigte van die bestuur van leerders se gedrag. Skolastiese probleme kom ook algemeen voor. Herinskakeling van leerders in die gemeenskap, finansiële probleme en die voorgestelde hervormingsproses van die kinder- en jeugsorgstelsel is vername kwessies in die Suid-Afrikaanse konteks, wat dienslewering by nywerheidskole intensiveer. Die uitdagings verbonde aan 'n nywerheidskool geniet vervolgens aandag.

- Bestuur van leerders se gedrag

Risikojeugdiges is bekend vir gedragsprobleme vóór sowel as tydens hulle plasing in residensiële sorg, wat besondere uitdagings aan die personeel in wie se sorg hulle geplaas is, bied (vergelyk Berridge in McNeish & Newman, 2002). Die afskaffing van lyfstraf en opheffing van strafmaatreëls soos isolasie-selle, sonder om opvoeders toe te rus met alternatiewe metodes, het 'n leemte gelaat wat opvoeders hulpeloos laat (Blose, 2002). Little (in Spang, 2005: 37) meen dat "giving staff the information they need to do the job, providing them with skills to interpret children's behaviour, helping them to be clear about what is acceptable in the specific context of a home, and setting boundaries appropriate to the home's objectives were found to be pivotal to better staff morale."

- Onderwysagterstande

Kinders in residensiële sorg het dikwels 'n geskiedenis van skolastiese probleme (Berridge in McNeish & Newman, 2002: 86), wat ook in die nywerheidskoolkonteks 'n negatiewe uitwerking op akademiese prestasies het (Bloomquist & Schnell, 2002: 199). Volgens inligting verkry uit onderhoude met onderwyspersoneel verbonde aan nywerheidskole, is onderwysagterstande geïdentifiseer as een van die grootste uitdagings in die nywerheidskoolkonteks (Blose, 2002: 16).

As gevolg van die lae geletterdheidsvlak van sommige leerders in jeugsorgsentrums, is daar dikwels 'n groot verskil tussen die chronologiese ouerdom en die akademiese vlak ([www.diebult.wcape.school.za](http://www.diebult.wcape.school.za)). Verder gebeur dit dat van die kinders vir lang periodes voor toelating tot die nywerheidskool glad nie skool bygewoon het nie as gevolg van 'n nomadiese bestaan deur hulle ouers, stokkiesdraai of weglopery vanaf die huis of plek van veiligheid (Swart, 2007). Daarom is dit dus nie 'n verrassing dat baie van hierdie kinders onderpresteer op skool nie.

- Herintegrasie van leerders in die gemeenskap

Herinskakeling van leerders in die gemeenskap geskied baie min. Maatskaplike werkers wat met hierdie kinders en hulle gesinne werk, is beperk en die meeste van die tyd oorlaai met werk. Dit manifesteer in swak kommunikasie en 'n tekort aan samewerking tussen die maatskaplike werkers en die nywerheidsskole (Blose, 2002: 22). Die veronderstelling is dat die maatskaplike werker deur rekonstruksiedienste die ouers/voogde begelei en vaardighede laat aanleer dat hulle in staat sal wees om effektief hulle verantwoordelikhede teenoor die kind in die toekoms kan nakom. Die problematiek met die dienslewering deur maatskaplike werkers bemoeilik ook die uitvoering van die bepalings van die Wet op Kindersorg. Swart (2007) meld dat: "Kinder, ouers en die skool se hulpdiensspan se persepsie is dat nywerheidsskole deur maatskaplike werkers as vuilgoedhope beskou word, waar probleme "gedump" en dan daarvan vergeet word".

- Finansiële probleme

Die besondere behoeftes wat versorging in 'n nywerheidsskool verg, stel onder andere hoë finansiële eise. Finansiële bystand deur die Departement van Onderwys blyk vir sommige nywerheidsskole in Suid-Afrika, ver te kort skiet. Befondsing verskil ook drasties van skool tot skool. Selfs instansies met 'n vergelykbare hoeveelheid kinders se begrotings verskil, soos gesien kan word in die R2.8 miljoen wat aan 'n skool in Mpumalanga toegestaan is teenoor 'n skamele R523 000 wat aan die skool betrokke by hierdie studie toegestaan is (Blose, 2002: 23). Die betrokke nywerheidsskool se ontoereikende begroting gee aanleiding tot vele uitdagings, waaronder onderhoud- en instandhoudingsprobleme – soos onvoldoende sekuriteit – wat bepaalde veiligheidsrisiko's en weer ander negatiewe gevolge inhoud (Edwards, 2008: 8).

- Uitdagings spesifiek van toepassing op die nywerheidsskool betrokke by hierdie studie

**Voortbestaan van die skool** – Daar bestaan onsekerheid rondom die voortbestaan en toekoms van dié betrokke nywerheidsskool. Edwards (2008: 8) berig dat volgens die woordvoerder van die onderwysdepartement, verhoed die nuwe Kinderwet die onderwysdepartement om leerders met gedragsprobleme na nywerheid- en/of verbeteringskole te stuur, aangesien dit net as 'n "laaste opsie" gedoen mag word. Daar is al geruime tyd sprake dat die nywerheidsskool, betrokke by hierdie studie, moet toemaak of saamsmelt met die ander nywerheidsskool in Gauteng. Geen redes of spertyd word egter deur die onderwysdepartement verskaf nie. Volgens bogenoemde skrywer het die onsekerheid rondom die voortbestaan en toekoms van die skool, 'n negatiewe invloed op beide personeel en leerders se moraal.

**Onvoldoende en ontoepaslike toewysing/plasing van leerders** – Bogenoemde scenario dra daartoe by dat byna geen leerders meer na dié skool gestuur word nie. Ander leerders word te laat na hierdie skool verwys, omdat dit beskou word as "die laaste opsie". Hierdie kinders was dikwels alreeds aktief by kriminele aktiwiteite betrokke en toon soms erge kriminele gedrag.

Dit blyk dat sommige leerders in die betrokke nywerheidsskool die afgelope aantal jare ernstige patologiese gedrag openbaar. Dit stem ooreen met internasionale literatuur wat bevind dat tot 60% van jeugdiges in residensiële programme geestesprobleme ervaar (Sickmund et.al., 2004).

**Tekort aan mannekrag** – Die onsekerheid rondom die skool se voortbestaan en gepaardgaande finansiële probleme dra by tot 'n tekort aan of 'n beperkte getal professionele personele soos sielkundiges, maatskaplike werkers, onderwyspersoneel en geakkrediteerde kinder- en jeugsorgwerskers. Die stand van sielkundige dienste aan nywerheidsskole in Gauteng wek reeds geruime tyd ernstige kommer (Swart, 2007). Die personeeltekort kortwiek die effektiewe uitvoering van die ontwikkelingsgerigte programme. Banked (in Cocozza & Skowyra, 2000: 4) en Sickmund et.al., (2004) sluit hierby aan deur te vermeld dat baie van die kinders met geestesprobleme in aanhoudingsfasiliteite, nie behandel of ontoereikend hanteer word nie.

### **2.2.3 Sterkpunte in die nywerheidsskoolkonteks**

Afwenteling van kriminele sake, skoolfasiliteite en kwalifikasies van opvoeders blyk plaaslik van die sterkpunte in die nywerheidsskoolkonteks, te wees. Die terapeutiese en opvoedkundige programme wat aangebied word, is ten spyte van die tekort aan mannekrag egter die kragtigste sterkpunte in dié soort skole, internasionaal en plaaslik, aangesien dit daarop gerig is om in die skool se hoofdoelwit te voldoen, naamlik: Die fisieke-, intellektuele-, sosiale-, emosionele- en geestelike begeleiding van die risikojeugdige, met die oog op gedragsmodifikasie en hereniging met die gemeenskap.

- Afwenteling van kriminele sake

Afwenteling van kriminele sake behels dat, in plaas van 'n formele vonnisoplegging deur die kriminele hof, die risikojeugdige gemeenskapsdiens onder leiding van 'n instansie soos NICRO doen. 'n Alternatiewe opsie is om dan in residensiële sorg opgeneem te word. Die rasional is dat 'n groot aantal kinders wat in die kriminele hof verskyn eintlik kinders is met 'n "sorgbehoewende" profiel. Hierdie praktyk stel die kinderhawe in staat om: gemeenskapsdiens onder toesig van 'n ouer/voog in te stel, óf om kinders in nywerheidsskole (waarvan daar meer beskikbaar is) eerder as verbeteringskole of tronke, te plaas (Blose, 2002: 11). Afwenteling van kriminele sake word ook internasionaal gebruik (Cocozza & Skowyra, 2000: 8) en word deur Goldberg (2008: 1-3) beskryf as: "Giving young offenders a choice between enlisting in the program or facing prosecution...it is an extraction of an apology through service".

- Fasiliteite

Verskeie nywerheidsskole wat tans nie oor fasiliteite beskik vir gevonnisse kinders nie, beskik wel oor uitgestrekte landgoed of addisionele kapasiteit wat geoperasionaliseer kan word indien meer finansiële- en/of menslike hulpbronne toeganklik gemaak word (Blose, 2002: 11).

Laasgenoemde skrywer gaan verder deur die nywerheidsskool (betrokke by hierdie studie) uit te sonder as 'n skool met uitgestrekte landgoed wat koste-effektiewe geleenthede skep vir die bou van eenhede vir gevonnisse kinders. Dit beteken dat daar van die bestaande hulpbronne gebruik gemaak kan word eerder as om nuwe fasiliteite op te rig.

- Kwalifikasies van opvoeders

Dit blyk dat daar uiterstek bekwame onderwysers in diens van nywerheidsskole is, sommige met uitmuntende akademiese en professionele kwalifikasies. 'n Ander opvallende eienskap van die skole is die hoeveelheid onderwysers en skoolhoofde wat reeds vir 'n baie lang tydperk in die spesifieke onderwyssisteem is (Blose, 2002: 17).

#### **2.2.4 Programme in die nywerheidsskoolkonteks**

Programme in die nywerheidsskoolkonteks neem verskillende vorme aan en word individueel sowel as in groepsverband aangebied. Soortgelyke komponenete kom in meeste intervensieprogramme voor, soos byvoorbeeld: intensieve gedragsmodifikasie, sosiale vaardighedsopleiding, rekreasieprogramme, bestuur van medikasie, programme gerig op die bevordering van die gesin se funksionering, onderwys- en opleidingsprogramme asook terapeutiese- en hulpdienste (Bloomquist & Schnell, 2002: 197-199; Knorth et.al., 2007; O'Kane, 2008; Sickmund et.al., 2004). Behalwe vir 'n kort bespreking van bovenoemde komponente, sal daar ook aandag aan die rol van die sielkundige in die nywerheidsskoolkonteks, gegee word.

- Gedragsmodifikasie

Intervensies gerig op gedragsmodifikasie skep die geleentheid om die kind se gedrag te rig deur positiewe gedrag soos gehoorsaamheid, volg van reëls, mededeelsaamheid en regverdigheid te versterk en negatiewe gedrag soos aggressie, ongehoorsaamheid en diefstal te verminder (Bloomquist & Schnell, 2002: 199). Die personeel gee aandag aan positiewe gedrag, beperkings en verbetering van negatiewe gedrag en is beskikbaar om met die kinders oor hulle probleme te praat.

Knorth et.al. (2007: 11) sluit hierby aan en noem dat: "Modification refers to the opportunity to learn from an incident". Indien 'n kind homself aan wangedrag skuldig gemaak het, bespreek die personeellid die situasie met die kind, analiseer wat gebeur het en identifiseer die gedagtes en gevoelens wat ontketen is. Dit kan meebring dat die kind insig in sy eie siklus van wangedrag ontwikkel. Wanneer hy te staan kom voor die keuse om liefs positief te reageer, bestaan die moontlikheid om alternatiewe aanvaarbare gedragspatrone aan te leer.

- Sosiale vaardigheidsopleiding

"The social competence model focuses on the balance between the practical, social, and developmental tasks of adolescents and the skills they need to carry out these tasks" (Knorth et.al., 2007: 12). Prosedures wat poog om verskeie areas van die kind se sosiale en emosionele aanpassing te bevorder, sluit opleiding in die volgende areas in (vergelyk Bloomquist & Schnell, 2002: 142; Knorth et.al., 2007: 12): sosiale gedrag, sosiaal-kognitiewe opleiding, emosionele vaardighede en omgewingsgebaseerde strategieë wat die kind se sosio-emosionele ontwikkeling bevorder.

Bloomquist & Schnell (2002: 144) identifiseer die volgende teikenareas:

- verminderung van aggressiewe/ontwrigtende gedrag (byvoorbeeld: skree, stamp en argumementeer);
- verbeter pro-sosiale interaktiewe gedrag (byvoorbeeld: inskakeling by 'n groep, inisiëring van 'n gesprek, deelname aan aktiwiteite, mededeelsaamheid, samewerking, vrae vra en luister);
- verbeter ontoereikende kognisie wat dikwels by kinders met aggressiewe gedrag voorkom en
- verlig gemoedskommelinge en gebrekkige selfbeheersing ten einde emosionele onstabilliteit, impulsiviteit en onakkurate self-evaluering te verminder.

Sodra bogenoemde areas verbeter, behoort die kind se sosiale ontwikkeling in 'n meer normatiewe/veerkragtige wyse te ontplooи.

- Rekreasieprogramme

Rekreasieprogramme kan vir verskillende doeleindes aangewend word, onder andere: sosiale- en persoonlike ontwikkeling, dit verminder die geleentheid vir anti-sosiale gedrag deur interaktiewe aktiwiteite (onder toesig van volwassenes) te voorsien, die ontwikkeling van akademiese- en sosiale vaardighede, kulturele aktiwiteite en die beoefening van sport en kuns (Sickmund et.al., 2004). 'n Belangrike komponent is die kind se blootstelling aan positiewe volwasse- en portuurrolmodelle. Die residensiële instansie poog om die kind te stimuleer, om konstruktiewe tydsbesteding en sosiale bevoegdheid aan te moedig (Knorth et.al., 2007: 11). Laasgenoemde skrywers gaan verder en noem dat konstruktiewe tydsbesteding, vaardighede en selfbeskikkingsreg vereis word en benadruk dat dit aan die adolescent se behoeftte aan opwinding en fisiese aksie moet voldoen. Bloomquist & Schnell (2002: 289) meen dat 'n balans tussen struktuur en buigsaamheid belangrik is tydens rekreasieprogramme, om positiewe verhoudings tussen volwassenes en kinders te bou en uiteindelik 'n gevoel van ondersteuning daar te stel. Dit behels dat personeel aan elke individu se behoeftes moet aandag gee deur unieke behoeftes te erken en elke kind aan te moedig om aan die aktiwiteite deel te neem.



- Bestuur van medikasie

Medikasie word dikwels gebruik in die behandeling van kinders met emosionele- en/of gedragsprobleme. Bloomquist & Schnell (2002: 176-177) verwys na 'n navorsing deur die American Academy of Child and Adolescent Psychiatry, wat bevind het dat stimulantemedikasie toegedien word om simptome soos hiperaktiwiteit, impulsiwiteit en aandaggebrek te beheer. Dit dra by tot die vermindering van aggressie sowel as beter samewerking en gedrag wat dan ook 'n positiewe invloed op portuur- en ouer-kind interaksies asook akademiese produktiwiteit het.

Anti-depressante, gemoedstabiliseerders en in uitsonderlike gevalle, anti-psigotiese medikasie kan toegedien word aan kinders wat geneig is tot labiele gemoed en aggressiewe gedrag. Deur aggressiewe en ontwrigtende gedrag te verminder met behulp van medikasie kan kinders meer toeganklik vir ander intervensies wees. Die regte diagnose, tipe en dosis medikasie asook die monitering van toediening is dus uiters noodsaaklik.

- Onderwys- en opleidingsprogramme

Nywerheidsskole poog om leerders tegemoet te kom deur die aanbieding van formele- sowel as informele onderwys soos vaardigheidsklasse oftewel "learning by doing" (Knorth et.al., 2007:10). Dit bied ook onderwys in die vorm van 'n "oorbruggingskursus" waar gefokus word op 'n heelwat ouer leerder met beperkte geletterdheidsvaardighede. Sodoende word daar gepoog om leeragterstande in te haal en gebeur dit dat bykans ongeletterde leerders vorder, tot waar hulle hulself met basiese lees- en skryfvaardighede kan help. 'n Positiewe punt is dat alle nywerheid- en verbeteringskole dieselfde Uitkomsgebaseerde Onderwys volg as in hoofstroomonderwys (Blose, 2002: 12), wat 'n mate van gestandaardiseerde onderwys verseker en ook die herintegrasie van die jongmense in die gemeenskap bevorder wanneer hulle die instansie verlaat.

Die skoolkurrikulum maak verder voorsiening vir kursusse in VBOO (Volwasse Basiese Onderwys en Opleiding, oftewel die sogenaamde "ABET"). Hierdie kursusse word volgens die behoeftes van die leerders aangepas. Kursusse in 'n aantal nutsbedrywe (byvoorbeeld voorberoepopleidingsvakke) soos naaldwerk, rekenaars, kookkuns, huisbestuur, houtwerk, sveiswerk, bouwerk, steenmakery en verfwerk, word aangebied. Daarbenewens word leerders ook in die Nasionale Intermediére- (NIS) en Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) in Sakestudies onderrig ([www.diebult.wcape.school.za](http://www.diebult.wcape.school.za)).

- Terapeutiese- en hulpdienste

Die terapeutiese- en hulpdienste in 'n nywerheidsskool het ten doel: "Om die leerder op te voed in die atmosfeer van 'n gemeenskap-in-die-klein wat terapeutiese waarde sal hê, vir suksesvolle herinskakeling in die groter gemeenskap" (Swart, 2007).

Voorbeeld van terapeutiese programme is reeds bespreek en sluit ook volgens Knorth et.al. (2007: 11) die volgende in: "...social skills training, conflict management and relaxation, as well as rational-emotive therapy".

Die gedragsproblematiek van die leerders verbonde aan 'n nywerheidskool vereis intensiewe skakeling tussen sielkundiges en ander professionele belanghebbendes. Paneelbesprekings vloei meestal hieruit voort en impliseer 'n legio administratiewe take. Die rol van die sielkundige word vervolgens kortliks weergegee (vergelyk [www.diebult.wcape.school.za](http://www.diebult.wcape.school.za); Swart, 2007):

- Rol van die sielkundige in 'n nywerheidskool:

**Die kind:** Die sielkundige se primêre taak is die assessorering, ontwerp, implementering, monitering en evaluering van individuele ontwikkelingsplanne vir elke leerder. Dit behels intensiewe, individuele terapeutiese ingryping en verantwoordelikhede, motivering tot verandering, studiehulp en -begeleiding, emosionele onderskraging en selfbeeldbouing, selfbeeldversterking, herstel van geloof in die medemens en die lewe self, asook loopbaanbeplanning en voorbereiding vir uitplasing van leerders.

**Die multi-dissiplinêre span:** Beplanning van lewensvaardigheidsprogramme en koördinering van leerderbesprekings tydens weeklikse personeelsamesprekings. Sorg dat daar aan die minum standaarde van sorg, asook aan alle wetlike, etiese en statutêre vereistes voldoen word. Verleen ook bystanddiens oor naweke/vakansies in geval van krisisse.

**Opleiding:** Indiensopleiding en bemagtiging van opvoeders en residensiële personeel; professionele leiding aan ouers, maatskaplike werkers en ander rolspelers; psigo-opvoedkundige navorsing ten einde op hoogte te bly van die jongste tendense; asook die aanbied van werkswinkels/seminare/lesings waar nodig.

**Netwerking:** Koördinering van die psigo-opvoedkundige bronnesentrum en professionele advies vir ander skole/gemeenskap waar relevant. Ouers, eksterne maatskaplike werkers en ander belangrike rolspelers word op 'n gereelde basis by familiekonferensies en gesinsterapie betrek. Koördinering van gemeenskapsorganisasies soos SANCA en inter-departemente skakelings. Die volgende departemente lewer dikwels dienste by nywerheidskole: Korrektiewe Dienste, SAPD, Gesondheid, Maatskaplike Dienste en Justisie en Gemeenskapsveiligheid.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die sielkundige(s) 'n groot rolspeler(s) in die totale bemoeienis, heropvoeding en hulpverlening aan die emosioneel geremde en gedragsproblematiese leerder in 'n nywerheidskool, is. Die versorging van 'n leerder in 'n nywerheidskool kan sy trefkrag, betekenis en doel verloor indien sielkundige dienste afgeskeep word.

## 2.3 DIE ADOLESCENT IN DIE NYWERHEIDSKOOL

Die volgende bespreking fokus op die sorgbehoewende adolescent met ernstige emosionele- en/of gedragsprobleme.

### 2.3.1 Sorgbehoewende kinders

Leerders verbonde aan 'n nywerheidskool, wat volgens artikel 150 van die Wet op Kindersorg (Wet 38 van 2005), as *sorgbehoewend* gedefinieer word, se agtergrond word dikwels gekenmerk deur een of meer van die volgende:

Die kind is verlaat of het geen ouer/voog nie en beskik oor geen sigbare bestaansmiddele nie; openbaar onbeheerbare gedrag wat nie deur sy ouers of die persoon in wie se bewaring hy is, hanteer kan word nie; leef of werk op straat of bedel vir 'n bestaan; is afhanklik van 'n substansmiddel en is sonder enige ondersteuning en hulpverlening vir bogenoemde afhanklikheid; is voorheen uitgebuit of woon in omstandighede wat waarskynlik sy uitbuiting kan veroorsaak of bevorder; woon in of word blootgestel aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad; is in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarloosing en/of is deur sy ouer, voog, familielid of die persoon in wie se bewaring hy is, misbruik, mishandel of opsetlik verwaarloos. 'n Kind wat die slagoffer van kinderarbeid is of 'n kind wat in 'n huis woon waar 'n kind aan die hoof van die huis is, kan ook as sorgbehoewend bevind word.

Bovermelde redes wat kan dien as gronde vir sorgbehoewendheid hou verskeie emosionele implikasies vir die kind in wat aan hierdie omstandighede blootgestel is. Leerders wat in terme van die Wet op Kindersorg gekommitteer word na 'n nywerheidskool word hoofsaaklik op grond van emosionele- en/of gedragsprobleme verwys.

Leerders in die betrokke nywerheidskool is almal adolescentse. Adolescente ondergaan sekere emosionele veranderings vanweë hulle liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling (Louw et.al., 1998: 439). Aangesien daar bepaalde emosionele- en/of gedragsversperrings tot algehele ontwikkeling by dié leerders aanwesig is, bestaan daar in elke nywerheidskool 'n besondere opvoedings- en terapeutiese taak wat outomaties baie druk op ondersteunende infrastruktuur plaas.

### 2.3.2 Adolescente ontwikkeling met verwysing na die kind in die nywerheidskool

Die term 'adolescent' beteken onder andere 'om te groei tot volwassenheid' (Gouws et.al., 2000: 2). Vanuit 'n sielkundige perspektief eindig adolescensie wanneer persone redelik seker van hul identiteit en emosioneel onafhanklik van die ouers is, 'n persoonlike waardestelsel ontwikkel het en in staat is om volwasse vriendskaps- en liefdesverhoudings aan te knoop (Louw et.al., 1998).

Die doel van die volgende bespreking is om ontwikkelingstendense wat adolessente in gemeen het te ondersoek en om lig te werp op spesifieke probleme wat mag voorkom, soos dikwels die geval met die adolescent in die nywerheidskoolkonteks is. 'n Kort beskrywing van die adolessente seun se fisieke- en kognitiewe ontwikkeling volg waarna 'n meer uitgebreide bespreking van die adolescent se psigo-sosiale ontwikkeling sal plaasvind.

### **2.3.2.1 Fisieke ontwikkeling**

Adolessensie word gekenmerk aan verskeie fisieke veranderinge waarby die adolescent moet aanpas en sluit aspekte soos groeiversneling en seksuele ryphrasing in, wat om die beurt 'n emosionele uitwerking op die adolescent mag hê. Aspekte soos vroeë of laat liggaamlike ontwikkeling, aknee en/of gewigstoename mag 'n invloed op die adolescent se ervaring van sy liggaamsbeeld hê wat die adolescent se selfkonsep en persoonlikheidsontwikkeling mag beïnvloed (Louw & Louw, 2007: 285-286).

Adolessente het riglyne nodig rakende higiëne en gesonde eetgewoontes aangesien kinders wat aan voedingstekorte lei meer vatbaar vir siektes is. Fisieke verwaelosing is dikwels 'n bydraende faktor tot die plasing van 'n kind in residensiële sorg. Hierdie kinders kom dikwels uit huishoudings waar daar 'n gebrek aan genoegsame voeding was en waar die kind se voorkoms en higiëne afgeskeep is. Fisieke- sowel as geestes- en sosiale welstand bepaal algemene gesondheid. Du Preez (in Elof & Ebersohn, 2004: 46) noem dat gesondheidsciencie die interaksie tussen fisieke- en geestesgesondheid bestudeer. Volgens gesondheidsciencie kan denke, emosies en gedrag die adolescent se fisieke- sowel as geesteswelstand beïnvloed en is geestesgesondheid daarom baie belangrik vir die fisieke ontwikkeling van die adolescent.

### **2.3.2.2 Kognitiewe ontwikkeling**

Naude, Du Preez & Pretorius (2004: 452) het bevind dat: "...cognitive development is subject to disruption due to external trauma and environmental deprivation. In addition, chronic stress associated with child abuse might result in impaired learning, memory and behavioural difficulties." Du Preez (in Elof & Ebersohn, 2004: 48) ondersteun bogenoemde stelling en verwys na studies wat demonstreer dat: "stress in early life can change the development of multiple neurotransmitter systems and promote alterations in brain regions".


Piper (in Nel, 2005: 23) stel dus tereg dat daar in ag geneem moet word dat die kind in residensiële sorg 'n kognitiewe- en ontwikkelingsagterstand mag hê weens die trauma waardeur die kind is. Spang (2005: 25) sluit hierby aan en verwys na menige skrywers wat daarop wys dat negatiewe emosies 'n uitwerking op die kind se geheue en sy vermoë om aandag te gee, het en dat die kind se psigiese energie dikwels eerder vir selfhandhawing en -beskerming as vir kognitiewe prosesse gebruik word.

Adolescente begin om dinge rondom hulle te bevraagteken, hulle argumenteer oor dinge en begin om hulle eie opinies te vorm. Wanneer daar nie aan die mens se basiese behoeftes, naamlik: om te oorleef, om te behoort, om mag te hê, om vryheid te beleef en om genot te ervaar (Glaser in Engelbrecht & Green, 2001: 230-231) voldoen word nie, kan die kind wat magteloosheid in die nywerheidskool ervaar, vryheid en mag nastreef deur homself skuldig te maak aan ontwrigtende gedrag (byvoorbeeld om alkohol en dwelms te gebruik ten einde die gevoel van magteloosheid te verskans met 'n valse bravade). Indien die skoolervaring geen genot vir die kind inhou nie, sal hy daarom poog om elders genot op te soek deur hom skuldig te maak aan stokkiesdraaiery. Om die kind te betrek by besluitneming rondom leer- en skoolaktiwiteite en om vir hom keuses te verskaf, laat by hom 'n gevoel van persoonlike beheer.

Sonder positiewe betekenisgewing (kognisie), betrokkenheid (motivering) en belewing (emosies) kan 'n persoon nie 'n realistiese selfkonsep, wat weer lei tot positiewe selfaktualisering, vorm nie (Vakdidaktiek, 2002: 17). Betekenisgewing is 'n kognitiewe proses. As die denkproses rasioneel is, sal realistiese betekenisgewing moontlik wees; as die denkproses irrasioneel is, sal onrealistiese betekenisgewing die gevolg wees. Dit kan probleme soos skuldgevoelens, oordrewe eise en angstigheid by leerders veroorsaak. Risikojeugdiges se blootstelling aan ongunstige omstandighede en negatiewe lewenservaringe dra dikwels by tot die ontstaan van irrasionele geloofsoortuigings (vergelyk Bloomquist & Schnell, 2002: 144).

### **2.3.2.3 Psigo-sosiale ontwikkeling**

Psigo-sosiale ontwikkeling word in die ontwikkelingsielkunde as die persoonlikheids- sowel as sosiale ontwikkeling van die mens beskryf (Louw et.al., 1998) (sien Figuur 1). Persoonlikheidsontwikkeling tydens adolesensie behels identiteitsvorming, selfkonsep en emosies. Sosiale ontwikkeling tydens adolesensie verwys na die ontwikkeling van interpersoonlike verhoudings (ouers, ander volwassenes en portuur) sowel as om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel, oftewel, morele ontwikkeling (Louw et.al., 1998: 449).



**Figuur 1 Psigo-sosiale ontwikkeling**

Die ontoereikende opvoedingsklimaat waaraan die kind blootgestel is vóór die plasing in residensiële sorg, het bepaalde implikasies op bogenoemde ontwikkelingsaspekte en word vervolgens bespreek.

- **Persoonlikheidsontwikkeling**

Persoonlikheid is 'n moeilik definieerbare term en word beskryf as: "n Term wat in sy wydste betekenis duï op die geïntegreerde en dinamiese organisasie van 'n individu se psigiese, sosiale, morele en fisiese eienskappe, soos dit in die persoon se wisselwerking met die omgewing en veral met ander persone tot uiting kom" (Plug et.al., 2000: 279). Persoonlikheid ontwikkel dus as 'n resultaat van die interaksie tussen oorerflikheidsfaktore en die omgewing en verwys na 'n persoon se aangebore en aangeleerde responsgewoontes (vergelyk Dollard & Miller, in Plug et.al., 2000: 279). Alhoewel die persoonlikheidseienskappe nie van mekaar geskei kan word nie, sal dit slegs vir die doel van hierdie studie onderskei word vir besprekingsdoeleindes.

Soos vroeër vermeld, behels persoonlikheidsontwikkeling tydens adolessensie die vorming van 'n identiteit, wat ondersteun word deur die selfkonsep en emosionele ervaringe van die adolescent en word vervolgens bespreek.

#### Identiteitsontwikkeling

Identiteitsvorming word beskou as die sentrale ontwikkelingstaak tydens adolessensie en wel as gevolg van ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling (Engelbrecht & Green, 2001: 109). Dit verwys na 'n "journey of self-discovery" waartydens die adolescent soekend is na antwoorde op vrae soos: "Wie is ek?", "Waar kom ek vandaan?" en "Wie/wat wil ek graag word?" (Gulotta et.al. in Engelbrecht & Green, 2001: 109). Getraumatiseerde en mishandelde kinders, soos dikwels die geval met die adolescent in die nywerheidsskool, vind dit moeilik om vas te stel wie hulle is en wie hulle uiteindelik wil wees as gevolg van die negatiewe gevoelens wat hulle teenoor hulself en ander ervaar (Katz, 2004: 121).

Erik Erikson se identiteitsontwikkelingsteorie (vergelyk Louw & Louw, 2007: 309) impliseer dat adolescentte tydens dié stadium moet definieer wie hulle is (selfkonsep), wat vir hulle belangrik is (morele waardes) en watter rigting(s) hulle wil inslaan (doelwitte/strewe na selfaktualisering). Hulle eksperimenteer deur byvoorbeeld verskillende identiteite "uit te toets", deur eindeloze ondersoeke na die self, beroep, ideologieë, fantasering oor rolle en identifikasie met ander persone of heldefigure (Louw et.al., 1998; Gouws et.al., 2000). Engelbrecht & Green (2001: 117) stel dat: "In order to achieve a personal identity, adolescents need positive role models". Benson (2006) sluit hierby aan en beskou positiewe rolmodelle as een van die eksterne ontwikkelingsbates wat kinderontwikkeling bevorder.


Pretorius (1998: 321) wys egter daarop dat stabiele identiteitsfigure dikwels by die kind in residensiële sorg ontbreek. Hierdie kind is sterk onderhewig aan die invloed van die sosiaal ongewenste gedrag van die volwassenes in sy milieu. Sy waardes is dikwels strydig met dié van die breër gemeenskap en as gevolg daarvan beleef hy verwerping. Hierdie gevoel van sosiale isolasie dra by tot gevoelens van frustrasie wat aanleiding gee dat dié kinders dikwels aggressiewe, gewelddadige en destruktiewe gedrag openbaar. Bogenoemde simptome is kenmerkend van baie adolessente in 'n nywerheidskool.

Finestone (in Elof & Ebersöhn 2004: 72) sluit hierby aan deur te meld dat 'n individu se mens- en wêreldbeskouing tesame met die individu se siening van hom/haarself, verband hou met psigo-sosiale ontwikkeling. Wanneer bogenoemde beskouing negatief is, manifesteer 'n kind dikwels met moeilike gedrag en vice versa. Risikojeugdiges se identiteit is daarom kwesbaar en manifesteer dikwels negatief.

Steenberg (in Nel, 2005: 43) is van die veronderstelling dat 'n faal-identiteit, apatie en swak prestasie kan manifesteer as gevolg van 'n gebrek aan lof en erkenning. Dit dra by tot die kind se gevoel van hulpeloosheid en ook die verwagting van mislukking. Aanhoudende mislukking lei tot 'n swak selfkonsep en lae motivering wat 'n bose kringloop veroorsaak. Benson (2006) identifiseer onder andere prestasieverwagtinge en motivering as interne ontwikkelingsbates wat aangemoedig behoort te word ten einde veerkrachtigheid te bevorder. Adolessente in die nywerheidskool kom dikwels uit huise waar die opvoeding mank aan erkenning gegaan het en die jeugdige meer dikwels tereggewys is.

### Selfkonsep

Adolessente se identiteitsontwikkeling oefen 'n invloed op hulle selfkonsep uit. Namate hulle identiteite ontwikkel, sal hulle sienings van hulself dus dienooreenkomsdig verander (Louw et.al., 1998: 438).



**Figuur 2 Selfkonsep**

Selfkonsep verwys na 'n persoon se siening van homself en sluit selfagting ('n persoon se evaluering van homself), selfaanvaarding (indien die persoon sy persoonseienskappe as goed en aanvaarbaar evalueer) en identiteit in (Louw et.al., 1998: 288, 438, 527) (sien Figuur 2). 'n Kind se kennis en begrip van wie hy is en die waarde wat hy aan homself as mens heg, word onder andere deur terugvoer van ander persone in sy omgewing gevorm. Maslow, soos aangehaal deur Maree (in Elof & Ebersohn, 2004: 398), se verwysing na die kind se behoefté aan sukses en selfwaarde is hier ter sprake en Nel (2005: 45) verwys na bevindinge wat daarop duï dat kinders in residensiële sorg ervaar dat hulle vir niemand iets beteken nie, dat hulle hulself nie altyd as waardevolle persone beskou nie en daarom gevoelens van intense minderwaardigheid openbaar.

Die ontwikkeling van selfagting is gewoonlik op drie hoekstene gebou (Newman & Newman, in Louw et.al., 1998: 289):

- die mate waarin die individu voel dat hy die liefde, aanvaarding, ondersteuning en goedkeuring van ander ontvang (hou verband met emosionele behoeftes soos onder die volgende opsikrif bespreek)
- die spesifieke eienskappe en vaardighede waарoor die persoon beskik (hou veral verband met fisieke- en kognitiewe ontwikkeling)
- die mate waarin die persoon die onderskeie aspekte van die self aanvaar, veral wanneer die persoon homself met ander vergelyk (hou verband met interpersoonlike verhoudings soos later in die hoofstuk bespreek)

Faktore soos 'n gebrek aan ouerlike liefde en ondersteuning en 'n gebrek aan betekenisvolle verhoudings kan adolesente se selfkonsep negatief beïnvloed (Louw et.al., 1998: 439). Katz (2004: 123) stel in dié verband: "Children that have been institutionalised as a result of abuse often grapple with the question 'Who am I?'. The inconsistent, unpredictable love and interest of caregivers means that the self is experienced as not very loveable, unworthy and of no great interest." Volgens Pretorius (1998: 321) ervaar die milieugestremde kind gebrekkige emosionele ondersteuning ten opsigte van prestasie en gedrag, hy doen gebrekkige sosiale en kommunikatiewe ervaring op en is gevolglik nie vaardig wat dit betref nie en sy waardes vergelyk negatief met die res van die samelewing. Hierdie kind het daarom dikwels 'n lae selfkonsep as persoon en as leerder wat die kind se skoolprestasie asook sosiale gedrag ongunstig beïnvloed.

Benson (2006) identifiseer onder ander integriteit, eerlikheid en verantwoordelikheid as interne ontwikkelingsbates wat 'n kind se veerkrachtigheid kan bevorder. Kroon (in Nel, 2005: 43) verduidelik dat die kind in residensiële sorg selde by sy ouers geleer het om verantwoordelike besluite te neem nie. Die kind toon die behoefte aan die aanvaarding van verantwoordelikheid, maar het nie die vaardighede vir die uitoefening daarvan nie. Daarom is dit vir die kind in residensiële sorg moeilik om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy dade indien hy oortree het.

Die volgende aanhaling van Joyce Brothers (ongedateer) som die waarde van 'n gesonde selfkonsep op: "'n Individu se selfkonsep is die kern van sy persoonlikheid. Dit affekteer elke aspek van menslike gedrag: die vermoë om te leer, die kapasiteit om te groei en te verander. 'n Sterk positiewe selfbeeld is die beste moontlike voorbereiding vir sukses in die lewe."

### Emosies

Die adolessente-fase word veral gekenmerk deur verhoogde emosionaliteit en emosionele labilititeit wat die gevolg is van die wisselwerking van verskeie fisiese, kognitiewe, affektiewe en sosiale faktore. 'n Belangrike oorsaak van verhoogde emosionaliteit by adolessente ontstaan uit hulle interaksie met en aanpassing by hul omgewing (Monteith et.al. in Vakdidaktiek, 2002: 57). 'n Huislike geskiedenis van persoonlike probleme kan aanleiding gee tot die manifestasie van emosionele versteurings en dra grootliks by tot die oorsake van verhoogde emosionaliteit by die adolescent in residensiële sorg (Fourie, 2004: 37).

Emosionele behoeftes, soos geïdentifiseer deur De Klerk & Le Roux (2003: 12), is algemeen te vinde by kinders van alle ouderdomme, naamlik: beskerming, respek, aanvaarding, om gehoor te word, om verbonde te voel, 'n gevoel van behoort, om uitgedaag te word en om liefgehê te word. Hierdie aspekte sluit nou aan by Maslow, soos aangehaal deur Maree (in Elof & Ebersöhn, 2004: 398) se hiërargie van behoeftes naamlik: fisiologiese behoeftes, behoefte aan sekuriteit en veiligheid, die behoefte aan liefde en 'n gevoel van behoort, behoefte aan sukses en selfwaarde en self-aktualisering of die bereiking van persoonlike doelwitte. Aansluitend hierby noem Pringle (in Nel, 2005: 41-44) dat die kind in residensiële sorg se behoeftes soos liefde en sekuriteit, nuwe ervaringe, verantwoordelikheid, erkenning en om van waarde te wees, om iewers te behoort en iets te besit, die reg op agtergrond en die behoefte aan individualiteit en identiteit, aandag moet kry.

De Klerk & Le Roux (2001: 53) meen dat wanneer bogenoemde aspekte onvervuld bly, dit aanleiding kan gee tot negatiewe gevoelens soos die ontstaan van verwerping wanneer 'n kind 'n gebrek aan erkenning ervaar. Positiewe gevoelens ontstaan weer wanneer emosionele behoeftes wel vervul word. 'n Gevoel van aanvaarding ontstaan wanneer 'n kind goedkeuring beleef byvoorbeeld as gevolg van suksesvolle sosiale verhoudinge. Pringle (in Nel, 2005: 41) ondersteun bogenoemde en stel dit dat wanneer daar nie aan die behoefte aan liefde en sekuriteit voldoen kan word nie, daar sprake van emosionele verlies is, wat tot uiting kom in gebrek aan vordering, weiering tot samewerking en luiheid. Weens verwerping en liefdeloosheid tree gevoelens soos woede, haat en onsensitiwiteit onder andere in. Selfaktualisering is die uiteindelike doel tydens persoonlikheidsontwikkeling en behoort deurgaans deur opvoeders ontwikkel te word. Van der Lith (in Nel, 2005: 45) beweer dat self-verwesenliking van die kind in residensiële sorg bemoeilik word as gevolg van verlies van behoeftebevredigingsvlakte soos veiligheid, liefde, affiliasie, selfagting en aanvaarding wat nie toereikend vervul word nie.

Om te dien as faciliteerde van die adolescent se persoonlikheidsontwikkeling behoort volwassenes die volgende na te streef: verbaliseer emosies; toon 'n sin vir humor; gee geleentheid om te huil en ondersteun die adolescent indien hy huil; gee geleentheid om ontslae te raak van opgeboude emosies deur middel van fisiese aktiwiteite; toon ware belangstelling in die adolescent; aanvaar, prys, vertrou en beskou elke adolescent as 'n waardevolle persoon; wees bereid om op persoonlikevlak met die adolescent om te gaan; bou positiewe interpersoonlike verhoudings deur liefdevol, warm en konsidererend op te tree; toon begrip vir die adolescent se probleme; wees empaties; waak daarteen om 'n spanningsvolle en vyandige omgewing te skep (Gouws et.al., 2000: 88 en 97). Die sorgbehoewende adolescent in die nywerheidsskool het dikwels voor sy plasing in residensiële sorg, 'n tekort aan bogenoemde aspekte gehad.

- **Sosiale ontwikkeling**

Die betekenis wat aan 'n verhouding geheg word, laat sekere emosies soos liefde, sorg, respek en vertroue ontstaan, wat stabiliserend inwerk op die verhouding en 'n ideale opvoedingsklimaat skep. Aan die ander kant kan negatiewe gevoelens soos minderwaardigheid en onsekerheid, onstabilliteit in verhoudings met betekenisvolle ander mense, idees, die self en God (Opperwese) veroorsaak (Vakdidaktiek, 2002: 17). Dit is dus nodig om aandag aan die adolescent se verhoudings hetsy met sy ouers, belangrike ander en die portuurgroep te skenk, ten einde die invloed daarvan op sy gedrag te verstaan.

#### Verhoudings met ouers

Betekenisvolle veranderinge in die ouer-adolessente verhouding word onder andere gekenmerk deur: distansiëring, 'n strewe na onafhanklikheid en identiteitsontwikkeling wat alles kan bydra tot konflik (vergelyk Louw & Louw, 2007: 326). Die adolescent raak meer betrokke by sy vriende en minder by sy ouers, hy bevraagteken reëls en regulasies wat deur ouers neergelê word, wat wys op sy toenemende strewe om self besluite te neem en die verantwoordelikheid vir die gevolge te dra. Dit blyk duidelik dat die adolescent se ontwikkeling in terme van identiteit, selfkonsep en emosies 'n bepaalde invloed op ouer-kind verhoudings het.

Benson (2006) erken gesinsondersteuning, positiewe -kommunikasie en ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite as eksterne ontwikkelingsbates wat die adolescent kan bystaan in sy sosiale ontwikkeling. Gouws et.al. (2000: 68) sluit hierby aan en identifiseer ouerlike belangstelling, begrip, aanvaarding, goedkeuring en vertroue tesame met 'n vriendelike en warm huislike atmosfeer met gepaardgaande dissipline en leiding as noodsaaklike aspekte vir gesonde adolescentontwikkeling.

Kenmerkend van sorgbehoewende kinders se familie-agtergrond is: beperkte/geen belangstelling van ouers, gedurige ouerkonflik wat dikwels lei tot geweld, sosiale isolasie as gevolg van mishandeling of psigiese probleme (vergelyk Geldard & Geldard, 2001: 24-29). Laasgenoemde toestande wat met disintegrasie van gesinne gepaardgaan, het ook 'n invloed op die psigo-sosiale ontwikkeling van die adolescent in die nywerheidsskool, aangesien dié adolescent homself as 'anders' in vergelyking met ander adolescentse wat uit stabiele huishoudings kom, sien.

Parker & Benson (2004) het bevind dat onvoldoende ouerondersteuning verband hou met 'n groter behoefté aan aanvaarding deur die portuurgroep, wat lei tot groepsdruk en uiteindelik substansmisbruik en wangedrag tot gevolg het. Die implikasies hiervan is veral ernstig vir die adolescent in die nywerheidsskool wat dikwels voel dat hy deur sy ouers verwerp word en betrokke raak by antisosiale gedrag in 'n poging om die verwerping deur sy ouers, te verstaan (Levine, in Fourie, 2004: 54). Gouws et.al. (2000: 69) sluit hierby aan en noem dat sonder die nodige morele en emosionele ondersteuning van hulle ouers kan adolescentse se skoolwerk daaronder lei, kan hulle 'n lae selfbeeld hê, swak sosiale ordeel toon en anti-sosiale gedrag openbaar. Hierdie eienskappe is kenmerkend van baie kinders in residensiële sorg, soos adolescentse in 'n nywerheidsskool, wat meebring dat kinders verwerp, onseker en/of kwaad voel (Katz, 2004: 93).

#### Verhoudings met belangrike ander

Adolescentse se verhoudings met belangrike ander soos onderwysers moet nie onderskat word nie. Galbo (in Gouws et.al., 2000: 75) meen indien die verhouding tussen adolescent en onderwyser persoonlik is en hulle tree toe tot diep en uitgebreide kommunikasie, kan onderwysers dien as positiewe rolmodelle en kan hulle die adolescent se identiteitsontwikkeling, selfkonsep en doelwitte beïnvloed.

Aansluitend hierby noem Benson (2006) dat die volgende eksterne ontwikkelingsbates die adolescent kan bystaan in sy sosiale ontwikkeling: verhoudings met ander volwassenes, 'n ondersteunende gemeenskap/buurt en skoolomgewing wat erkenning, aanvaarding en waardering vir die kind weerspieël. Hierdie ontwikkelingsbates kan geskied aan die hand van kreatiewe- en buitemuurse aktiwiteite sowel as positiewe tydsbesteding onder toesig van 'n volwassene (tuis of in die gemeenskap). Die aktiwiteite behoort aangebied te word met die nodige struktuur en begeleiding om tegelyketyd die adolescent se morele ontwikkeling positief te beïnvloed.

Die mentorsisteem, Big Brother Big Sister (BBBS) blyk internasionaal sowel as plaaslik 'n populêre vorm van gemeenskapsintervensie vir risikojeugdiges te wees (Bloomquist & Schnell, 2002: 280). BBBS is 'n instansie wat voorsiening maak dat 'n volwassene en kind saam groepeer word om op gereelde basis aktiwiteite saam te doen.

Dit is gebaseer op die veronderstelling dat 'n ondersteunende verhouding met 'n volwassene wat omgee, gesonde ontwikkeling van kinders bevorder. Engelbrecht & Green (2001: 227) verwys na navorsing wat dié aanname ondersteun en stel dat: "...learners can cope with considerable stress if there is just one person they know who values them and believes in them". Wat die ontwikkeling van só 'n mentor-leerder-verhouding betref, word die skep van 'n vertrouensverhouding as van besondere belang beskou. Indien die mentor onbetroubaar is, slegs op 'n wisselvallige wyse beskikbaar is, onvoorspelbaar optree of sy beloftes verbreek, word meer skade as goed gedoen omdat dit waarskynlik die adolescent (in die nywerheidskool) se moontlik reeds bestaande negatiewe persepsie van volwassenes, kan versterk (vergelyk Vakdidaktiek, 2002: 33).

Jekielek, Moore & Hair (2002: 12) identifisier die volgende as positiewe uitkomstes van mentorprogramme: liefde, 'n sterk band met 'n volwassene wat omgee, dissipline, positiewe rolmodelle, prestasieverwagtinge, ondersteuning in akademiese vaardighede, opleiding in sosiale- en lewensvaardighede, morele waardes, verantwoordelikhedsin, sterk karakter, gemeenskapsondersteuning en toekomstige geleenthede. Adolescente in residensiële sorg, soos 'n nywerheidskool, het nie noodwendig 'n 'mentor' wat hulle help om keuses en besluite te neem nie (Fourie, 2004: 36).

Suksesvolle samewerking tussen 'n residensiële instansie en vrywilligers uit die gemeenskap vereis goede organisering. Dit beteken dat daar vaste geskrewe voornemens van die betrokke partye moet wees, dat die doelstellings vir elke deelnemer duidelik uiteengesit en hulle onderskeie rolle duidelik gedefineer sal wees. Indiensopleiding behoort, indien nodig, beskikbaar te wees om die deelnemers toe te rus vir die take waarvoor hulle hul ingelaat het (vergelyk Bloomquist & Schnell, 2002: 284; Vakdidaktiek, 2002: 33).

### Verhoudings met portuurgroep

Vriendskaps- en romantiese verhoudings neem toe tydens adolescentie en sodoende vervul die portuurgroep 'n belangrike rol in die sosialisering van die adolescent. Die portuurgroep verrig onder andere die volgende funksies (Gouws et.al., 2000: 76-77): dien as 'n bron van terugvoer rakende persoonlikheid, voorkoms en gedrag wat om die beurt bydra tot die vorming van 'n persoonlike identiteit; aanvaarding en ondersteuning wat dikwels in kontras met die kritiek en afkeur van ouers en ander volwassenes is; dien as verwysingsraamwerk en bied die geleentheid om met nuwe gedrag te eksperimenteer; bied geleentheid om in aanraking te kom en beter bekend te raak met verskillende groepe mense tydens ontspanningsaktiwiteite, wat tergelykertyd bydra tot konstruktiewe tydsbesteding.

Knorth et.al. (2007: 11) verwys na navorsing wat daarop wys dat adolessente uitermatig sensitiief vir die opinie van hulle portuur is en dat hulle selfrespek gewortel is in die aanvaarding van hulle portuur. Die behoefté om aanvaar te word verhoog die adolessent se motivering om te konformeer met die portuurgroep se waardes, norme en gebruikte.

Positiewe sowel as negatiewe konformering kan plaasvind. Negatiewe konformering kom veral by adolessente voor wie se ouerhuis 'n leemte laat as gevolg van onbetrokkenheid. Donald et.al., (2002: 224) sluit by bogenoemde stelling aan en noem dat die portuurgroep 'n kragtige uitwerking op die adolessent se ontwikkeling kan hê, veral: "...in contexts of social disadvantage where the social support offered by the peer group may have to make up for the lack of family support".

Andersyds beskryf Knorth et.al. (2007: 11) hoe die portuurgroep aangewend kan word om die gedrag van risikojeugdiges in residensiële sorg, positief te beïnvloed. Hierdie programme is gebaseer op die idee dat jeugdiges se gedrag ontvanklik vir groepsdruk is. Die aanname bestaan dat die gedrag van 'n individu bevorder kan word deur die portuurkultuur positief te beïnvloed.

Die sosiale bevoegdheidskategorie van Benson (2006) skakel by dié aspek van sosiale ontwikkeling van die adolessent in en bestaan uit: interpersoonlike vaardighede, kulturele bevoegdheid en weerstandsvaardighede.

### Morele ontwikkeling

Morele ontwikkeling is 'n refleksie van die wyse waarop persone leer om tussen reg en verkeerd te onderskei. Waardes en norme is nie oorflak nie, dit word deur opvoeding verwerf (Gouws et al., 2000: 101). Die familie, portuurgroep en skool speel elk 'n bepaalde rol in die adolessent se morele ontwikkeling en word vervolgens kortliks bespreek.

#### *- Die rol van die familie in morele ontwikkeling*

"The home is where they (children) form their concepts of ...responsibility, choices, and freedom" (Cloud & Townsend, 1998: 40). Geldard & Geldard (2001: 16-17) sluit hierby aan en meld dat die gesin die primêre bron van die kind se emosionele, intellektuele en fisiese omgewing is. Hierdie omgewing sal 'n impak hê op die kind se wêreldbeskouing later in sy lewe en die kind se vermoë om uitdagings wat op sy pad kom te hanteer. Indien die kind gekoester, liefgehê en vertrou word, leer die kind om ander te konsidereer. In 'n vyandige, verwerpte omgewing, is die kind geneig om te identifiseer met die aggressiewe persoon en neem hy die antisosiale eienskappe van die gevreesde ouer aan (Gouws et.al., 2000: 106-107).

Indien die adolescent sy ouer as rolmodel beskou, is die kans groot dat hulle geruime tyd in mekaar se geselskap sal deurbring wat 'n geleentheid vir kommunikasie rondom waardes en norme sal bied. Die ontwikkeling van die adolescent in residensiële sorg se waardestelsel kan problematies wees aangesien die adolescent deur die loop van sy lewe aan meer as een waardestelsel blootgestel is naamlik die waardes, reëls en regulasies van die instansie teenoor die waardes van sy ouers.

- *Die rol van die portuurgroep in morele ontwikkeling*

Die portuurgroep het 'n groot invloed op die ontwikkeling van 'n adolescent se waardesisteem. Soos vroeër bespreek, pas adolescente dikwels by die groep se standarde aan om aanvaar te word, veral waar daar min ouerlike beïnvloeding is. Hulle rig hulself tot die portuurgroep in reaksie op ouerlike verwaeling en verwerping. Die adolescente wat deur afwykende morele waardes omring is (byvoorbeeld in die vorm van negatiewe portuurinteraksie), kan self afwykend begin optree as gevolg van die invloede vanuit die omgewing (Gouws et. al., 2000: 109).

- *Die rol van die skool in morele ontwikkeling*

Benewens die feit dat onderwysers as rolmodelle optree, kan onderwysers ook geleenthede skep vir morele ontwikkeling tydens klasopdragte, deur besprekings en deelname aan te moedig oor morele kwessies (Gouws et. al., 2000: 114). Kinders kan volgens Cloud & Townsend (1998: 41-44) op drie wyses geleer word om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, naamlik: onderrig, modellering en internalisering.

Onderrig verwys daarna dat die kind moet verstaan dat hy verantwoordelik vir sy gedrag is. Modellering verskil van onderrig deurdat dit verwys na: "...boundaries that are 'caught' more than they are 'taught'. Die skrywers noem dat modellering deurlopend plaasvind en dus enige tyd wat die kind in sig- en/of hoorafstand is, geskied. Onderrig en modellering word deur die kind geïnternaliseer en manifsteer in sy gedrag. Die opvoeders in 'n nywerheidskool kan dus bydra tot die adolescent se morele ontwikkeling deur die voorbeeld wat hulle stel.

Knorth et.al. (2007: 9) is van mening dat die alledaagse bestaan van die kind in residensiële sorg, die kruks van terapie behoort te wees, waar: "...the focus is on handling everyday situations in such a way that the adolescent can use them as a basis for development". Benson (2006) se kategorie van ontwikkelingsbates wat verwys na gesins-, skool- en buurtgrense, volwasse rolmodelle en positiewe portuurinteraksie skakel in by morele ontwikkeling.

#### **2.3.2.4 Religieuse ontwikkeling**

Net soos morele waardes is religieuse sienings nie oorfliek nie, maar is dit die uitkoms van wat die adolescent vanuit ervaring en instruksie leer. Geloof verskaf hoop en vertroue waaraan adolescentte tydens tye van onsekerheid kan vashou. Daarom benodig elke adolescent 'n geloof wat persoonlik en betekenisvol vir hom as individu is (Gouws et. al., 2000: 118-119). Ernstige morele kwessies rondom dwelms, seks, misdaad en godsdienst konfronteer adolescentte daagliks. Die adolescentte in 'n nywerheidskool benodig veral begeleiding deur volwassenes om vir hulle 'n weg te baan in 'n vinnig veranderde en komplekse wêreld.

Daar blyk telkens tydens adolescentte-ontwikkeling na die invloed van opvoeding verwys te word, wat daarop duif dat adolescentte-ontwikkeling gerig en gewysig kan word deur betrokke volwassenes. 'n Sterk band met ten minste een volwassene wat omgee, betrokkenheid by konstruktiewe aktiwiteite en toegang tot goeie skole, word deur Durlak, Wenar & Kerig (in Elof & Ebersohn, 2004: 73) beskou as kenmerke waaraan veerkrachtige kinders se omgewing uitgeken kan word, terwyl 'n positiewe selfkonsep en goeie interpersoonlike vaardighede van die persoonlike karaktertrekke is wat algemeen gevind word by veerkrachtige leerders en te alle tye nagestreef behoort te word.

Om die risikojeugdige met sy besondere ontwikkelingsbehoeftes by te staan is dit sinvol om aandag te skenk aan die beskikbare bates in die nywerheidskoolkonteks. Die bate-gebaseerde benadering sal vervolgens bespreek word.

### **2.4 DIE BATE-GEBASEERDE BENADERING**

Kretzmann & McKnight (1993: 7) word beskou as die vaders van die bate-gebaseerde benadering en omskryf die begrip soos volg:

"The asset-based approach is a bottom-up approach that shifts the emphasis from a services perspective to an empowerment perspective. It implicates a shift away from a mentality of professional dominance to one in which collaboration, dynamic partnerships and participation are emphasised and practised".

Bogenoemde skrywers verwys na twee rigtings wat die helpende professie tydens gemeenskapsontwikkeling kan volg: die tradisionele, behoeftebaseerde- versus die alternatiewe, kapasiteitsgerigte benadering. Die tradisionele, behoeftebaseerde benadering fokus op 'n gemeenskap se tekorte en probleme waar die professionele diensverskaffer as die kundige beskou word wat probleme oplos en sodoende 'n siklus van afhanklikheid skep (Eloff, 2003: 5). Die bate-gebaseerde benadering, soos beskryf deur Kretzmann & McKnight (1993: 148) fokus op 'n sosiale sisteem se bates en bekwaamhede en is gerig op kapasiteitsbou.



Smith (2001: 31) verwys na kapasiteitsbou as 'n proses waartydens daar saam met 'n gemeenskap gewerk word om die behoeftes sowel as sterkpunte te identifiseer en om vas te stel hoe die sterkpunte aangewend kan word om die leemtes te vul. Die fasilitering van die fokusgroepbesprekings was daarom gemik op die identifisering van bates wat aangewend kan word ter bevordering van die ontwikkelingsbehoeftes van die adolescent in die nywerheidsskool. Tabel 1 dui aan hoe die bate-gebaseerde benadering vergelyk met die tradisionele behoeftebenadering (vergelyk Ebersohn & Elof, 2003: 12):

**Tabel 1 – Vergelyking tussen die behoefte- en bate gebaseerde benaderings**

VERGELYKING TUSSEN DIE BEHOEFTE- EN BATE-GEBASEERDE BENADERINGS			
BEHOEFTE-GEBASEERDE BENADERING		BATE-GEBASEERDE BENADERING	
<b>Ontologie</b>			
- Bestuur van leerdergedrag - Onderwysagterstande - Herintegrasie van leerders in die gemeenskap - Finansiële probleme - Onsekerheid t.o.v. voortbestaan en toekoms van skool - Onvoldoende/ontoepaslike toewysing/plasings - Tekort aan mannekrag	<b>Fokus op behoeftes</b>	<b>Fokus op bates</b>	- Afwenteling van kriminele sake - Toereikende fasilitete - Kwalifikasies van opvoeders - Gedragsmodifikasie - Sosiale vaardighedsopleiding - Rekreasieprogramme - Bestuur van medikasie - Onderwys- en opleidingsprogramme - Terapeutiese- en hulpdienste
<b>Professionele persone</b>			
1 Sielkundige & 1 Maatskaplike werker wat poog om in isolasie dienste ten opsigte van fisiese, intellektuele, sosiale, emosionele en religieuse ontwikkeling aan te spreek	<b>Lewer dienste &amp; Tree op as Kundiges</b>	<b>Verbind kliënte met dienste &amp; Netwerk</b>	Koördinering van gemeenskapsorganisasies soos SANCA en inter-departemente skekelings bv. SAPD, Gesondheid, Maatskaplike Dienste, Justisie en Gemeenskapsveiligheid.
<b>Dienste</b>			
Om afhanglik te wees van die onderwysdepartement se implementering van ondersteuningsprogramme	<b>Siklus van afhanglikheid</b>	<b>Siklus van bemagtiging</b>	Om self by te dra tot verbeterde omstandighede binne die nywerheidsskool deur beskikbare bates te gebruik
<b>Kliënte</b>			
Distrik, Proviniale en Nasionale Bestuurders bevind hulleself dikwels in 'n posisie waar hulle nie in staat is om duidelike leierskap, ingeligte ondersteuning en mentorskap te verskaf aan nywerheidsskole nie (Blose, 2002: 16)	<b>Afhanklik van kundige se kennis</b>	<b>Kundige van eie situasie</b>	Hoofde en professionele persone in nywerheidsskole het dikwels meer kundigheid en ervaring in dié veld as Distrik, Proviniale en Nasionale Bestuurders (Blose, 2002: 16)

Die bate-gebaseerde benadering as alternatief tot die behoefté-gebaseerde benadering geniet toenemende voorkeur in die sosiale wetenskappe soos duidelik uit die volgende stelling blyk: "...looking at strengths rather than deficits, opportunities rather than risks, assets of the developmental stage rather than liabilities is slowly becoming an increasing presence in the psychotherapy, education, and parenting literature" (Roberts, Brown, Johnson & Reinke, 2002: 664).

Ebersöhn & Eloff (2003: 10) lig die volgende hoofeienskappe van die bate-gebaseerde benadering as alternatief tot die behoefté-gebaseerde benadering uit:

- 'n sterk fokus op sterkpunte en bevoegdhede;
- 'n geloof in die teenwoordigheid van sterkpunte en bevoegdhede;
- bevoegdheid en selfbeskikking;
- beklemtoning van die skep van netwerke en bou van verhoudings;
- werk met dit wat beskikbaar is;
- dinamiese samewerking en vennootskappe;
- intrinsieke kreatiwiteit, beheer en mag.

Kretzmann & McKnight (1993) som die bate-gebaseerde benadering in drie karaktertrekke op, naamlik: "It is a community-building path which is asset-based, internally focused and relationship driven".

Die Gautengse Onderwysdepartement is van die veronderstelling dat nywerheidsskole slegs as "laaste opsie" in die hantering van risikojeugdiges beskou behoort te word (Edwards, 2008: 8). Dié uitkyk impliseer dat daar hoofsaaklik op die tekortkominge en probleme van alternatiewe sorg gefokus word. Soos hierdie hoofstuk uitgelig het, beskik nywerheidsskole oor bepaalde uitdagings maar ook sterkpunte. Volgens die bate-gebaseerde benadering word struikelblokke wel erken, maar in plaas daarvan om oorweldig te word daardeur, word daar eerder gefokus op die sterkpunte van 'n sisteem en hoe die geïdentifiseerde bates aangewend kan word tot die verligting van behoeftes en tekorte (Ebersöhn & Eloff, 2003).

Die benadering om risikojeugdiges in hul onderskeie gemeenskappe aan terapeutiese intervensies te onderwerp, in plaas daarvan om hulle na 'n nywerheidsskool te verwys, is idealisties, maar blyk nie altyd moontlik in die geval van verhoorafwagtende- of straatkinders te wees nie. Om die risikojeugdige by te staan om sy vermoëns te aktualiseer is dit nodig om van hulpbronne in die nywerheidsskool gebruik te maak. Die bate-gebaseerde benadering kan opvoeders bemagtig om bestaande bates in die nywerheidsskoolkonteks te identifiseer ten einde dit aan te wend ter bevordering van die adolescent se psigo-sosiale ontwikkeling.

## 2.5 SAMEVATTING

Die unieke funksionering van 'n nywerheidskool, in ag genome die uitdagings sowel as die sterkpunte is in die hoofstuk bespreek. Alhoewel die uitdagings verbonde aan die nywerheidskoolkonteks oorweldigend kan wees, blyk daar steeds 'n groot aantal bates in die nywerheidskool te wees. Hierdie bates hou bepaalde voordele vir die adolescent in die nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling in, soos uitgelig deur die gebruik van die bate-gebaseerde benadering. Die geïdentifiseerde bates, vanuit die literatuuroorsig, blyk 'n positiewe invloed op die sorgbehoewende adolescent se identiteitsontwikkeling, selfkonsep, emosies, interpersoonlike verhoudinge en morele ontwikkeling te hê. Dit blyk dus vanuit bogenoemde bespreking dat daar waarde in die bate-gebaseerde benadering ter bevordering van die psigo-sosiale ontwikkeling van die leerder in die nywerheidskool is.



## HOOFTUK 3

### NAVORSINGSONTWERP EN -VERLOOP

#### 3.1 INLEIDING

Die hoofstuk is daarop gerig om die navorsingsproses toe te lig deur aandag te skenk aan die verwysingsraamwerk waaruit die navorsingsvraag bestudeer is, asook die wyse waarop die navorser meer daaromtrent uitgevind het. Die wyse van data-insameling, -analise en interpretering sal verduidelik word en die geldigheid en vertroubaarheid van die navorsing sal aangespreek word deur te verwys na die geloofwaardigheid, toepaslikheid, konstantheid en bevestigbaarheid van die navorsingstudie. Die rol van die navorser, etiese oorwegings en beperkinge van die studie sal ook in hierdie hoofstuk aandag geniet.

#### 3.2 NAVORSINGSPARADIGMA

Die paradigma van waaruit 'n navorsingstudie onderneem word, verwys na 'n verwysingsraamwerk, wat opgesom kan word deur die navorser se ontologie, epistemologie en metodologie (Guba & Lincoln, in Adams et.al., 2004: 356). Die navorsingstudie berus op 'n kwalitatiewe benadering gefundeer in die interpretivistiese paradigma.

- **Ontologie** beskryf die aard van die realiteit wat bestudeer word en wat daaromtrent geleer word (Adams et.al., 2004: 356; De Vos et.al., 2005: 262). Kwalitatiewe navorsing poog om die betekenisste wat individue in 'n spesifieke konteks aan die realiteit heg, te verstaan (De Vos, 1998: 242).
- **Epistemologie** verwys na die verhouding wat die navorser met die realiteit het en die pad wat die navorser volg in die soek na die waarheid (Tashakkori & Teddlie, 2003; Babbie & Mouton, 2001; De Vos et.al., 2005: 262). Die kwalitatiewe navorser staan in 'n subjektiewe verhouding tot die realiteit omdat hy in interaksie tree met die onderwerp wat ondersoek word (De Vos, 1998: 242). Creswell (2003: 182) verwys daarna as: "...the personal-self becomes inseparable from the researcher-self" en benadruk die belangrikheid van reflektiwiteit.
- **Metodologie** word deur De Vos (1998: 241-242) beskou as "...the know-how or scientific methods and techniques employed to obtain valid knowledge". Babbie (2005: 6) sluit hierby aan deur metodologie te beskryf as "...the science of finding out". Metodologie is met ander woorde die wyses waarop die navorser meer omtrent die realiteit of die wêreldbeskouing van deelnemers kan uitvind. Kwalitatiewe metodologie is interpreterend van aard (De Vos, 1998: 242; Creswell, 2003: 182).

Die kwalitatiewe, interpretivistiese benadering stel die navorsing in staat om te begryp hoe individue in interaksie tree met hulle sosiale konteks, hoe hulle hierdie interaksie ervaar en watter betekenis hulle daaraan heg (Merriam, 2002: 4).

Die **kwalitatiewe benadering** fokus dus op die wyse waarop mense voortdurend betekenis konstrueer oor die wêreld waarin hulle leef. Volgens Merriam (2002: 5) word hierdie betekenis sosiaal gekonstrueer wat beteken dat: "...multiple constructions and interpretations of reality exist". Kwalitatiewe navorsing is geïnteresseerd daarin om die verskillende interpretasies wat op 'n spesifieke tydstip in 'n spesifieke konteks voorkom, te verstaan. Creswell (2003: 18) sluit hierby aan en meld dat kwalitatiewe navorsing primêr gebaseer is op konstruktivistiese perspektiewe (met ander woorde meervoudige betekenis van individuele ervarings).

Dié benadering poog om 'n volledige beskrywing van 'n spesifieke fenomeen te verskaf, eerder as om hipotesis te toets, deur 'n poging aan te wend om 'n situasie in sy uniekheid te verstaan, binne 'n spesifieke konteks in ag genome die interaksies binne die konteks waarin die studie plaasvind (Adams et.al., 2004: 365). Daar word dus gepoog om die unieke betekenis vanuit die deelnemers se perspektief van die bates ten opsigte van psigo-sosiale ontwikkeling van die adolescent in die nywerheidsskool, te verken, beskryf en interpreteer.

Die **interpretivisme paradigma** is een van die paradigmas wat in die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik word. Gephart (1999: 3) noem dat: "Interpretivism often addresses essential features of shared meaning and understanding." Babbie & Mouton (2001) sluit hierby aan en stel dat die navorsing nie buite die navorsingskonteks staan nie, maar eerder 'n deelnemer aan die navorsingsproses is met die doel om die navorsingsfenomeen in diepte te verstaan. Realiteit kan dus begryp en interpreteer word, maar nie voorspel of beheer word nie (De Vos, 1998: 246).

Eienskappe van 'n interpretivistiese navorsingsontwerp sluit volgens Merriam (2002: 4-5) die volgende in: dit streef daarna om mense se ervaringe en die betekenis wat hulle konstrueer oor die wêreld te verstaan, dit is nie daarop ingestel om te voorspel wat in die toekoms gaan gebeur nie. 'n Ryk beskrywing van die deelnemers se realiteit word bekom en die navorsing is die primêre navorsingsinstrument tydens data-insameling en -interpretasie. Hierdie vertrekpunt bring mee dat die strategieë en benaderings wat in hierdie studie gevvolg is kontekstueel, verkennend, beskrywend en verklarend van aard is. Die navorsing het gepoog om die subjektiewe ervaringe en sienings van die deelnemers aan hierdie studie, in diepte te begryp. Die deelnemers se persoonlike betekenis, persepsies en ervaringe word op die voorgrond geplaas en daar word gepoog om dit ten beste weer te gee deur gebruik te maak van kwalitatiewe navorsingstrategieë.

### 3.3 TEORETIESE RAAMWERK

#### 3.3.1 Bate-gebaseerde benadering

Kriek & Eloff (2004: 133-134) vermeld dat die bate-gebaseerde benadering begin met dit wat reeds in die gemeenskap teenwoordig is, hetsy die sterkpunte of kapasiteit van die inwoners of individue in 'n gemeenskap. Verskeie modelle kan gevvolg word ten einde bates te identifiseer en uiteindelik te mobiliseer.

Kretzmann en McKnight (1993) is van mening dat die opstel van 'n kapasiteitsinventaris 'n waardevolle hulpmiddel is wat aangewend kan word om op 'n gemeenskap se sterkpunte en vermoëns te fokus. Die kapasiteitsinventaris word verdeel in vier komponente, naamlik: inligting rakende vaardighede van individue; gemeenskapsvaardighede; belangstelling en ervaring in besigheid en persoonlike inligting, wat verwys na addisionele inligting wat betekenisvol is in die ontwikkeling van kapasiteite en bates.

Ammerman en Parks (in Loots, 2005) stel voor dat die assessering van bates binne 'n gemeenskap op drie vlakke geskied. Die volgende verduideliking van die drie vlakke word aangepas soos dit van toepassing op die nywerheidskoolkonteks is:

- 'n Individuele kapasiteitsinventaris van die spesifieke vaardighede, talente, belangstellings en ervarings van opvoeders verbonden aan die nywerheidskool, sowel as lede van die breër gemeenskap. Identifiseer persoonlike hulpbronne soos werkgeleenthede vir leerders in die gemeenskap, vrywillige werk deur gemeenskapslede binne die nywerheidskoolkonteks of enige ander tipe lewenservaringe wat moontlik gemobiliseer kan word ter bevordering van die leerders se psigo-sosiale ontwikkeling.
- 'n Inventaris van plaaslike gemeenskapsverenigings en -organisasies hetsy formeel of informeel. Dit sluit besighede, ondersteuningsgroepe, sportorganisasies en kerkgroepe in.
- 'n Inventaris van plaaslike instellings. Instellings wat meer formeel van aard is en wat kan voorsien in dienste en hulpmiddels, soos byvoorbeeld: parke, hospitale, diensverskaffers, banke, gemeenskapsentra en ander besighede. Hulpbronne vanuit hierdie sektor kan onder andere aangewend word ten einde leerders bloot te stel aan verskillende werkgeleenthede deur middel van uitstappies en besoeke van kundiges in verskillende beroepsvelde, waarmee hulle moontlik nie andersins in kontak sou kom nie.

Ebersöhn & Eloff (2003) se model van die bate-gebaseerde benadering begin deur inherente kapasiteite en bates in die individu te identifiseer en werk stelselmatig uit na die breër ekosisteem. Die model besigtig die individu se vaardighede, kennis, persoonlike eienskappe,

belangstellings, waardes en ervaring, die skool se leierskap en bestuur, menslike hulpbronne, tegniese bates, bates ten opsigte van struktuur, procedures, identiteit en strategieë van die skool, die klaskamerkonteks, die familie, die portuurgroep, gemeenskapsorganisasies, plaaslike instansies en laastens die wyer sosiale sisteem.

Hierdie komponente is in die onderhawige navorsingstudie benut as verwysingsraamwerk vir die fasiliteerde ten einde die fokusgroepe te begelei tydens die identifisering van bates ter bevordering van die leerders, verbonde aan die nywerheidskool, se psigo-sosiale ontwikkeling.

Die bate-gebaseerde benadering word as 'n gesikte benadering beskou om vas te stel oor watter bates die nywerheidskool, betrokke by hierdie studie, beskik en hoe die geïdentifiseerde bates aangewend kan word tot die verligting van behoeftes en tekorte in die kinder- en jeugsorgstelsel. Kamradt (2000) ondersteun die gebruik van die bate-gebaseerde benadering deurdat hy baat daarby in sy werk met adolesente wat geestesprobleme ondervind. Hierdie navorsingstudie is daarop gemik om die betrokke nywerheidskool se potensiaal om as bate vir die kinder- en jeugsorgstelsel te dien, uit te lig.

### **3.4 NAVORSINGSONTWERP**

Die navorsingsonwerp verwys na die procedures wat die navorser beplan om te volg tydens die uitvoer van die studie, die data-insamelingsmetodes wat gebruik gaan word, die data-analise wat die navorser onderneem en die rol van die deelnemers (Mouton, 2001: 55-57; McMillan & Schumacher, 2001: 31; Henning, 2004: 31; Leedy & Ormrod, 2001: 91). As 'n kwalitatiewe studie is daar van 'n gevallestudie gebruik gemaak ten einde die fasilitering van 'n bate-gebaseerde benadering ter bevordering van leerders in 'n nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling, te illustreer. Daar is van individuele onderhoude, fokusgroepbesprekings, observasies en veelvuldige dokumentasie gebruik gemaak om 'n gedetailleerde beskrywing van die geval, 'n analise van temas en die navorser se interpretasie van die geval, te kon weergee.

#### **3.4.1 Gevallestudie**

Volgens Henning (2004: 41) is gevallestudies 'n beskrywing van hoe, waar, wanneer en waarom dinge in die spesifieke situasie (geval) gebeur. 'n Gevallestudie kan gekies word as gevolg van sy uniekheid of om 'n saak te illustreer (McMillan & Schumacher, 2001: 36). Dit is gemoeid met die gedetailleerde beskrywing van relevante gebeure met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word (Cohen et.al., 2000: 182). 'n Gevallestudie beskik oor die volgende kenmerke (Ritchie & Lewis, 2003: 52; Creswell, 1998: 38): die verskynsel word in konteks ondersoek, die studie vind plaas in 'n sisteem gebonde aan 'n sekere plek en bepaalde tydperk en data word vanuit meer as een bron versamel om by te dra tot 'n gedetailleerde en intensieve beskrywing daarvan. Dié navorsingstudie beoog om bates en hulpbronne ten opsigte van die ondersteuning

van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling in die nywerheidskoolkonteks te ondersoek. Die funksionering van die nywerheidskool behels 'n sisteem (leerders, personeel en breër gemeenskap) binne 'n spesifieke omgewing (nywerheidskool) en is aan 'n tydperk van herstrukturering verbonde. Deur opvoeders se perspektiewe met betrekking tot ondersteuningsdienste van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling te verken, met behulp van individuele onderhoude en fokusgroepbesprekings, kan 'n gedetailleerde en intensieve beskrywing van die navorsingsvraag verkry word.

### 3.4.2 Seleksie van deelnemers

'n Gerieflikheid- en doelgerigtheidsteekproef is in hierdie studie gebruik. Volgens Cohen et.al., (2000: 102) duï 'n gerieflikheidsteekproef op die kies van deelnemers vanuit 'n groep mense tot wie maklik toegang verkry kan word en die aangewese strategie om te volg wanneer 'n gevalliestudie beoog word. By 'n doelgerigtheidsteekproef word deelnemers volgens Cohen et.al., (2000: 103) met die hand gekies om sodoende by die navorsing se spesifieke behoeftes te pas. Opvoeders wat by die nywerheidskool werkzaam is, hetsy as onderwysers/esse; hulpdiens- en/of koshuispersoneel is by die navorsingstudie betrek.

Die aanname is gemaak dat lede van die onderwyskorps, hulpdiensspan sowel as koshuispersoneel uit hulle unieke blootstelling aan die nywerheidskoolkonteks oor waardevolle persepsies en ervarings behoort te beskik in terme van moontlike bates en hulpbronne ten opsigte van die ondersteuning van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling. Deelnemers is na gelang van hulle werks-/skoolure en werksverpligtinge/aktiwiteite geselekteer, sowel as hulle bereidwilligheid om aan die navorsingstudie deel te neem. Die deelnemers wat aan die fokusgroepbesprekings deelgeneem het, was verteenwoordigend van die skool se personeel deurdat beide manlike en vroulike opvoeders van al die kultuurgroepe wat die skool verteenwoordig, betrek is. Die samestelling van deelnemers het soos volg daar uitgesien:

- Onderwyspersoneel : 60% van die deelnemers
- Hulpdiensspan : 20% van die deelnemers
- Koshuispersoneel : 20% van die deelnemers
- Geslagte : 70% vroulik; 30% manlik
- Kultuur : 80% blank; 20% swart

Al vier koshuismoeders, twee hulpdiensdames en twee manlike kinderversorgers (wat op diens was) is tydens die eerste fokusgroep betrek. Vyf van die agt onderwyseresse wat nie eksamentoesig gehou het nie, is tydens die tweede fokusgroep saam gegroepeer. 'n Gemengde groep van twee mans- en drie damespersoneel wat nie tydens die eerste fokusgroep beskikbaar was nie, is tydens die derde fokusgroep betrek. Vir die individuele onderhoude is die skool- en 'n adjunkhoof by die onderhoude betrek.

### 3.4.3 Plek waar navorsing uitgevoer is

'n Kwalitatiewe navorsingstudie is nie daarop gerig om bevindinge te veralgemeen nie, maar soos vroeër genoem eerder om die fenomeen te beskryf en te verstaan (vergelyk Adams et.al., 2004: 365; Babbie & Mouton, 2001). Net soos in die geval van die seleksie van deelnemers is 'n doelgerigte seleksie van die plek van navorsing nodig om 'n sinvolle bydrae te verseker tot die poging om die fenomeen wat ondersoek word, ten beste te verstaan (Creswell, 2005: 204). Kwalitatiewe navorsing word in die natuurlike omgewing van die deelnemers onderneem (De Vos, 1998: 240; Hancock & Algozzine, 2006: 40) om die navorser in staat te stel om 'n gedetailleerde prentjie van die situasie te kan skep (Creswell, 2003: 181). Die studie is by 'n nywerheidsskool in Gauteng onderneem wat onder die beheer van die Gautengse Departement van Onderwys staan. Die instansie is bekend aan die navorser en op 'n maklik bereikbare geografiese ligging geleë. Die data is by die nywerheidsskool ingesamel sodat dit vir alle deelnemers toeganklik was.

### 3.4.4 Data-insamelings- en vasleggingstrategieë

Meervoudige data-insamelingsmetodes is aangewend om die ervaringe van die deelnemers in terme van bates en hulpbronne binne konteks van die nywerheidsskool te beskryf, soos wat dit deur hulle ervaar word op die tydstip van data-insameling (vergelyk Creswell, 2003: 181; Ritchie & Lewis, 2003: 52). Uit die aard van die studie is daar van interpretivistiese navorsingsmetodes gebruik gemaak om die deelnemers se ervaringe van ondersteuningsdienste ten aansien van die leerder se psigo-sosiale ontwikkeling vanuit hulle standpunt, binne hulle natuurlike omgewing te ondersoek en in subjektiewe, menslike terme te beskryf, eerder as deur middel van meting en kwantifisering (vergelyk Terre Blanche & Durrheim, 2002: 123; De Vos et.al., 2002: 6; McMillan & Schumacher, 2001: 35).

Daar is oor die inhoud en betekenis van die data besin (deur gebruik te maak van 'n reflektiewe joernaal, deelnemer verifikasie en deur middel van supervisie) en die data van verskillende bronne is vergelyk ten einde te verseker dat die navorser "objektief" bly. Alle data is gedurende werksure ingesamel, geskeduleer op tye wat die minste ontwrigtend vir die instansie, sowel as vir die deelnemers was. Die data-insamelings- en vasleggingstegnieke is aangepas volgens die spesifieke aard van die studie. Data-insameling het geskied aan die hand van twee semi-gestrukteerde onderhoude, drie fokusgroepbesprekings, bestudering van relevante dokumentasie en observasies. Data-vaslegging is uitgevoer deur gebruik te maak van verskeie medium/vorms soos veldnotas van observasies en die notering van onderhoude, 'n reflektiewe joernaal, klankopnames en afskrifte van dokumente (vergelyk Creswell, 2007: 138).

- Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude word veral tydens gevallestudies gebruik (Hancock & Algozzine, 2006, 40) en bied aan die navorser en deelnemer die geleentheid om enige sinvolle tema wat uit die gesprek voortkom, te bespreek (Leedy & Ormrod, 2001: 159). Die semi-gestruktureerde aard van die onderhoude het geïmpliseer dat 'n onderhoudskedule, wat uit voorafopgestelde temas bestaan het, die navorser in haar bespreking gelei het. Die temas is opgestel aan die hand van die literatuurstudie wat vooraf gedoen is, wat te gelyke tyd die navorser tot beter insig van die navorsingsprobleem laat kom het (vergelyk De Vos et.al., 2005: 296). Sinvolle vrae het bygedra dat die deelnemers data wat verband gehou het met die sentrale- en subnavorsingsvrae, voorsien het (Hancock & Algozzine, 2006: 39). Semi-gestruktureerde onderhoude is gebruik om 'n gedetailleerde beeld van die deelnemers se ervarings en persepsies ten opsigte van ondersteuningsdienste ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling, binne die nywerheidskoolkonteks, te verkry (Henning, 2004: 75). Skriftelike notas (in die vorm van veldnotas) is deur die loop van die onderhoude aan die hand van 'n onderhoud protokol/skedule geneem. Soos reeds bespreek bevat die onderhoudskedule voorafopgestelde temas wat verband hou met die navorsingsvrae, sowel as sleutelterme en is ruimte gelaat vir reflektiewe notas (Creswell, 2003: 189; De Vos et.al., 2005: 297).

Kwalitatiewe navorsing maak meestal van oop vrae gebruik, met die voorname om persepsies en opinies te genereer (Creswell, 2003: 188; Hancock & Algozzine, 2006: 40) sodat die deelnemers vry kan wees om hulle ervaringe sonder inmenging van die navorser se perspektief of enige vorige navorsingsbevindinge, oor te dra (Creswell, 2005: 214; Hancock & Algozzine, 2006: 40). Onderhoude bied sekere voordele, alhoewel dit ook sekere risiko's en bepaalde etiese oorwegings kan inhoud. 'n Voordeel van onderhoude is die natuurlike verloop van die gesprek waartydens die verhouding tussen navorser en deelnemer progressief ontwikkel (Henning, 2004: 75). Die navorser kan ook beter beheer oor die tipe inligting wat ingewin word, uitoefen – in vergelyking met observasies – deurdat die navorser spesifieke vrae kan vra om die inligting te bekom (Creswell, 2005: 215). Die kans om baie "in-diepte" data in 'n kort periode te verkry, is volgens De Vos et.al. (2005: 299) 'n voordeel van individuele onderhoude.

Uitdagings verbonde aan onderhoude is onder andere dat die navorser se teenwoordigheid 'n invloed op die deelnemer se reaksie/antwoord uitoefen en/of dat die inligting misleidend of selfs onwaar kan wees deurdat die deelnemer die inligting verskaf vanuit die perspektief soos wat hy graag wil hê die navorser dit moet insien (Creswell, 2005: 215; De Vos et.al., 2005: 299). Die moontlikheid hiervan is voorkom deur triangulasie van verskeie data-insamelingsbronne.

Die navorser het die doel van die onderhoud, anonimititeit en konfidensialiteit aan die deelnemers verduidelik voordat sy elke deelnemer se individuele toestemming verkry het. Deelnemers was vry om enige tyd tydens die navorsingsproses aan die studie te onttrek (vergelyk Hancock & Algozzine, 2006: 40). Die navorser se ervaring tydens die onderhawige studie was dat die deelnemers gretig was om hulle ervaringe met haar te deel.

- Fokusgroepbesprekings

'n Fokusgroepbespreking kan volgens De Vos et.al. (2005: 299) beskryf word as 'n tipe groepsonderhoud, wat fokus op 'n bepaalde onderwerp en wat plaasvind tussen 'n aantal persone met 'n gemeenskaplike agtergrond en belang. 'n Fasilitaator begelei die fokusgroepbespreking deur gebruik te maak van die nodige kommunikasie en groepfasiliteringsvaardighede, terwyl die groep die "carefully formulated and sequenced questions based on the purpose of the study" (De Vos et.al., 2002: 314) bespreek. Sodoende word 'n verskeidenheid respons ontlok. Dit neem die vorm van 'n oop gesprek aan waartydens deelnemers kommentaar kan lewer, vrae kan vrae kan reageer op opmerkings van mededeelnemers.

Die voordele verbonde aan fokusgroepe sluit onder andere in dat deelnemers gestimuleer kan word om hulle opinies en persepsies duidelik te maak en die navorser word toegelaat om verskeie persepsies te ondersoek in 'n spesifieke area van belangstelling (Punch, 2005: 171). Deelnemers voel ook relatief bemagtig en ondersteunend in 'n groepsituasie waar hulle omring is deur ander. Hulle mag sodoende meer geneigd wees om hulle ervarings en gevoelens te deel in die teenwoordigheid van mense met wie hulle kan identifiseer (Farquhar, in De Vos et.al., 2002: 307). Krueger en Casey (in De Vos et.al., 2005: 301) stel dat fokusgroepe veral gebruik word wanneer die navorser idees van 'n groep wil genereer. In hierdie studie is fokusgroepe aangewend om verskeie persepsies, ervarings en gevoelens ten aansien van die ondersteuning van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling te ondersoek en om bates ter ondersteuning van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling te identifiseer in samewerking met lede van die onderwyskorps, hulpdiensspan sowel as koshuispersoneel.

De Vos et.al. (2005: 313) identifiseer die volgende nadele verbonde aan die gebruik van fokusgroepe:

- Subjektiwiteit en vooroordeel: Die navorser moes daarom versigtig gewees het om nie deelnemers se persepsies, sieninge en ervaringe te interpreteer vanuit haar eie verwysingsraamwerk nie, deur gebruik te maak van verifikasie en triangulasie in die vorm van individuele onderhoude en analise van dokumentasie.

- Die feit dat bevindinge nie veralgemeen kan word na die wyer populasie nie, aangesien ander nywerheidskole heelwaarskynlik oor ander bates ten aansien van die leerder se psigo-sosiale ontwikkeling mag beskik.
- Die kans dat passiewe deelnemers moontlik beïnvloed en/of gedomineer kon word, (deur aktiewe deelnemers) is voorkom deurdat die navorser haar opvoekundig-sielkundige kennis, vaardighede en ervaring van groepsdynamika deurlopend toegepas het.

Die fokusgroepbesprekings het in drie fases verloop. Eerstens is ondersoek ingestel na watter bates reeds in die *skool* gebruik word, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie. In fase twee is gefokus op bates in die *gemeenskap* wat reeds gebruik, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie. Die temas wat vanuit die individuele onderhoude en eerste twee fokusgroepbesprekings geïdentifiseer is, is aan die derde fokusgroep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Daar is ook gedurende die derde fase gekonsentreer op die bates wat 'n nywerheidskoolplasing inhoud vir die bevordering van 'n kind se psigo-sosiale ontwikkeling. Die doel van die fokusgroepbesprekings, na afloop van die individuele onderhoude, was om 'n ryk hoeveelheid inligting in te win (vergelyk Merriam, 2002: 4-5), ten einde die navorsingsvrae te beantwoord.

De Vos et.al. (2005: 299) stel voor dat indien toestemming van deelnemers verkry word, behoort onderhoude op band opgeneem te word, aangesien dit 'n meer volledige verslag van die inhoud van die onderhoud weergee. Dit stel die navorser in staat om te konsentreer op die gesprek, alhoewel deelnemers teruggetrokke mag voorkom. Die navorser het toestemming van die deelnemers verkry vir die gebruik van 'n bandopnemer. Dit het nie geblyk asof die bandopnemer die deelnemers se deelname negatief beïnvloed het nie. Die kassette is na afloop van die onderhoude getranskribeer om die inhoud van die fokusgroeponderhoude in teksvorm te dokumenteer.

- Dokumentasie

Dokumentasie kan 'n waardevolle bron van inligting in kwalitatiewe navorsing wees. Dokumentasie bestaan uit: openbare/amptelike-, persoonlike/private dokumente en mediaberigte (Ritchie & Lewis, 2003: 35; Creswell, 2005: 219; De Vos et.al., 2005: 315) wat inligting bevat oor 'n plek/persoon en is onder andere: notules van vergaderings, nuusblaaisels, persoonlike joernale en briewe. Volgens Hancock & Algozzine (2006: 51) verskaf privaat dokumente "...insights into the person's beliefs, attitudes and behaviours", terwyl publieke dokumente "...reflect beliefs, attitudes and behaviours beyond those of a particular individual". Die verskillende vorme van dokumentasie wat as data-insamelingsmetodes tydens hierdie studie gebruik is, sluit in:

briewe gerig aan die Gautengse Departement van Onderwys; openbare dokumente (byvoorbeeld notules van vergaderings; verslae en/of argiefmateriaal) en mediaberigte.

Die voordeel van dokumentasie is dat dit die taal van die deelnemers bevat, waарoor meestal aandagtig besin is. Dit is verder gereed vir analisering, sonder die nodige transkribering wat vereis word van inligting verkry uit observasies en onderhoude (Creswell, 2005: 219). Die nadele verbonde aan dokumentasie is egter dat dit soms moeilik verkrybaar en nie geredelik beskikbaar is nie. Die dokumente mag moontlik onvolledig en/of onakkuraat wees, dit is soms moeilik om belangrike inligting soos datums vas te stel en offisiële dokumente word dikwels in ongeorganiseerde volumes gestoor (De Vos et.al., 2005: 319).

Die skoolhoof van die betrokke nywerheidsskool was baie behulpsaam met die beskikbaarstelling van dokumente soos briewe en notules. Sommige mediaberigte het egter verkeerdelik na die skool as 'n verbeteringskool verwys, in plaas van 'n nywerheidsskool. Datums ontbreek op van die dokumente en die kronologiese verloop daarvan was nie altyd duidelik nie. Die navorser het besluit om al die dokumente as een dokument in 'n lêer saam te voeg. Die navorser het die aangehaalde data soos verkry uit die dokumente na die mees onlangse datum (2007) verwys.

- Observasie

Observasie vorm 'n belangrike deel van kwalitatiewe navorsing (Spradley in Creswell, 2005: 211). Dit vind deurlopend plaas en dit gee die navorser die geleentheid om eerstehandse inligting van deelnemers en die navorsingsveld in te samel (vergelyk Creswell, 2005: 211). Ongestruktureerde waarnemings tydens fokusgroeponderhoude is tydens en na afloop van die onderhoude genoteer as veldnotas (vergelyk Creswell, 2003: 185), deur gebruik te maak van 'n observasie protokol – 'n enkele bladsy met 'n lyn in die middel wat beskrywende- en reflektiewe notas van mekaar onderskei (Creswell, 2007: 135). Vanuit die interpretivistiese benadering is observasies aan die deelnemers gereflekteer ten einde helderheid te verkry in geval van onduidelikhede. Deelnemerobservasies is ook gebruik om waarnemings te verifieer en by te werk (Breakwell, 2000: 227).

Die voordele verbonde aan observasie is onder andere dat die navorser die geleentheid kry om outentieke gedrag te bestudeer en om inligting rakende gebeure, soos wat dit in die navorsingsveld plaasvind, aan te teken. Die navorser kan egter tot sekere navorsingsvelde en/of situasies waar toegang verseker is, beperk word. Verder is dit moontlik dat deelnemers nie gewoond is aan formele navorsingstudies nie en mag verwantskapbetrekking sekere uitdagings bied (Creswell, 2005: 211).

Die navorser het toegang gehad tot situasies waar interaksie tussen die deelnemers en leerders in die nywerheidskool geobserveer kon word, wat bygedra het tot ryk beskrywings ten aansien van die kinders se interpersoonlike verhoudings met belangrike ander. Alhoewel die deelnemers van die eerste fokusgroepbespreking aanvanklik skugter was om deel te neem, het die navorser haar opvoedkundig-sielkundige kennis, vaardighede en ervaring van groepsdinamika deurlopend toegepas om 'n warm, empatiese atmosfeer tydens die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepsessies te verseker.

- Veldnotas

Beskrywende, reflektiewe veldnotas is gebruik om observasies te noteer en het deel uitgemaak van die data-insamelingsmetodes. Babbie & Mouton (2001: 275) beveel aan dat deeglike notas aangaande die omgewing waarin die studie plaasvind en die navorser se persoonlike observasies ten opsigte van gebeure gehou word. Dit is deuren tyd bestudeer om inligting wat aanvanklike idees versterk of weerspreek het, te identifiseer.

De Vos et.al. (2005: 299) sluit hierby aan deur veldnotas soos volg te beskryf: "the written account of the things the researcher hears, sees, experiences and thinks about in the course of collecting and reflecting on the data in a qualitative study". Die navorser het veldnotas gemaak om die data te verkry uit die semi-gestruktureerde onderhoude en observasies vas te lê, wat onderskeidelik beskrywend- en reflektief van aard was (vergelyk Creswell, 2007: 135).

- Reflektiewe joernaal

Lincoln en Guba (in Cohen et.al., 2002: 312) verwys na die noodsaaklikheid van refleksie, waartydens navorsers hulself krities evalueer as deelnemers aan die navorsingsproses. 'n Reflektiewe joernaal waarin persoonlike ervarings, gevoelens, gedrag en denke aangeteken is, is deurlopend byderhand gehou. Die feit dat die kwalitatiewe navorser subjektief betrokke by die navorsingsproses is, noodsaak die navorser om haar eie vooroordele, waardes en persoonlike belangstellings rakende die navorsingsonderwerp te identifiseer (vergelyk Creswell, 2003: 184).

Die doel van die navorser se reflektiewe joernaal was om bewus te bly van haar eie subjektiwiteit en vooroordele ten einde die impak wat dit moontlik op die resultate van die navorsingstudie kon hê, te verminder. Die gebruik van refleksie het sodoeende die kredietwaardigheid van die studie verhoog.

### 3.4.5 Data-analise en interpretasie

- Data bestuur

Voordat data-analise en interpretasie kan plaasvind, is dit nodig dat die verskillende vorme waarin die rou data voorkom, in byvoorbeeld tradisionele- en/of rekenaarleërs georganiseer en oorgeskakel word vanaf gesproke na geskrewe woorde (Creswell, 2005: 232). Transkribering verwys na die proses waartydens bandopnames en/of veldnotas na teks oorgeskakel word (Creswell, 2005: 233) deur dit verbatim te tik. Data wat deur semi-gestrukteerde onderhoude, fokusgroepbesprekings en veldnotas van observasies verkry is, is getranskribeer en oorgeskakel na 'n rekenaarleer vir analisering. Die oorspronklike kassette, veldnotas, reflektiewe joernaal en afskrifte van dokumente sowel as bystandkopieë van die getranskribeerde notas sal bewaar word soos voorgeskryf deur die Universiteit van Pretoria se etiese komitee.

- Data-analise en interpretasie

Kwalitatiewe data-analise behels die voorbereiding en organisering van die data (byvoorbeeld transkribering van bandopnames) vir analisering, die redusering van data in temas deur middel van 'n koderingsproses, groepering van kodes in kategorieë en rapportering van data in die vorm van 'n bespreking (Creswell, 2007: 148). Data-analise is 'n aaneenlopende en 'n interaktiewe proses wat in al die fases geïntegreer word. Dit is 'n sistematiese proses van selektering, kategorisering, vergelyking, sintetisering en interpretasie om sodoende tot begrip van die verskynsel te kan kom (Henning, 2004: 127; McMillan & Schumacher, 2001: 462). In kwalitatiewe navorsing is die analisering interpretivisties van aard (Cohen et.al., 2002: 282). Met behulp van die betrokke navorsingsontwerp (gevallestudie) en metodes van data-insameling (individuele onderhoude, fokusgroepbesprekings, observasies en dokumentasie) kon die navorsers op die analisering en interpretasie van die deelnemers se response fokus. Analise van kwalitatiewe data gaan volgens Lacey & Luff (2001: 23) gewoonlik deur sommige, indien nie deur al die volgende fases nie, soos uiteengesit in Tabel 2:

**Tabel 2 - Analise van kwalitatiewe data**

ANALISE VAN KWALITATIEWE DATA	
Fase 1	Raak bekend met die data deur middel van hersiening, lees, luister ens.
Fase 2	Transkribering van materiaal opgeneem op kasset (waarvoor toestemming vooraf bekom word)
Fase 3	Organisering en liassing van data vir maklike opsporing en identifikasie
Fase 4	Maak sensitiewe data anoniem
Fase 5	Kodering
Fase 6	Identifisering van temas en her-kodering

Fase 7	Ontwikkeling van voorlopige kategorieë
Fase 8	Ondersoek die verhoudings tussen kategorieë
Fase 9	Verfyning van temas en kategorieë
Fase 10	Ontwikkel 'n teorie en inkorporering van voorafbestaande kennis
Fase 11	Toets die teorie teen die data
Fase 12	Verslaggewing

Die analyse van data wat deur middel van die onderhoude, fokusgroep, observasies en dokumentasie ingesamel is, het in die volgende ses fases soos uiteengesit deur Creswell (2003: 191-195) geskied.

**Fase 1:** Eerstens is die data georganiseer. Alle data is deurgegaan om dit te rangskik na gelang van die tipe data. Die data wat nie in getikte formaat was, soos die bandopnames van die fokusgroep nie, is vanaf die cassette verbatim getranskribeer. Observasies van nie-verbale kommunikasie en afskrifte van dokumente is ook in aanmerking geneem.

**Fase 2:** Al die rou data is deurgewerk en die navorser het oor die inhoud en betekenis daarvan gereflekteer (tydens die fokusgroep en deur middel van supervisie) om te bepaal wat die betekenis en bruikbaarheid van die data is. Die massa inligting is gereduseer deur irrelevante data uit te skakel. Temas wat na vore gekom het, is deurgaans aangeteken.

**Fase 3:** 'n Koderingstelsel is ontwikkel. Kodering impliseer die organisering van data in dele, voordat daar betekenis aan die verskillende groepe gegee kan word. Die getranskribeerde weergawes van die individuele- en groepsonderhoude, observasies en dokumentasie is in kleiner dele opgebreek deur relevante aanhalings te selekteer en in die regterkantste kolom van die dokument weer te gee. Die data is vergelyk om soortgelyke temas wat verband hou met die aspekte waaruit psigo-sosiale ontwikkeling bestaan (bv. identiteit, selfkonsep en emosie), te groepeer en te benoem. Sodoende is kategorieë geïdentifiseer wat elk met die mees beskrywende term benoem is (bv. persoonlikheids-, sosiale-, morele- en religieuse ontwikkeling).

**Fase 4:** Die koderingsproses is aangewend om die konteks en die deelnemers, asook die kategorie en temas vir analise, in detail te beskryf.

**Fase 5:** Temas is aan die hand van data in die teks weergegee – deur gebruik te maak van aanhalings vanuit onderhoude en/of dokumente (Creswell, 2005: 250) – om seker te maak dat deelnemers se opinies, persepsies en ervarings weerspieël is.

**Fase 6:** Die data is ná analise teen die agtergrond van bestaande literatuur geïnterpreteer (soos bespreek in hoofstuk 2), wat die teoretiese raamwerk verskaf het waarop die navorsing gegrond is. Na afloop van bogenoemde proses is die resultate en bevindinge uiteengesit.

### 3.5 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

In teenstelling met kwantitatiewe navorsing wat fokus op geldigheid en betroubaarheid, lê kwalitatiewe navorsing klem op geloofwaardigheid, toepaslikheid, konstantheid en bevestigbaarheid van die navorsingstudie (Fox, 1998: 19; Lincoln & Guba in De Vos et.al., 2002: 351).

- **Geloofwaardigheid** dien as alternatief vir interne geldigheid, wat daarna streef om te demonstreer dat die ondersoek op so 'n wyse afgeneem is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Begrensing van die agtergrond, populasie en teoretiese raamwerk van die studie is dus uiters noodsaaklik. Die navorser het van triangulasie en kristalisasie gebruik gemaak om verskille in data te evalueer en om sodoende die geloofwaardigheid van die studie te verhoog (McMillan & Schumacher, 2001: 166; Terre Blanche & Durrheim, 2002: 62-63).
- **Toepaslikheid** dien as alternatief vir eksterne geldigheid of veralgemening. Soos vroeër vermeld is 'n kwalitatiewe navorsingstudie nie daarop gerig om bevindinge te veralgemeen nie, maar eerder om die fenomeen te beskryf en te verstaan (Adams et.al., 2004: 365; Babbie & Mouton, 2001). Die komponent van veralgemening kan dus ondervang word deur 'n in-dieptebeskrywing van die konteks waarin die studie plaasgevind het (Terre Blanche & Durrheim, 2002: 63). Die navorser het uitgebreide beskrywings van die gevalliestudie gegee sonder om veralgemenings te maak.
- **Konstantheid** is die alternatief vir betroubaarheid, waartydens die navorser poog om rekenskap te gee vir veranderde toestande in die fenomeen wat ondersoek word, sowel as verandering in die ontwerp wat ontstaan as gevolg van 'n verfynde begrip van die agtergrond waarteen die navorsing afspeel. Konstantheid in kwalitatiewe navorsing is dikwels problematies, omdat menslike gedrag nie staties is nie, maar gedurig kan verander. Weens die feit dat daar soveel verskillende interpretasies van 'n verskynsel kan wees, sal 'n replika van 'n spesifieke studie nooit presies dieselfde resultate oplewer nie (Loots, 2005: 55). Deelnemer verifikasie het egter daartoe bygedra dat die navorser kon vasstel of die resultate konsekwent met ingesamelde data is, sodat dit kredietwaardig is.
- **Bevestigbaarheid** verwys na die tradisionele konsep van objektiwiteit. Daar word bepaal of die data help om die algemene bevindings te bevestig. Die subjektiewe aard van kwalitatiewe navorsing impliseer dat die navorser oor sekere vooroordele en waardes beskik wat 'n invloed op die interpretasie van die data mag uitoefen. Om hierdie aspek te ondervang het die navorser gebruik gemaak van 'n reflektiewe joernaal om ten alle tye bewus te wees van haar subjektiewe betekenisgewing en om die "objektiwiteit" van die studie te verhoog.

Tabel 3 beskryf die strategieë wat in hierdie studie gebruik is om die vertroubaarheid van die navorsingstudie te verhoog, soos voorgestel deur McMillan & Schumacher, (2001: 408) en Creswell, (2003: 204).

**Tabel 3 – Strategieë wat gebruik is om die vertroubaarheid van die studie te verhoog**

Strategieë	Beskrywing van aktiwiteit
Triangulasie en kristallisasie van data	Meervoudige-data-insamelingsmetodes is gebruik in die vorm van onderhoude, fokusgroepe, observasies en dokumentasie om data met mekaar te vergelyk.
Deelnemer verifikasie	Die navorser was deurlopend in 'n dialoog met deelnemers om temas met deelnemers te verifieer om seker te maak dat dit die deelnemers se opinies, persepsies en ervarings weerspieël.
Meervoudige besoeke aan die navorsingsveld	Die onderhoude en fokusgroepbesprekings het op drie afsonderlike dae plaasgevind wat vir die navorser die geleentheid gebied het om veelvuldige observasies uit te voer.
Verheldering van die navorser se vooroordele	Die navorser het deur middel van refleksie aandag aan haar vooroordele, waardes en persoonlike belangstelling in die navorsingsonderwerp geskenk.
Meganiese data-insamelingsmetodes	Die navorser het gebruik gemaak van bandopnames.
Verbatim verslaggewing van response	Onderhoude is verbatim opgeneem en getranskribeer.
Deelnemende navorser	'n Reflektiewe joernaal is gebruik om die navorser se persoonlike ervarings, gevoelens, gedrag en denke aan te teken om haarself krities as deelnemer aan die navorsingsproses te evalueer.

### 3.6 ROL VAN DIE NAVORSER

Aangesien die navorser die primêre data-insamelingsinstrument van die studie is, behoort sy haar eie vooroordele, waardes en persoonlike belangstellings rakende die navorsingsonderwerp te identifiseer as gevolg van die subjektiewe aard van kwalitatiewe navorsing (vergelyk Merriam, 2002: 5; Creswell, 2003: 184). Ingeligte toestemming van al die nodige deelnemers is verkry (Skoolhoof-Bylaag 1; Gautengse Departement van Onderwys-Bylaag 2; deelnemers-Bylaag 3) soos voorgestel deur Creswell, (2003: 184). Semi-gestrukteerde onderhoude is met twee deelnemers gevoer, 'n totaal van drie fokusgroepe is gefasiliteer en analise en interpretasie van relevante dokumente is gedoen. Die deelnemers is ingelig oor wat tydens die navorsing van hulle verwag word, oor die navorser se rol en die verloop van die navorsingsproses.

Die navorser moes verseker dat die lokale wat gedurende die studie gebruik is, in 'n bevredigende toestand was en oor die nodige materiaal (kassetopnemers, A3-aanbiedingspapier en skryfbehoeftes) beskik het. Interpretasie van data is deurgaans met die deelnemers uitgeklaar, sodat misverstande uit die weggeruum kon word (vergelyk Creswell, 2003: 204). Die navorser het verslag gelewer van die gevolgtrekkings en aanbevelings en deurentyd die navorsingsvereistes en professioneel-etiese vereistes van die HPCSA asook die Universiteit van Pretoria nagevolg. Die inagneming van etiese kwessies wat mag ontstaan, vorm deel van die navorser se rol (Creswell, 2003: 184) en sal vervolgens bespreek word.

### 3.7 ETIESE OORWEGINGS

Verskeie skrywers (Strydom, 1998: 63-75; Cohen et.al., 2002: 50-63; Mouton, 2001: 238-246; Silverman, 2001: 270-271; Willig, 2001: 18), beklemtoon die etiese oorwegings wat tydens 'n navorsingstudie behoort te geskied. Die volgende etiese navorsingsvereistes en professioneel-etiese vereistes van die HPCSA het aandag geniet:

- Ingelige toestemming

Voordat die insameling van data plaasgevind het, is die instansie waar die navorsing gedoen is asook die deelnemers volledig oor die beplande studie ingelig. Prosedures en regte van die deelnemers is mondelings verduidelik en skriftelike toestemming is van alle partye, insluitend die Skoolhoof (Bylaag 1) verkry. Toestemming is ook bekom van die Gautengse Departement van Onderwys (Bylaag 2).

- Vertroulikheid en anonimiteit

Alle inligting wat tydens die navorsingsproses verkry is, is vertroulik hanteer. Deelnemers se identiteit is beskerm deur gebruik te maak van \*\*\*. Deelnemers is ook ingelig dat die studie deurlopend onder supervisie van 'n studieleier uitgevoer is en dat die studieleier tot die vertroulike en anonieme hantering van die data verbind is.

- Vrystelling en publisering van bevindings

Skriftelike toestemming is verkry om die navorsingsbevindings te publiseer en vry te stel. Die publisering van die studie is ook onderhewig aan etiese vereistes onder andere:

- dat die werk die navorser se oorspronklike werk is;
- dat alle verwysings in die literatuurverwysingslys sal verskyn en
- dat tekortkominge en foute ook genoem sal word.

- Die reg om te onttrek uit die navorsingstudie

Deelnemers kon enige tyd tydens die navorsingsproses vrywilliglik aan die studie onttrek het. Indien hulle dit sou verkies, kon alle inligting rakende hulle deelname aan die studie onttrek word.

### **3.8 BEPERKING VAN DIE STUDIE**

Slegs opvoeders van een instansie is geselecteer om aan die studie deel te neem. Resultate kan dus nie veralgemeen word tot ander soortgelyke instansies nie, omdat hierdie instansie ander karaktereienskappe mag openbaar. Aangesien die deelnemers se kulturele agtergrond en taalgebruik in sommige gevalle van die navorser s'n verskil, is hierdie faktore deurgaans in gedagte gehou. Henning (2004: 6) noem tereg dat die navorser se kennis, begrip en ervaring van die data bepaal hoe die data interpreteer word. Daarom poog die navorser om deur middel van 'n verskeidenheid data-insamelingstegnieke, etiese oorwegings en die supervisie van 'n studieleier die vertroubaarheid van die studie te verhoog.

Slegs die onderwysers, onderwyseresse, hulpdiensspan en koshuispersoneel se perspektief rondom ondersteuningsdienste ten aansien van leerders in die nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling is in hierdie studie bekom en nie dié van die Gautengse Departement van Onderwys, leerders en/of ouers nie. Aanbevelings vir verdere navorsingstudies is in die verband voorgestel. Die situasie waarin opvoeders van die betrokke nywerheidskool tans verkeer, met betrekking tot die onsekerheid rondom die voortbestaan en toekoms van die skool, het 'n negatiewe invloed op deelnemers se vermoë om nuwe bates te identifiseer, gehad. Reeds benutte en geïdentifiseerde onbenutte bates ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling kon wel vasgestel word.

### **3.9 SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk is gerig op die navorsingsprosedures wat gevvolg is deur aandag te skenk aan die kwalitatiewe en interpretivistiese aard waaruit die navorsingsvraag bestudeer is. Aandag is ook aan die voor- en nadele van die gekose data-insamelingsmetodes geskenk, waaronder onderhoudboeking, fokusgroepbesprekings, dokumentasie en observasies geresorteer het. Die wyse waarop die data geanaliseer en geïnterpreteer is, is uitgelig, terwyl die kwaliteitsversekeringskriteria bespreek is deur te verwys na die geloofwaardigheid, toepaslikheid, konstantheid en bevestigbaarheid van die navorsingstudie. Die rol van die navorser, etiese oorwegings en beperkinge van die studie is ook bespreek. Die resultate van die navorsing sal in hoofstuk 4 bespreek word.



## HOOFTUK 4

### NAVORSINGSRESULTATE EN LITERATUURKONTROLE

#### 4.1 AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE DATA-INSAMELING

Data-insameling het geskied aan die hand van twee individuele onderhoude, drie fokusgroepbesprekings, observasies en die gebruik van dokumentasie. Vir die individuele onderhoude is die skool- en adjunkhoof betrek en die onderhoude is gevoer op tye wat geskik was vir die betrokke deelnemers. Daarna is die eerste fokusgroepbespreking gehou waaraan die huismoeders (4), huldiensdames (2) en manlike kinderversorgers (2) wat aan diens was, deelgeneem het. Tydens dié fokusgroepbespreking is die onderhoud in Afrikaans en Engels gevoer. Die deelnemers het aangedui dat almal beide tale verstaan, maar dat hulle hulself beter uitdruk in Afrikaans/Engels.

Die deelnemers was aanvanklik gereserveerd en het onseker voorgekom, maar met verloop van die gesprek begin ontpant en meer spontaan deelgeneem. Daar is veral gefokus op die interne bates van die leerders. Die navorsing het die geleentheid gekry om gedurende pouse die deelnemers se interaksie met die leerders, te observeer. Tydens die tweede fokusgroepbespreking het vyf van die agt onderwyseresse deelgeneem. Die drie damespersoneel wat nie aan die fokusgroepbespreking deelgeneem het nie, was tydens die onderhoude vir eksamentoesig verantwoordelik. Die klem was veral op die eksterne bates van die nywerheidskool en breër gemeenskap. Hierdie onderhoud het slegs in Afrikaans plaasgevind aangesien al die damespersoneel Afrikaanssprekend is.

Alhoewel die derde en laaste fokusgroepbespreking geskeduleer was om uit al vyf manspersoneel te bestaan, het onvoorsiene omstandighede daartoe bygedra dat die groep uit drie dames- en twee manspersoneel bestaan het. Hierdie groep is saamgestel uit dié personeel wat nie aan enige van die vorige twee besprekings deelgeneem het nie en wat nie ander werksverpligtinge op die gegewe tydstip gehad het nie. Die temas wat vanuit die individuele onderhoude en eerste twee fokusgroepbesprekings geïdentifiseer is, is aan die derde fokusgroep voorgelê vir verifikasie en kommentaar. Daar is ook gedurende hierdie fokusgroepbespreking gekonsentreer op die bates wat 'n nywerheidskoolplasing vir die bevordering van 'n kind se psigo-sosiale ontwikkeling, inhoud.

Die bates wat in die nywerheidskool en breër gemeenskap ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling tydens die navorsingsproses geïdentifiseer is, sal voorgestel word aan die hand van die psigo-sosiale kategorieë soos uiteengesit in Hoofstuk 2. Verder word die verkreeë resultate met literatuur in verband gebring in 'n poging om ooreenkoms uit te lig en kontradiksies te verduidelik.

## 4.2 RESULTATE

Na aanleiding van die individuele onderhoude en fokusgroepbesprekings is dit duidelik dat daar menige bates in die betrokke nywerheidsskool en omliggende gemeenskap voorkom. Die geïdentifiseerde sterkpunte sal bespreek word (soos dit tans by die nywerheidsskool in gebruik is). Daar sal deurlopend verwys word na bates wat in onbruik geraak het, maar wat wel in die verlede in gebruik was. Remmende faktore tot ondersteuning sal ook kortliks weergegee word. Aanhalings uit die onderhoude en fokusgroepe sal ter toelighting ingesluit word. Die deelnemers se ervaringe van bates in en om die skool word vervolgens bespreek.

### 4.2.1 BATES GEIDENTIFISEER TER BEVORDERING VAN DIE PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE ADOLESCENT IN DIE NYWERHEIDSSKOOL

#### 4.2.1.1 Persoonlikheidsontwikkeling

- Identiteitsontwikkeling

Deelnemers moedig persoonlike ontwikkeling by die kinders aan deur hulle daarop te wys dat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie lewe moet aanvaar ([“ons sê altyd vir hulle, weet jy, dit gaan nie regtig oor jou omstandighede nie, dit gaan oor hoe jy dit hanteer”](#)). Indien kinders hulself skuldig maak aan ‘n eerste oortreding van byvoorbeeld dwelmgebruik, smokkelary of diefstal, word die saak uit die hof afgewentel sodat kinders nie sonder meer ‘n kriminele rekord kry nie (Swart, 2007). Sodoende neem die kind deur middel van gemeenskapswerk verantwoordelikheid vir sy dade. Die kind se identiteitsvorming word nie deur ‘n misdadiger-identiteit beïnvloed nie, maar eerder deur dié van ‘n goed aangepaste lid van die samelewing.

Blootstelling aan volwasse rolmodelle in die nywerheidsskoolkonteks bestaan uit interaksie met die personeelkorps en met vrywilligers uit die breër gemeenskap. Die deelnemers doen baie moeite op verskeie vlakke, hetsy persoonlik of om menslike hulbronne uit die gemeenskap te mobiliseer ten einde ‘n ondersteunende omgewing vir die leerders daar te stel.

Daar het byvoorbeeld in die verlede persoonlike kontak met vrywilligers uit die gemeenskap plaasgevind in die vorm van ‘n naweek-kuier ([“dit gebeur soms dat die gemeenskap kinders vat en hulle dan kom haal en hulle somtyds vir naweke neem”](#)). Plasing van ‘n kind by naweeken/of vakansie-ouers het ten doel gehad om die kind se blootstelling aan onstabiele identiteitsfigure, waaraan hy vóór sy plasing in die nywerheidsskool onderwerp is, met meer stabiele identiteitsfigure te ondervang. Benson (2006: 35) stel onder andere dat: “Many of most essential aims of youth development are advanced when young people are embedded in a web of relationships with competent, caring adults.”

Oudleerders van die betrokke nywerheidskool tree soms as finansiële hulpbronne op deur betrokke te raak by fondsinsamelingsprojekte (“In die verlede het hulle (oudleerders) al ‘n geldjie gegee, of ‘n gholfdag aangebied, of ‘n prys gegee op die gholfdae.”), waarby die kinders ook betrokke is. Hierdie soort blootstelling aan positiewe rolmodelle skep vir die kind in die nywerheidskoolkonteks geleenthede vir selfondersoek, eksperimentering, bevraagtekening en opbouing van ‘n waardestelsel en lewensfilosofie wat volgens Erikson (in Louw & Louw, 2007: 309) adolesente help om te weet wie hulle is en wat hulle van die lewe wil hê.

In terme van die kind se betrokkenheid by leer, dui die deelnemers aan dat daar kinders is wat negatief ingestel is, alhoewel daar ook ‘n paar kinders is wat ten spyte van uitdagings hulle bes probeer (“daar’s ‘n paar seuns wat nie hulle kant bring nie, maar paar van die seuns wil dit doen.”). Die impak van traumatische gebeure in hierdie adolesente se lewens, het dikwels ‘n negatiewe uitwerking op hulle leervermoë en gedrag (vergelyk Naude et.al., 2004: 452), wat tot swak prestasies en uiteindelik ‘n faal-identiteit kan lei. Tydens die fokusgroepbesprekings is genoem dat ouer leerders meer gemotiveerd is ten opsigte van hulle skoolwerk (“Met die graad 11's is daar nie probleme nie, hy doen sy werk hy gaan aan, daar's net nooit ‘n probleem nie”), hoër verwagtinge vir hulself koester en graag ‘n sukses van hulle skoolloopbaan wil maak (“as hulle by my in Graad 12 uitkom is dit die ou wat matriek wil maak”). Positiewe prestasie verwagtinge ondersteun die adolescent in die nywerheidskool se strewe na selfaktualisering, wat deel uit maak van toereikende identiteitsvorming.

- Selfkonsep

Deelnemers dui aan dat multi-dissiplinêre spanvergaderings, waartydens kinders soms betrek word by die beplanning en besluitneming rondom hulle eie lewe (“even the child, if he got an input as well, you must not say: “You know nothing”) gebruik word. Deur ingesluit te word by multi-dissiplinêre spanvergaderings ervaar die adolescent dat sy opinie van waarde geag word, wat bydra tot die ontwikkeling van selfagting. Sodoende beskou die adolescent homself as ‘n waardevolle persoon en ontstaan positiewe gevoelens wat bydra tot selfaanvaarding. Hierdie gevoel van erkenning staan in kontras met die adolescent se gevoel van ouerlike verwering wat dié kinders dikwels in hulle opvoedingsgesitueerdheid vóór opname by die nywerheidskool ervaar het (vergelyk Gouws et. al., 2000: 109) en dra by tot ‘n positiewe selfkonsep.

Die kinders bestuur ook self die sakgeld wat hulle maandeliks van die Onderwysdepartement ontvang. Steinberg en Cauffman (in Louw & Louw, 2007: 307) meld dat effektiewe besluitneming kognitiewe-, sowel as psigo-sosiale komponente bevat, maar dat adolesente se besluite baie meer deur psigo-sosiale faktore (soos die gevoel wat hulle op die spesifieke oomblik ervaar of die wens om deur ander aanvaar te word) beïnvloed word. Indien die adolescent in die nywerheidskool sy geld goed bestuur, ervaar hy ‘n gevoel van selfvertroue in sy vermoë om goeie besluite te neem, wat selfagting en uiteindelik die adolescent se selfkonsep positief beïnvloed.

Gouws et.al. (2000: 86) beskryf die adolescent met 'n positiewe selfkonsep en goeie selfbeeld onder ander as iemand met integriteit wat verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar. Deelnemers ervaar dat van die leerders oor integriteit beskik deurdat die deelnemers hulle kan vertrou met belangrike take ("daar's nogal sekere seuns wat jy baie goed kan vertrou, met 'n sleutel, en hom stuur, en hy sal terugkom"). Verantwoordelikheid is sigbaar in die leerders se insette ten aansien van hulle eie gedrag, ten einde terugplasing na hulle families te bespoedig ("hy het die hele kwartaal vir dit (terugplasing) gewerk"). Dié dat 'n kind in residensiële sorg selde by sy ouers geleer het om verantwoordelik te wees (vergelyk Kroon, in Nel, 2005: 43), word ondervang deur geleenthede in die nywerheidskoolkonteks wat interne ontwikkelingsbates soos, integriteit en verantwoordelikheid, bevorder.

Die geleenthede op akademiese-, kulturele- en sportgebiede wat deur die nywerheidskool aan die risikojeugdige gebied word, bevorder spesifieke eienskappe en vaardighede wat sigbaar in die skool se trotse geskiedenis van prestasies is ("Ons het 'n trotse geskiedenis en rekord wat regoor die land gerespekteer word"). Om oor spesifieke vaardighede te beskik, bevorder die adolescent in die nywerheidskool sy selfafgting en uiteindelik sy selfkonsep (vergelyk Newman & Newman, in Louw et.al., 1998: 289). Bogenoemde trotse geskiedenis van oudleerders wat 'n besondere sukses van hulle lewens gemaak het, sluit onder ander in: 'n regter, verskeie advokate, prokureurs, predikante, onderwysers en uiters suksesvolle sakemanne ("Ons kry geweldig baie terugvoering van oudleerders wat kom sê, as dit nie vir \*\*\* was nie dan het hulle nie matriek gemaak nie"). Dit kom dus voor dat alhoewel leerders nie altyd 'n positiewe toekomsbeeld openbaar tydens hulle verblyf in die nywerheidskool nie, die blootstelling aan die opvoedingstyl by dié skool, rigting en sin aan kinders se bestaan verleen.

- Emosies

Die deelnemers dui aan dat die adolescent se basiese behoeftes vervul word deur onder ander ondersteuning vanuit die gemeenskap. Talle uitreikaksies is ingestel om in die kinders se behoeftes soos byvoorbeeld voedsel ("dan gee \*\*\*gemeente elke jaar Kersfees ...koekies, ...en hulle kry, sê nou maar, 'n blik koffie), kleding ("En dan reik die \*\*\*Kerk uit in die sin dat hulle van tyd tot tyd klere bring) en ekstra sakgeld ("en hulle kry dalk 'n bedragtie geld wat die kerk vir hulle gee...R30 per kind, dis dan nou die ouens wat Desembermaand in die koshuis bly") te voorsien. Betrokkenheid deur instansies soos die Vroue-Forum ("hulle noem die tuistannies..., hulle het 'n pakkie opgemaak met eetgoedjies in of 'n hemp in, dan kry elke kind 'n pakkie") sluit aan by Maslow, soos aangehaal deur Maree (in Elof & Ebersohn, 2004: 398) se fisiologiese behoeftes. Die vervulling van hierdie behoeftes is 'n voorvereiste vir die vervulling van hoër orde behoeftes soos: behoefte aan sekuriteit en veiligheid, die behoefte aan liefde en 'n gevoel van behoort, behoefte aan sukses en selfwaarde en self-aktualisering of die bereiking van persoonlike doelwitte. Die toereikende bevrediging van die adolescent in die nywerheidskool se basiese behoeftes, dra daar toe by dat hulle behoefte aan sekuriteit en veiligheid, liefde en gevoel van behoort, aandag geniet.

Deelnemers erken dat dit noodsaaklik is om die kind emosioneel veilig te laat voel deur die kind voor te berei vir sy verblyf by die skool in terme van wat hy kan verwag en wat van hom as leerder verwag sal word (“And they speak with the child, he knows exactly, before he even was admitted to the school, he knew the whole process”). Kinders ontvang ook die nodige begeleiding in juridiese sake deurdat die sielkundige die kind ondersteun ten opsigte van hofverrigtinge (“hy (sielkundige) is die ou wat hofverrigtinge bywoon”). Sodoende hoef die adolescent nie te voel of hy op homself aangewese is nie, maar kan staatmaak op die bystand van ‘n volwassene wat vir hom omgee. Die betrokke nywerheidskool streef daarna om by die kinders voldoende selfvertroue te ontwikkel om nuwe situasies (soos hofverrigtinge) sonder te veel spanning tegemoet te kan gaan, te hanteer en om die werklikheid op ‘n emosioneel gebalanseerde wyse te aanvaar (Swart, 2007).

Die deelnemers maak gebruik van strategieë soos voorgestel deur Lourens (2004), wat die kinders in staat stel om hulle gevoelens te identifiseer en om daaroor te praat, asook om empatie vir ander te ontwikkel. Strategieë soos om die kinders aan te moedig om hulle behoeftes te kommunikeer (“Ek het hom ‘n brief laat skryf.”) en om begrip vir die kind se belewenis te toon (“as mens hier en daar hoor hoe dit by hulle huise gaan, ...die milieu waaruit hulle kom en hoe dit in hulle huise gaan, dan het ‘n mens regtig baie simpatie. Dan wonder ek soms, sou ek nie ook so opgetree het nie?”). Bogenoemde strategieë dra daartoe by dat adolescenten in die nywerheidskool beter beheer kan uitoefen en gepaste uiting aan hulle gevoelens kan gee wat tot minder gedragsprobleme en groter aanvaarding van ander mense kan lei (vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003: 11).

Geleenthede van samesyn, waardeur die kinders erkenning en aanvaarding kan ervaar, word in die nywerheidskolkonteks geskep. Die kinders tree soms in verskeie hulpverleningsrolle op, soos byvoorbeeld tydens fondsinsamelingsdae (“by die damestee...hulle was waiters of modelle, een het ‘n speech gegee en een het ‘n voordrag gegee...ek het nogal gedink dit het hulle laat voel, ek beteken nou iets”), of waar hulle ‘n diens tot voordeel van die gemeenskap kan verrig (“Baie lank terug, sou ons hulle byvoorbeeld gevat het om die rivier te gaan skoon maak en dan sal hulle ‘n artikel daarvan in die koerant skryf.”). Tydens fondsinsamelingsprojekte soos damesteefunksies en gholdae is faciliteite beskikbaar gestel om geleenthede vir die seuns te skep vir die gunstige kennismaking en inskakeling by die breër gemeenskap. Sodoende voel die kinders deel van die gemeenskap.

Om ‘n terapeutiese atmosfeer in die skool te skep, is volgens die hoof, sy primêre taak, want slegs dan kan heropvoeding gedy (Swart, 2007). Omdat die leerders hoofsaaklik uit huise kom waar gesins- en samelewingsomstandighede ongunstig is, het die kinders goeie begrip en professionele terapie nodig. Die deelnemers ondersteun sover moontlik die leerders. Waardering (“ek druk hulle, ek lief hulle, en ek sê dit vir hulle.”) van die kind en aanvaarding van sy gevoelens (“wanneer dit nodig is, te kan sê: shame, moenie stress nie, dit sal beter gaan.”)

ondersteun die kind in die nywerheidskool se gevoel van "behoort". Deelnemers besef egter wanneer die kind se behoeftes buite hulle kennis- en/of ervaringsveld val ("As ek vind dit is iets waarmee ek jou nie kan help nie, die sielkundige kan, dan moet jy weet, ek gaan dit met die sielkundige bespreek.") en verwys dan na die sielkundige ("jy praat met die kind en dan gaan jy maar na \*\*\* toe en dan sê jy, ...die kind het met my gepraat, ek het dit en dit opgetel"). Die nywerheidskool maak ook soms van 'n predikantsvrou gebruik ter berading na 'n traumatische incident ("ons het so twee jaar terug 'n kind gehad wat selfmoord gepleeg het, toe't ons so bietjie berading van \*\*\* ontvang").

Die deelnemers se ervaring van bovermelde is dat dit baie waardevol vir die kinders is deurdat die kinders ervaar daar is iemand wat beskikbaar is om op 'n professionele empatiese wyse na hulle behoeftes te luister ("Sy het 'n punt daarvan gemaak om eenmaal 'n week al haar kinders te sien, sy het baie deernis en ongelooflike empatie met hulle gehad"). Volgens die deelnemers het die sielkundige dikwels nodig om 'n spesifieke kind vir psigiatriese behandeling te verwys, wat gevvolglik die kind se voorbereiding, begeleiding na die psigiater en monitering van medikasie insluit ("die sielkundiges doen berading, dan word hulle na 'n senuweekliniek toe gevat, en dan kry hulle medikasie"). Medikasie verminder dikwels die adolescent se hiperaktiewe-, impulsiewe- en aggressiewe gedrag wat 'n positiewe uitwerking op akademiese vordering, interpersoonlike verhoudings en terapeutiese interventions het (verglyk Bloomquist & Schnell, 2002: 176-177). Bogenoemde dra uiteindelik by tot meer positiewe gevoelens en ondersteun sodoende die adolescent in die nywerheidskool se emosionele ontwikkeling.

Een van die nywerheidskool se spesifieke doelstellings is die opvoeding en onderwys vir fisieke gesondheid, bedrewendheid en fiksheid (Swart, 2007). Dit behels die bevordering van optimale ontwikkeling en gesondheid van die liggaam, met die oog op verwante hoedanighede soos selfvertroue, deursettingsvermoë, persoonlike sindelikheid, netheid en gevvolglik 'n positiewe selfbeeld. 'n Deelnemer se gewoonte van vroeër om soggens saam met die seuns te gaan draf, swem of fietsry, het die kinders positief gestem en fiksheid bevorder. Deur seker te maak dat die kinders geleenthede het om fisieke oefening te kry word die adolescentse se fisieke- sowel as geestesgesond positief bevorder (vergelyk Du Preez, in Eloff & Ebersöhn, 2004: 46).

#### 4.2.1.2 Sosiale ontwikkeling

- Interpersoonlike verhoudings

##### Verhouding met ouers

Gesins- en/of familie ondersteuning in die nywerheidskoolkonteks is baie min of bestaan nie, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat die kinders van regoor die provinsie afkomstig is en afstand dikwels 'n remmende faktor is ("..hier's kinders wat van ver af kom, ...dis onmoontlik vir die ouers om hier uit te kom").

Ander kinders se ouers, alhoewel naby geleë, wil soms nie die kind akkommodeer nie as gevolg van uitdagende gedrag (“..dan kry ons ouers wat sê hulle wil nie meer die kinders hê vir naweke of vakansies nie, want die kind maak te veel droog en hulle sien nie kans nie”), terwyl sommige kinders geen ouer of voog het nie (“...ons het elke vakansie kinders wat bly, wat niemand het om na toe te gaan”).

Hoewel bogenoemde as ‘n remmende faktor tot ondersteuning beskou kan word, kan daar vanuit die bate-gebaseerde benadering geredeneer word dat die nywerheidsskool vir die sorgbehoewende kind ‘n ondersteunende omgewing kan wees, in plaas daarvan dat hy verder blootgestel word aan omstandighede wat sy psigo-sosiale ontwikkeling ernstig kan skaad. Deelnemers meen dat van die leerders besef hulle is beter af in die nywerheidsskool as waar hulle vandaan kom (“baie van hulle besef, ek kry kos, hier slaap ek in ‘n warm bed, kry ek onderrig..”) en daarom tot ‘n mate ‘n gevoel van behoort ervaar. Louw & Louw (2007: 376) verwys na veerkragtige kinders as die kinders wat hulle skool ‘n tuiste-weg-van-die-huis-af maak, ‘n veilige hawe weg van die chaotiese omstandighede tuis.

Kinders word aangemoedig om kontak met hulle families te behou deur middel van uitnaweke (“die kinders kan (naweke) huis toe gaan wanneer hulle wil, as die ouers hulle wil hê en as hulle gedrag reg is”). Die skool se maatskaplike werker skakel ook gereeld met welsynorganisasies verantwoordelik vir rekonstruksiedienste in verband met vakansieverlof, ontslag en ontheffing (Swart, 2007). In die geval waar ‘n kind verlaat is en/of geen ouer/voog het nie, poog die nywerheidsskool om ouers en/of familie op te spoor in samewerking met ander organisasies, soos byvoorbeeld die polisie, howe en maatskaplike werkers (Swart, 2007).

In die gevalle waar daar wel kommunikasie met familie is, vind dit meestal telefonies plaas. Dit kom voor asof hierdie kommunikasiemiddel geredelik beskikbaar is (“meeste van hulle het selfone”) en asof daar moeite gedoen word om seker te maak dat alle kinders toegang het tot belangrike ander persone buite die skool (“die ou wie nou nie ‘n selfoon het nie, as dit regtig nodig is, kan hulle na hulle sielkundige gaan en dié maak dan vir hulle ‘n oproep”).

Ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite, alhoewel min, vind wel soms plaas. Ouers word op verskeie wyses by die psigo-sosiale ontwikkeling van die kind betrek, soos tydens prysuitdelings (“met prysuitdeling, word die ouers genooi, die wat dit kan bywoon, doen dit”) en multi-dissiplinêre spanbesprekings (“ons hou groepsbespreking van tyd tot tyd met kinders wat baie moeilik is as die ouers beskikbaar is, of as daar ouers wel is”). Volgens Bloomquist & Schnell (2002: 333) bestaan daar konsensus tussen praktisyens en navorsers dat dit moeilik is om families van kinders met gedragsprobleme te betrek by die intervensieproses. Bloomquist & Schnell stel ‘n plan voor om ouers se samewerking te verhoog en sluit onder andere die volgende in: berei die familie voor vir die intervensie deur metodes en prosedures te verduidelik, nooi die familie uit om insette te lewer, bied praktiese hulp aan en identifiseer struikelblokke.



### Verhoudings met betekenisvolle ander

Bates ten aansien van interpersoonlike vaardighede kan gesien word in die verhoudings wat tussen individuele deelnemers en kinders gesmee word. Dit is veral opmerklik op die wyse waarop 'n onderwyser en kind van mekaar afskeid geneem het met die kind se vertrek van die skool ("voordat hy gaan toe sê ek ek wil graag met hom praat, ..ek wil vir hom groet.., ..hy wou sy juffrou groet."), asook die wyse waarop hulle mekaar hanteer ("hy het baie respekte vir my gehad, ek het hom met respekte behandel"). 'n Besondere emosionele verbintenis ("maar die ou wat voel hy kan 'n verskil maak, is die ou wat maar weer probeer"), begrip ("mens moet baie selfbeheersing toepas baie keer, want jy weet dis 'n baie onstabiele kind wat voor jou sit"), waardering en empatie ontstaan ("omdat ek sy omstandighede ken, weet ek hy het dit nodig dat daar iemand is, érens gee iemand vir hom om") tussen die opvoeder en kind en is noodsaaklik om hierdie sorgbehoewende kinders te bereik, om sinvol met hulle te kan werk en om opvoedingsdoelstellings te verwesenlik (vergelyk Watson, 2002: 68).

Volgens die deelnemers word die kinders se verhoudings met betekenisvolle ander aangemoedig deur middel van informele kommunikasie ("Daar is van hulle wat partykeer met ons, sommer net kom gesels"), waar daar geleenthede vir die kinders geskep word om daagliks gebeurtenisse met iemand te deel ("Ag, dis maar alledaagse goed...oor die skoolwerk, wat hierdie ene doen, wat daai ene doen."). Dit kom voor asof die kinders 'n onderliggende behoefte het aan interpersoonlike kontak aangesien hulle geselsies met deelnemers doelbewus opsoek ("Dis maar meerendeels pouse, of in die aand, as jy nie baie besig is nie kry jy van hulle wat so af en toe met jou kom gesels").

Dit kom voor asof die kinders verkies om tyd deur te bring met deelnemers met wie hulle 'n goeie verhouding het ("Daar is van die seuns wat by my in die koshuis was wat nou nog na my toe sal kom en 'n bietjie kom kuier"). Deelnemers beskryf 'n goeie verhouding as een waarin die kind gerespekteer word ("Dit hang af hoe jy met hom kommunikeer"), waarin die ander persoon belangstelling toon in die kind ("Amper tipe van 'n maat") en waarin die kind spesiaal voel of bemagtig word ("\*\* dink nou my man is hierdie wonderlike ding wat met hom gebeur het, want my man laat hom (motor) bestuur, die ratte vir hom laat verander").

Verhoudings met belangrike ander is ook al suksesvol aangemoedig en instand gehou deurdat koshuisouers hulself beskikbaar stel op 'n vasgestelde tyd en plek, op 'n daagliks basis, sodat die kinders met hulle kan kom gesels ("toe ons koshuis oop (in gebruik) was..., het ek en my man 'n punt daarvan gemaak om ten minste 'n uur op 'n dag in die portaal te sit en wie ookal wou, het by ons kom kuier"). Watson (2002: 72) ondersteun bogenoemde praktyk en is van mening dat kinder- en jeugsorgwerkers 'n veilige en huislike atmosfeer wat gesellig en verwelkomend is vir kinders moet skep.

Die waarde van 'n ondersteunende verhouding met 'n volwassene wat omgee kan nie genoeg beklemtoon word nie en word deur verskeie skrywers (vergelyk Durlak, Wenar & Kerig, in Eloff & Ebersöhn, 2004: 73; Bloomquist & Schnell, 2002: 280) as 'n noodsaaklike komponent van veerkragtigheid beskou. Deelnemers ag die vertrouensverhouding tussen hulle en die kinders baie hoog en verduidelik die beperkinge rondom konfidensialiteit ("Ek sê baie keer vir die kinders, as jy met my oor iets praat, sal ek jou privaatheid respekteer, behalwe wanneer ek weet dis iets wat ek nie kan hanteer nie en die sielkundige moet hanteer"). Die gebruik van voogklasse ("Ons het 'n voogstelsel ook gehad") is in die verlede benut en kan as 'n bate wat kontak tussen onderwyser en kind op informele wyse aanmoedig, beskou word.

#### Verhoudings met portuur

Louw et.al., (1998: 454) stel dit dat adolesente 'n dwingende behoefté het daaroor om "te behoort" en dat dit daarom nie vreemd is dat hulle sosiale ontwikkeling gekenmerk word deur 'n toenemende belangstelling in en betrokkenheid by die portuurgroep nie. Deelnemers erken hierdie behoefté van die adolescent in die nywerheidskool en moedig hulle aan om tyd saam met die portuurgroep, wat geleenthede vir gesonde sosiale interaksie skep deur te bring.

Deelnemers rapporteer dat konstruktiewe aktiwiteite soms op 'n gestruktureerde wyse aangebied word ter bevordering van die leerders se interpersoonlike vaardighede ("..aandpraatjies wat ons gegee het, ek moes praat oor "goeie maniere"), alhoewel die kinders verkies om in hulle vryetyd besig te wees met aktiwiteite van hulle keuse. Kreatiewe aktiwiteite in die vorm van teateropvoerings word onderneem ("ek het hulle verlede jaar gevat om Fielo te gaan kyk by \*\*\*"), terwyl ander opwindende idees soos uitstappies na 'n nabijgeleë dieretuyn ("ek sou graag die kinders op 'n uitstappie wou vat byvoorbeeld na hierdie plek in \*\* toe, die dieretuyn") deur van die deelnemers gekoester word.

Buitemuurse aktiwiteite waaraan die kinders kan deelneem, behels sokkerwedstryde en avontuurkampe waar die kinders geleentheid kry om met hulle portuur buite skoolverband (vergelyk Gouws et.al., 2000: 76-77), kennis te maak en tyd te spandeer ("die adventure kamp waar hulle leer om te socialize"). Kampe soos dié word deur die skool gefinansier ("die skool sal al die fondse betaal vir die kinders wat op die kamp wil gaan") en kinders word aangemoedig om dit by te woon.

Die deelnemers vermeld dat die skool se sportfasiliteite onder andere uit rugbyvelde, tennisbane en 'n gimnasium bestaan, waar die kinders rugby, tennis en liggaamlike fiksheid kan beoefen. Ontspanningsfasiliteite sluit in: 'n swembad, basketbal- en skaatsplankbaan ("Hulle het 'n plek hier, die hoof het vir hulle "ramps" en goed gebou") en veelvuldige toerusting ("die hoof het duisende rande se goed aangekoop") soos bordspeletjies, tafelsokker, pool, sokkerballe, tennisrakette en skaatsplanke. Verder kan hulle televisie kyk en hulle selfs met DVD's vermaak.

Bogenoemde aktiwiteite hou die moontlikheid van positiewe portuurinteraksie en gesonde liggaamlike ontwikkeling in. Beide moontlikhede hou bepaalde voordele vir die adolescent in die nywerheidsskool se psigo-sosiale ontwikkeling in.

#### 4.2.1.3 Morele ontwikkeling

- Die rol van die portuurgroep

Risikojeugdiges misluk dikwels daarin om sosiaal aanvaarbare gedrag te toon wat daartoe bydra dat hulle nie deur positiewe portuurgroepe aanvaar word nie. Volgens Knorth et.al. (2007: 7) is die implikasie hiervan, dat: “..they often join deviant subgroups in which leisure time is spent just hanging around, being bored, and indulging in vandalism and petty crime”. Kinders in die nywerheidsskool word aangemoedig om hulself te distansieer van die negatiewe portuurgroep (“we encourage these boys to distance themselves from those who are influencing them negative”) ten einde op ‘n aanvaarbare wyse sosiaal aan te pas.

Deelnemers se verwysing na sommige seuns wat nie onder groepsdruk swig nie, deelneem aan kreatiewe aktiwiteite en hulself van dwelmmisbruik weerhou, dui op die teenwoordigheid van bates ten opsigte van weerstandsvaardighede en gesonde leefstyl, alhoewel dit beperk is tot ‘n sekere groep kinders (“die seuns wil partykeer niks doen nie (speletjies), maar daar is ‘n paar seuns wat wil”); (daai eerste aand toe dwing hulle hom om dagga te rook...toe wil hy nie”).

Tydens ‘n fokusgroepbespreking is positiewe portuurinteraksie tussen die kinders beskryf waar die seuns mekaar fyn dopgehou het (“die ander check hom met arendsoë”) om seker te maak niemand oortree ‘n reël van die “Nie-rokers Klub” nie. Hierdie praktyk stem ooreen met Knorth et.al. (2007: 11) se voorstel dat die portuurgroep aangewend kan word om die gedrag van risikojeugdiges in residensiële sorg positief te beïnvloed. Die klub het egter tot niet gegaan as gevolg van ‘n tekort aan eksterne motivering wat as aanmoediging kon dien om volgehouding van belangstelling van die kinders te verseker.

Deelnemers noem dat daar tans nie ‘n koffiekroeg by die skool is nie. Indien ‘n personeellid inisiatief aan die dag lê, kan hierdie onbenutte bate in die toekoms gemobiliseer word (“\*\*\* hulle bied ‘n koffiekroeg aan, sy’s nou weg, maar sy’t gesê hulle wil graag aangaan daarmee”) ter bevordering van die kinders se sosiale interaksie en gesonde ontspanning.

- Die rol van die skool

Ten spyte van die uitdagings wat die kinders se gedrag soms aan die deelnemers bied, bly die deelnemers poog om hulle by te staan en te lei (“..you can’t reject him and say you have a behaviour problem we leave you, we must try something else”). Die deelnemers besef dat dit ‘n voortdurende opvoedingstaak is en stel realistiese verwagtinge (“..development takes time, it’s a process, you can not say you speak to a child today and tomorrow his changing”).

Dit kom voor dat ten spyte van die deelnemers se persepsie van beperkte en/of oneffektiewe strafmaatreëls – wat 'n negatiewe uitwerking op hulle moraal het (“daar is nie vir die kind 'n straf nie”); (“hulle lag my af, wat kan ek doen?”) – blyk daar wel bates te wees wat aangewend word ten opsigte van dissipline. Voorbeeld hiervan is dat kinders tuindiens moet doen, weerhou word van uitnaweke en/of sakgeld. Daar bestaan verskillende opinies oor die doel/funksie van die skool se tuindienste. Sommige deelnemers meen dit word aangewend as strafmaatreël (“die enigste manier waarop ons hulle kan straf, is met tuindienste”), terwyl ander dit as 'n opvoedingsgeleentheid beskou (“Hulle maak skoon, is nie 'n straf nie, ons wys hulle, we develop them, ...it's how we instill some other things like discipline.”). Adolescente in die nywerheidskool word dus begelei deur middel van onderrig en modellering (vergelyk Cloud & Townsend, 1998: 41-44), in die beginsels van wat reg en verkeerd is en om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar. Sodoende word die adolescent se morele ontwikkeling bevorder.

Die tuindienste gaan dikwels hand aan hand met die uitnaweke, aangesien 'n kind eers sy straf moet uitdien voordat hy mag huis toe gaan (“As hulle iets verkeerd gedoen het dan kry hulle 'n sekere aantal dae wat hulle in die tuin moet werk, dan moet hulle daai dae afwerk voor hulle kan huis toe gaan naweke.”), wat in effek 'n dubbele strafmaatreël is. Party deelnemers meen om 'n kind te weerhou om huis toe te gaan, is die enigste effektiewe wyse van straf (“daar was al kinders wat moes inbly. Dis eintlik al wat jy hulle mee kan straf.”). Hierdie praktyk is egter teenstrydig met die beginsel van rekonstruksiedienste sowel as met 'n uitspraak van die hooggereghof wat benadruk dat: “Family contact is no longer to be treated as a privilege” (Serrao & Russouw, 2005).

Dissiplinering deur weerhouding van voorregte soos sakgeld blyk as 'n effektiewe strafmaatreël beskou te word (“op die oomblik vat hulle so bietjie aan hulle sakgeld”). Dit behels administrasie deur die deelnemers (“Nou't ons 'n vreeslike strokiestelsel as hy elke periode klas bywoon, moet die onderwyser teken”), maar kan as 'n positiewe dissiplineringsmaatreël aangewend word deurdat daar nie slegs op teregwysing gelet word nie, maar ook op erkenning (“..dan word daar van sy sakgeld afgetrek en as hy iets goeds gedoen het, kry hy geld by.”). Dit gee die kind die geleentheid om selfdissipline aan te leer, deur na te dink oor en verantwoordelikheid te neem vir sy gedrag. Die betrokke nywerheidskool streef daarna om by die kinders selfdissipline te ontwikkel, wat onafhanklik van reëls is (Swart, 2007).

Vir die deelnemers is dit belangrik om 'n balans tussen erkenning en teregwysing te handhaaf (“as daar nie 'n balans is tussen omgee en liefde, en dan die straf wanneer dit jou toekom nie, dan is daar nie noodwendig daardie wedersydse respek nie”). Die deelnemers besef daarsonder is die toepassing van dissipline nie van enige opvoedingswaarde nie (“as ek nie met my dissipline my kind kan oortuig ek doen dit omdat ek jou liefhet nie, dan dien dit nie 'n doel nie”).

Skoolgrense waarvan in die verlede gebruik gemaak is en wat deur deelnemers beskou is as suksesvolle dissiplineringsmaatreëls, sluit in om die kind af te sonder ("hulle't dit genoem 'n mediteerkamer... As 'n kind nou 'n straf gekry het, dan het hulle hom daar ingesit, dan's hy toegesluit daar"); kontrolelyste om seker te maak die seuns woon ekstra-kurrikulêre aktiwiteite by ("ons het register gehou"); 'n begeleidingstelsel ("hy kom met koshuisleiers skool toe, hulle kom haal hom uit jou klas uit, begelei hom na die volgende klas toe en so gaan hy vanmiddag terug"); en erkenning vir positiewe uitkomstes ("ek het dit op 'n beloningstelsel gedoen"). Om grense aan die kind in die nywerheidskool te stel is een van die wyses om aan die kind veiligheid te bied en hom te help om norme/waardes te internaliseer.

Aspekte rakende morele kwessies soos dwelmmisbruik word deur die personeel hanteer ("as ek iets kry oor dagga, oor rook, oor afhanklikheid, dan gaan ek na \*\*\* toe, dan sê ek, plak op") en deur organisasies soos SANCA ("SANCA kom hiernatoe, een keer 'n week, Dinsdae, wat hulle met die kinders kom werk.") en die polisie ("die polisie...praatjies gelewer oor positiewe en negatiewe goed, en van tyd tot tyd met die honde gekom en die plek deursoek vir dagga") ondersteun. Hierdie gemeenskapsbetrokkenheid by die kinders in die nywerheidskool is ingestel ter bevordering van hulle morele ontwikkeling.

#### 4.2.1.4 Religieuse ontwikkeling

Religieuse ontwikkeling geniet aandag deur kerkorganisasies wat deel uitmaak van die breër godsdiensgemeenskap wat by die skool betrokke is. Verskeie godsdiensaktiwiteite vind op gereelde basis plaas ("hulle's altyd welkom, Vrydag, Saterdag, Sondag") op die skoolterrein ("daar's ook 'n kerkgroep wat hiernatoe kom, die \*\*\* reël vir hulle), alhoewel kinders ook toegelaat word om soortgelyke aktiwiteite in die gemeenskap by te woon ("hier is ook van hulle wat op 'n baie gereelde basis kerk bywoon in \*\*\*"). Sodoende kry kinders in die nywerheidskool geleentheid om 'n geloof wat persoonlik en betekenisvol vir hom as individu is, te ontwikkel (Gouws et. al., 2000: 118-119).

Die aktiwiteite wat bygewoon kan word, sluit in: Jeugkerk ("die Jeug, partykeer gaan hulle by verskillende plekke, partykeer hulle gaan ook by die skool"); CSV (Christelike Studentevereniging) ("die CSV het ons mos daai onderwysertjie), selgroepe; daagliks opening met Skriflesing en gebed saam met die kinders; saalopening elke Vrydag en aandgodsdienste in die koshuise en selfs kerkkampe. Boekies met inspirerende dagstukkies (Daily Devotional Guide deur S.D. Bryant) word ook vrylik aan leerders beskikbaar gestel deur een van die plaaslike kerke. Verder word Christelike jeuggroepe en sprekers ("daai eks-satanistiese ou, \*\*\*) verwelkom by die skool en hulle betrokkenheid by die kinders geniet eerste prioriteit ("Die oomblik wat 'n groep wil kom, dan stop die skoolaktiwiteite, want dit kom eerste").



#### 4.2.2 Verdere bevindinge wat indirek die adolescent in die nywerheidsskool se psigosoosiale ontwikkeling bevorder

Watson (2002: 70) meen dat die opleiding van opvoeders 'n bydra tot die kwaliteit van opvoeding lewer. Die personeelkorps sluit opvoeders met honneursgrade in spesiale onderwys in ("Ek het my Honneurs gedoen in leerders met spesiale leerbehoeftes by \*\*\*") en meer as die helfte van die deelnemers is reeds jare lank in diens van die betrokke nywerheidsskool ("ek is van 1981 af hier, so dit is so amper 27 jaar"). Deelnemers het met moeite ("Jy byt op jou tandé en jy probeer") en opoffering ("ons wat nou al so lank hier is, voel jy gaan dit nou maar enduit moet deurvoer") die besondere tegnieke en vermoëns verwerv wat slegs deur ervaring ("ons is al so gewoond daaraan, dat jy gee maar jou alles, al stel hy jou teleur, jy probeer vir hom gee wat jy kan") bemeester en verfyn kan word.

Toepaslike verwagtinge vir akademiese vordering manifesteer in die skool se akademiese doelstellings, wat elke kind aanmoedig om die hoogste moontlike kwalifikasie te behaal ("ons is suiwer hoofstroomgerig, want ons bied Graad 12 ook aan"). Die skool se prestasies duï ook daarop dat hulle in hierdie doelstellings slaag, deurdat elke Graad 12 leerder oor die afgelope paar jare, die skool met 'n matrieksertifikaat verlaat ("die laaste 17/18 jaar het ons 100% slaagmatriek gehad."). Die deelnemers voel sterk daaroor dat die seuns gebruik moet maak van die geleenthede wat tot hulle beskikking is ten einde hulself voor te berei vir hulle toekoms ("Ek sal net wil sien dat hulle skool, klasse toe gaan en geleerdheid kry, hulle't al die geleenthede hier").

Onderrig geskied op 'n een-tot-een vlak as gevolg van die beperkte aantal leerders in 'n klas, sodende geniet leerders dus baie individuele aandag ("dis wonderlik om met 1 tot 5 kinders in die klas te werk, dan kan jy regtig alles vir hulle doen"). Deelnemers loop dikwels die spreekwoordelike ekstra myl om kinders te ondersteun met hulle klas- en huiswerk ("ons doen regtig moeite, ... jy doen vir hom alles want hy kan nie navorsing (by die huis) gaan doen nie") en is ten alle tye daarop ingestel om die leerders te begelei tot die hoogste kwalifikasie moontlik ("van ons kant af, doen die onderwysers alles om hulle deur matriek te kry.").

Bovermelde onderrigstyl ondersteun die kind in die nywerheidsskool wat meer geredelik deur 'n konkrete, praktiese, tydsame en persoongesentreerde benadering en ingesteldheid, leer (Pretorius, 1998: 321-322). Die nywerheidsskolkonteks bied die ideale omgewing vir die opvoeder wanneer dit kom by onderrigtyd, aangesien die kind outomatis na ure beskikbaar kan wees, indien nodig ("as jy hom nodig het in die middag om werk in te haal is hy op die gronde so jy kan dit doen of oor 'n naweek").

Ondersteuning van die kind in die nywerheidsskool neem dikwels verskillende vorme aan en volgens die deelnemers word daar van 'n verskeidenheid ondersteuners uit verskillende dissiplines in die vorm van 'n multi-dissiplinêre span, gebruik gemaak ("Careworkers, Social worker, psychologist, teachers we're all together working with the child, everyone can contribute"). Die gemeenskaplike doel van hierdie ondersteuningsdiens is om by te dra tot die psigo-sosiale ontwikkeling van die leerders ("we discuss with the psychologist, we come together and discuss what we can do").

Dié spesifieke diens word elke dag gemobiliseer ("every morning most specially at school, the psychologist, social worker and teachers, there's a meeting at 7:30") ten einde seker te maak dat al die rolspelers op hoogte is van die jongste verwikkelinge wat die kind se funksionering mag raak (because we work 24 hours us childcare workers, so everythings got jotted down in a journal and then we hand over, and we start from there in the mornings before school starts").

Dit is noodsaaklik dat die lede van die multi-dissiplinêre span emosioneel sterk en beskikbaar vir die adolescent in die nywerheidsskool is. Hiervoor het hulle self ondersteuning en ontspanning nodig. Die damesdeelnemers ervaar mekaar as 'n waardevolle bron van ondersteuning ("Ons vrouens is nogal vir mekaar 'n vreeslike "support system""), deur 'n gewillige oor te hê vir mekaar se probleme ("ons luister maar as iemand 'n probleem met 'n kind het") en mekaar moed in te praat wanneer dit moeilik gaan ("ons praat met mekaar"). Afperioedes help dikwels dat onderwysers kan asemskep, om in die volgende periode kalm en bedaard voort te gaan met klasgee ("die spookperioedes wat ek vroeër gehad het waar ek net weer myself kon herbedink en net myself weer regkry, het vir my ontsettend baie beteken").

Deelnemers staan mekaar dus gereeld in die vorm van praktiese ("as ons klasbesoek kry, sal \*\*\* byvoorbeeld vir my kom vra, kan ek vir jou die Graad 8's vat dat ek net weer so bietjie orde kry"), sowel as emosionele ondersteuning by ("Ons het nie regtig raad vir mekaar met 'n stout kind nie, ons kan nijs doen nie, maar jy't iemand wat luister."). Die deelnemers vind baie onderskraging in hulle godsdiens ("Maar andersins maak ons ook baie staat op ons godsdiens."), nie slegs in hulle persoonlike hoedanighede nie, maar ook as personeelkorps ("Ons open elke oggend in die personeelkamer met Skriflesing en gebed"). Hierdie vorm van ondersteuning onder deelnemers kan as indirekte bate tot leerderondersteuning beskou word, omdat die deelnemers meer emosioneel beskikbaar kan wees indien hulle self emosioneel ondersteun word.

Van die deelnemers vermeld dat hulle introspeksie doen ("Partykeer sal ek baie ordeelkundig wonder op my eie, waar het jy nou weer fouteer dat hierdie kind nou so afgegaan het?") ten einde verhoudings met leerders gesond te hou. Hierdie vaardigheid sluit goed aan by Cloud & Townsend (1998: 39) wat noem dat: "You need to interpret a child's behavior as a response to your own".

Die deelnemers beoefen onder andere vaardighede soos selfbeheersing ("Jy moet verskriklik baie selfbeheersing toepas om hom net deur daai periode te kry en positief te hou."), ontspanningstegnieke ("Partykeer het jy hierdie verbale goed wat na jou toe aankom, dan sak ek net my kop en kyk op die tafel, en ek besluit ek wil nie die kind wat dit nou sê in sy oë kyk nie, maar die feit bly, ná dit moet jou les aangaan.") en selfsorg ("n Mens moet partykeer net weer nugter word om weer positief te kan aangaan.") ten einde die kinders se psigo-sosiale ontwikkeling toereikend te ondersteun.

Voorafgaande word weerspieël in die deelnemers se gedrag wat getuig van kalm optredes in dikwels uitdagende omstandighede ("ons gaan dan maar net rustig voort"), taakgerigtheid ("dan probeer ons die werk tussen al die ander dinge ook nog inpas") en deursettingsvermoë ("Ag, maar dan môre dan gaan jy maar weer aan, want jy werk vir daai een ou wat dalk matriek gaan maak."). Bogenoemde ingesteldheid dra verder by tot positiewe verhoudings tussen kind en volwassene soos geïllustreer word in McNeish et.al. (2002: 11): "Successes are often due to the personal qualities of perseverance and dedication exhibited by professionals acting in parental roles".

Indien fasiliteite soos nywerheidsskole nie beskikbaar is vir die opname van risikojeugdiges nie, bots hierdie kinders dikwels met die gereg of vind hulle toevlug tot die strate. Blose (2002) se ondersoek duï op 'n groot tekort aan spesiale inrigtings vir die hantering van leerders met gedragsprobleme. Die bestaan van 'n nywerheidsskool kan dus opsigself as bate beskou word, deurdat daar voorsiening gemaak word vir huisvesting en gepaardgaande terapeutiese- en opvoedkundige dienste vir sorgbehoewende kinders.

Volgens die deelnemers maak die kinders soms staat op die skool as veilige hawe indien hulle geen ander opsies het nie ("hy het geen heenkome nie...so, hy kom terug."). Die kinders het dus die vrymoedigheid om die skool te nader vir 'n heenkome, wat moontlik daarop duï dat hulle gedurende hulle verblyf aan die skool besef het hulle kan op die deelnemers in tye van nood staatmaak ("Hy was weg hier, maar, hy het terug gekom want hy kry nie werk nie"). Die betrokke nywerheidsskool beskik oor vyf koshuise waarvan slegs een gebruik word (Edwards, 2008: 8). Dié skool beskik dus oor baie vakatures wat tans nie benut word vir sorgbehoewende risikojeugdiges nie.

#### 4.3 SAMEVATTING

Vanuit die resultate blyk dit dat daar menige bates in die nywerheidsskoolkonteks is wat die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling kan bevorder. Blootstelling aan volwasse rolmodelle, hetsy skoolpersoneel of gemeenskapslede blyk veral 'n positiewe komponent van die nywerheidsskoolkonteks te wees.

Dit kom voor dat die kinders se selfkonsep gunstig beïnvloed word deur deelname aan verskeie kreatiewe-, buitemuurse- en gemeenskapsaktiwiteite wat 'n gevoel van aanvaarding, waardering en 'behoort' meebring. Religieuse ontwikkeling vorm 'n groot deel van die opvoedingstaak wat by hierdie nywerheidskool geïmplimenteer word. Deelnemers in die betrokke nywerheidskool, wat met hierdie gedragsmoeilike kinders werk, toon oor die algemeen kennis van die leerders se behoeftes, hoë didaktiese vaardighede en insig, emosionele beheer en morele ondersteuning. Hierdie positiewe houdings en norme wat uitgeleef word, skep 'n atmosfeer van aanvaarding wat 'n belangrike voorvereiste vir suksesvolle leer is. Daar is wel uitdagings en tekorte in die betrokke nywerheidskool geïdentifiseer en daar sal in Hoofstuk 5 aanbevelings met betrekking tot geïdentifiseerde aspekte gemaak word.

## HOOFTUK 5

### OPSOMMING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 5.1 OPSOMMING VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie was om 'n ondersoek te doen na die bates wat beskikbaar in 'n nywerheidskool is, wat tot voordeel van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling aangewend kan word.

**Hoofstuk 1** het as 'n inleidende oriëntering gedien ten einde die rationaal en doel van die studie te belig. Die rationaal van die studie het ontstaan uit die navorser se bewuswording van struikelblokke ten aansien van ondersteunende infrastruktur vir kinders met ernstige gedragsprobleme. Die bate-gebaseerde benadering is aangewend ten einde ondersoek in te stel na die bates wat in die nywerheidskoolkonteks voorkom ter bevordering van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling. Sodoende word daar gefokus op die sterkpunte van die kinder- en jeugsorgstelsel (nywerheidskool) en hoe die geïdentifiseerde bates aangewend kan word ter verligting van behoeftes en tekorte ten aansien van ondersteunende infrastruktur vir kinders met ernstige gedragsprobleme. Die navorsingsparadigma, -ontwerp en -metodes wat tydens die studie gebruik is, is kortliks weergegee en relevante kernkonsepte is gedefinieer.

**Hoofstuk 2** het 'n bespreking van relevante literatuur wat betrekking het op die navorsingsprobleem gedek. Vanuit die literatuur is die bepaalde uitdagings van residensiële instansies wat verantwoordelik is vir die versorging en onderrig van risikojeugdiges, onder die loep geneem. Uitdagings rondom die kinders se gedrag, skolastiese probleme, herinskakeling van kinders in die gemeenskap, finansiële probleme en die voorgestelde hervormingsproses met gepaardgaande leemtes is bespreek. Hierdie versorgingsoorde beskik egter ook oor 'n aantal sterkpunte soos: afwenteling van kriminele sake, talryke skoolfasiliteite, goedgekwalifiseerde opvoeders en waardevolle onderrig- en terapeutiese programme. Daar is lig gewerp op die ontwikkelingstendense wat adolessente in gemeen het met verwysing na hulle psigo-sosiale ontwikkeling en na spesifieke probleme wat mag voorkom, soos dikwels die geval met die adolessent in die nywerheidskoolkonteks is.

**Hoofstuk 3** bevat 'n uiteensetting van die navorsingsontwerp wat 'n kwalitatiewe, interpretivistiese gevallestudie behels het. Die gebruik van die bate-gebaseerde benadering as teoretiese raamwerk is uitgelig. Seleksie van deelnemers het geskied aan die hand van 'n gerieflikheid- en doelgerigtheidsteekproef, terwyl die navorsingstudie in die natuurlike omgewing van die deelnemers, naamlik die nywerheidskool, voltrek is. Meervoudige data-insamelingsmetodes is gebruik waarvan die inligting van die twee individuele onderhoude as veldnotas aangeteken is, drie fokusgroepbesprekings op band opgeneem is, ongestruktureerde

waarnemings tydens fokusgroepsonderhoude genoteer is en gekopieerde dokumentasie benut is om die navorsingsvrae toe te lig. Die wyse waarop data-analise en -interpretasie geskied het is bespreek met in ag genome die kwaliteitsversekeringskriteria. Die navorsers se rol, met spesifieke verwysing na etiese maatreëls, is verduidelik en beperkinge van die navorsingstudie is geïdentifiseer en toegelig.

**Hoofstuk 4** bied 'n uiteensetting van die analise en interpretasie van die resultate. Bevindinge is binne die bate-gebaseerde raamwerk geïnterpreteer. Daar is gefokus op die sterkpunte van die nywerheidskool en breër gemeenskap en hoe die geïdentifiseerde bates aangewend kan word ter bevordering van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling. Die verkreë resultate is met literatuur in verband gebring in 'n poging om ooreenkomste uit te lig en kontradiksies te verduidelik.

**Hoofstuk 5** is 'n opsommende weergawe van die studie en bestaan uit 'n bespreking van bevindinge en gevolgtrekkings met betrekking tot elke navorsingsvraag. Aanbevelings ten opsigte van teorie, praktyk en toekomstige navorsing sal gemaak word.

## 5.2 BEVINDINGE

Die sentrale navorsingsvraag was gerig op die wyse waarop die bate-gebaseerde benadering aangewend kan word ten einde kinders in 'n nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling te bevorder. Die bate-gebaseerde benadering is aangewend deur aandag te skenk aan die bates in die nywerheidskool en breër gemeenskap wat reeds gebruik word, reeds geïdentifiseer, maar tans nie gebruik word nie en nuwe bates wat geïdentifiseer en gemobiliseer kan word ter bevordering van kinders se psigo-sosiale ontwikkeling. Bogenoemde fokusareas het bygedra om die bates wat die plasing in 'n nywerheidskool aan 'n sorgbehoewende adolescent in terme van sy psigo-sosiale ontwikkeling bied, uit te lig. Die bevindinge ten aansien van die vier fokusareas word vervolgens bespreek.

### **Watter bates in die nywerheidskool en breër gemeenskap is tans in gebruik ter bevordering van kinders se psigo-sosiale ontwikkeling?**

- Deelnemers erken die belangrikheid van onderrig en opleiding vir die skolasties verwaarloosde adolescent in die nywerheidskool en doen baie moeite om die kinders op individuelevlak met klas- en huiswerk by te staan. Die nywerheidskoolkonteks word deur deelnemers beskou as die ideale omgewing vir die onderwyser wanneer dit kom by onderrigtyd, aangesien die kind outomaties na ure beskikbaar kan wees, indien nodig. Die deelnemers koester realistiese verwagtinge vir akademiese vordering en moedig die kinders aan om die hoogste moontlike kwalifikasie te behaal.

- Die skep van 'n terapeutiese atmosfeer in die skool word as primêre taak beskou, want slegs dan kan heropvoeding toereikend gedy. Waardering vir die kind en aanvaarding van sy gevoelens ondersteun die kind in die nywerheidskool se gevoel van "behoort". Die deelnemers ondersteun sover moontlik die kinders, maar besef wanneer dit buite hulle kennis- en/of ervaringsveld val en verwys hulle an na die sielkundige indien nodig. Volgens die deelnemers ervaar die kinders hierdeur dat daar iemand beskikbaar is om na hulle behoeftes om te sien en op 'n professionele, empatiese wyse te luister.
- Ondersteuning van die kind in die nywerheidskool neem dikwels verskillende vorme aan en volgens die deelnemers word daar van 'n verskeidenheid ondersteuners uit verskillende dissiplines gebruik gemaak. Die multi-dissiplinêre ondersteuningspan word elke dag gemobiliseer ten einde seker te maak dat al die rolspelers op hoogte is van die jongste verwikkelinge wat die kind se funksionering mag raak.
- Dit blyk dat kinders se sosiale ontwikkeling ten aansien van verhoudings met ouers, deur deelnemers bevorder word, deurdat hulle kinders aanmoedig om kontak met familie te behou (uitnaweke en/of telefoniese kommunikasie). Rekonstruksiedienste (ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite in die vorm van prysuitdelings en multi-dissiplinêre spanbesprekings) en die opsporing van vervreemde ouers/familie word deur die maatskaplike werker behartig.
- Deelnemers moedig persoonlike identiteitontwikkeling bestaande uit selfkonsep, morele ontwikkeling en selfaktualisering by die kinders in die nywerheidskool aan deur hulle daarop te wys dat hulle verantwoordelikheid vir hulle eie lewe moet aanvaar. Die volgende voorbeeld dui daarop dat die betrokke nywerheidskool in dié doel slaag:
  - Afwenteling van kriminele sake dra daartoe by dat die adolescent deur middel van gemeenskapswerk, verantwoordelikheid vir sy eie dade neem en ter gelyke tyd nie 'n misdadiger-identiteit ontwikkel nie;
  - Deelname aan beplanning en besluitneming rondom hulle eie lewe tydens multi-dissiplinêre spanvergaderings, wat daartoe bydra dat die adolescent ervaar dat sy opinie van waarde geag word en sodoende die ontwikkeling van selfagting, -aanvaarding en 'n positiewe selfkonsep bevorder;
  - Bestuur van sakgeld wat, indien dit goed bestuur word, 'n gevoel van selfvertroue in die vermoë om goeie besluite te neem ontwikkel en uiteindelik die adolescent se selfkonsep positief beïnvloed;
  - Deelnemers vertrou sommige kinders met belangrike take en gee erkenning aan verantwoordelike gedrag deur kinders se terugplasing na hulle families te bespoedig. Sodoende ervaar die adolescent in die nywerheidskool gevoelens van selfwaarde en aanvaarding wat in 'n positiewe selfbeeld manifesteer.
  - Kinders in die nywerheidskool word deur die deelnemers aangemoedig om hulself te distansieer van die negatiewe portuurgroep ten einde op 'n aanvaarbare wyse sosiaal aan te pas. Op hierdie wyse vind gunstige normvorming en identiteitontwikkeling plaas.

- Dit kom voor dat ten spyte van die uitdagings wat die kinders se gedrag soms aan die deelnemers bied, bly die deelnemers poog om hulle by te staan en te lei – deur middel van onderrig en modellering – in die beginsels van wat reg en verkeerd is en om verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar. Sodoende word die adolescent se morele ontwikkeling bevorder.
- Alhoewel deelnemers se persepsie van beperkte en/of oneffektiewe strafmaatreëls 'n negatiewe uitwerking op hulle moraliteit het, blyk daar wel bates te wees wat aangewend word ten aansien van discipline. Deelnemers maak van kreatiewe disciplineringstrategieë gebruik, byvoorbeeld tuinwerk en weerhouding van voorregte soos sakgeld. Op hierdie wyse leer kinders nie net vaardighede in byvoorbeeld tuinbou nie, maar dit gee ook die kind die geleentheid om selfdiscipline te leer, deur na te dink oor en verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar.
- Een van die deelnemers het die belangrikheid om 'n balans tussen erkenning en teregwysing te handhaaf, uitgelig en besef daarsonder is die toepassing van discipline nie van enige morele opvoedkundige waarde nie.
- Aspekte rakende morele kwessies soos dwelmmisbruik word deur die personeel hanteer en deur organisasies soos SANCA en die polisie ondersteun. Hierdie inisiatiewe is veral ingestel op die bevordering van die adolescent in die nywerheidskool se morele ontwikkeling.
- Deelnemers se verwysing na sommige seuns wat nie onder groepsdruk swig nie, deelneem aan kreatiewe aktiwiteite en hulself weerhou van dwelmmisbruik, duif op die teenwoordigheid van bates ten opsigte van weerstandsbaarheid en gesonde leefstyl, wat die vorming van 'n eie identiteit vestig. Dit is wel tot 'n sekere groep kinders beperk.
- Blootstelling aan volwasse rolmodelle in die nywerheidskoolkonteks bestaan uit interaksie met die personeelkorps en met vrywilligers uit die breër gemeenskap. Die deelnemers doen baie moeite op verskeie vlakke, hetsy persoonlik of om menslike hulpbronne uit die gemeenskap te mobiliseer ten einde 'n ondersteunende omgewing vir die kinders daar te stel. Hierdie soort blootstelling aan positiewe rolmodelle skep vir die kind in die nywerheidskoolkonteks geleenthede vir selfondersoek, eksperimentering, bevraagtekening en opbouing van 'n waardestelsel en lewensfilosofie, wat volgens Erikson (in Louw & Louw, 2007: 309) adolescentse help om te weet wie hulle is en wat hulle van die lewe wil hê en sodoende identiteitsvorming ondersteun.
- In terme van die kind se betrokkenheid by leer, duif die deelnemers aan dat daar kinders is wat negatief ingestel is, alhoewel daar ook 'n paar kinders is wat ten spyte van uitdagings hulle bes probeer. Die impak van traumatische gebeure in hierdie adolescentse lewens, het dikwels 'n negatiewe uitwerking op hulle leervermoë en gedrag (vergelyk Naude et.al., 2004: 452), wat tot swak prestasies en uiteindelik 'n faal-identiteit kan lei.
- Tydens die fokusgroepbesprekings is genoem dat ouer kinders meer gemotiveerd is ten opsigte van hulle skoolwerk, hoër verwagtinge vir hulself stel en graag 'n sukses van hulle skoolloopbaan wil maak. Positiewe prestasieverwagtinge ondersteun die adolescent in die

nywerheidskool se strewe na selfaktualisering, wat 'n integrale deel vorm van toereikende identiteitsvorming.

- Die deelnemers dui aan dat die adolescent se basiese behoeftes vervul word deur onder andersteuning vanuit die gemeenskap. Talle uitreikaksies is ingestel om in die kinders se behoeftes soos byvoorbeeld voedsel, kleding en ekstra sakgeld te voorsien. Die toereikende bevrediging van die adolescent in die nywerheidskool se basiese behoeftes dra daar toe by dat hulle behoefte aan sekuriteit en veiligheid, liefde en gevoel van behoort, aandag kan geniet.
- Deelnemers erken dat dit noodsaaklik is om die kind emosioneel veilig te laat voel deur die kind voor te berei vir sy verblyf by die skool in terme van wat hy kan verwag en wat van hom as leerder verwag sal word.
- Kinders ontvang ook die nodige begeleiding in juridiese sake deurdat die sielkundige die kind ondersteun ten opsigte van hofverrigtinge. Sodoende hoef die adolescent nie te voel of hy op homself aangewese is nie, maar kan staatmaak op die bystand van 'n volwassene wat vir hom omgee. Die betrokke nywerheidskool streef daarna om by die kinders voldoende selfvertroue te ontwikkel om nuwe situasies (soos hofverrigtinge) sonder te veel spanning tegemoet te gaan, te hanteer en om die werklikheid op 'n emosioneel, gebalanseerde wyse te aanvaar.
- Die deelnemers maak gebruik van strategieë wat die kinders in staat stel om hulle gevoelens te identifiseer en om daaroor te praat, asook om empatie vir ander te ontwikkel. Die kinders word aangemoedig om hulle behoeftes te kommunikeer en deelnemers toon begrip vir die kind se belewenisse. Sodoende is die adolescent in die nywerheidskool in staat om beter beheer en gepaste uiting aan hulle gevoelens te kan gee, wat tot minder gedragsprobleme en groter aanvaarding van ander mense kan lei (vergelyk De Klerk & Le Roux, 2003: 11) en interpersoonlike verhoudings bevorder.
- Volgens die deelnemers het die sielkundige dikwels nodig om 'n spesifieke kind vir psigiatriseuse behandeling te verwys, wat gevvolglik die kind se voorbereiding, begeleiding na die psigiater en monitering van medikasie insluit. Medikasie verminder dikwels die adolescent se hiperaktiewe-, impulsieve- en aggressiewe gedrag wat 'n positiewe uitwerking op akademiese vordering, interpersoonlike verhoudings en terapeutiese intervensies het (vergelyk Bloomquist & Schnell, 2002: 176-177). Bogenoemde dra uiteindelik by tot meer positiewe gevoelens en ondersteun sodoende die adolescent in die nywerheidskool se emosionele ontwikkeling.
- Een van die nywerheidskool se spesifieke doelstellings is die opvoeding en onderwys vir fisiese gesondheid. Dit behels die bevordering van optimale ontwikkeling en gesondheid van die liggaam, met die oog op verwante hoedanighede soos selfvertroue, deursettingsvermoë, persoonlike sindelikheid, netheid en gevvolglik 'n positiewe selfbeeld.
- Gesins- en/of familie ondersteuning in die nywerheidskoolkonteks is baie min of bestaan nie. Deelnemers meen dat van die kinders besef hulle is beter af in die nywerheidskool as waar hulle vandaan kom en daarom tot 'n mate 'n gevoel van behoort ervaar. Volgens die

deelnemers maak die kinders soms staat op die skool as 'n veilige hawe indien hulle geen ander opsies het nie. Daar kan na bogenoemde kinders as veerkragtige kinders verwys word aangesien hulle die skool 'n tuiste-weg-van-die-huis-af maak; 'n veilige hawe weg van die chaotiese omstandighede huis (vergelyk Louw & Louw, 2007: 376).

- Bates ten aansien van interpersoonlike vaardighede kan gesien word in die verhoudings wat gesmee word tussen individuele deelnemers (personeel) en kinders. Dit is veral opmerklik op die wyse waarop 'n onderwyser en kind van mekaar afskeid geneem het met die kind se vertrek van die skool, asook die wyse waarop hulle mekaar hanteer. 'n Besondere emosionele verbintenis, begrip, waardering en empatie ontstaan tussen die opvoeder en kind en is noodsaaklik om hierdie sorgbehoewende kinders te bereik, om sinvol met hulle te kan werk en om opvoedingsdoelstellings te verwesenlik (vergelyk Watson, 2002: 68).
- Volgens die deelnemers word die kinders se verhoudings met betekenisvolle ander onder andere aangemoedig deur middel van informele kommunikasie waar daar geleenthede vir die kinders geskep word om daaglike gebeurtenisse met iemand te deel. Dit kom voor asof die kinders 'n onderliggende behoefté het aan interpersoonlike kontak aangesien hulle geselsies met deelnemers doelbewus opsoek.
- Dit kom voor asof die kinders verkies om tyd deur te bring met deelnemers met wie hulle 'n goeie verhouding het. Deelnemers beskryf 'n goeie verhouding as een waarin die kind gerespekteer word, waarin die ander persoon belangstelling toon in die kind en waarin die kind spesiaal voel of bemagtig word.
- Deelnemers erken die adolescent in die nywerheidsskool se behoefté om aan die portuurgroep te behoort en moedig hulle aan om tyd saam met die portuurgroep deur te bring, wat geleenthede vir gesonde sosiale interaksie bied. Deelnemers rapporteer dat konstruktiewe aktiwiteite soms op 'n gestructureerde wyse aangebied word ter bevordering van die kinders se interpersoonlike vaardighede, alhoewel die kinders verkies om in hulle vryetyd besig te wees met aktiwiteite van hulle keuses. Dit gee die kinders 'n gevoel van "in beheer wees" en bied geleenthed tot die maak van keuses.
- Kreatiewe aktiwiteite in die vorm van teateropvoerings word dikwels onderneem. Buitemuurse aktiwiteite waaraan die kinders kan deelneem, behels sokkerwedstryde en avontuurkampe waar die kinders geleenthed kry om met hulle portuur buite skoolverband kennis te maak en tyd te spandeer. Kampe soos dié word deur die skool gefinansier en kinders word aangemoedig om dit by te woon.
- Die deelnemers vermeld dat die skool oor verskeie sport- en ontspanningsfasiliteite beskik waar die kinders liggaamlike fiksheid kan beoefen. Bogenoemde aktiwiteite hou die moontlikheid van positiewe portuurinteraksie en gesonde liggaamlike ontwikkeling in, wat om die beurt bepaalde voordele vir die adolescent in die nywerheidsskool se psigo-sosiale ontwikkeling inhou.
- Die nywerheidsskool maak gebruik van 'n breë godsdiensgemeenskap ten einde verskeie aktiwiteite ter bevordering van die kinders se religieuse ontwikkeling aan te bied. Sodoende

kry die kind in die nywerheidsskool geleenthed om 'n geloof wat persoonlik en betekenisvol vir hom as individu is, te ontwikkel (Gouws et. al., 2000: 118-119).

- Die aktiwiteite wat bygewoon kan word, sluit in: Jeugkerk, CSV (Christelike Studentevereniging), selgroepe, daaglikse opening met Skriflesing en gebed saam met die kinders, saalopening elke Vrydag en aandgodsdiens in die koshuise en selfs kerkkampe. Boekies met inspirerende dagstukkies (Daily Devotional Guide deur S.D. Bryant) word ook vrylik aan kinders beskikbaar gestel deur een van die plaaslike kerke. Verder word Christelike jeuggroepe en sprekers by die skool verwelkom en hulle betrokkenheid by die kinders geniet eerste prioriteit.

**Watter bates in die nywerheidsskool en breër gemeenskap is reeds geïdentifiseer, maar word tans nie gebruik ter bevordering van kinders se psigo-sosiale ontwikkeling nie?**

- Die geleenthede op akademiese-, kulturele- en sportgebiede wat deur die nywerheidsskool aan die risikojeugdige gebied word, bevorder spesifieke eienskappe en vaardighede wat sigbaar in die skool se trotse geskiedenis van prestasies is. Om oor spesifieke vaardighede te beskik, bevorder die adolescent in die nywerheidsskool sy selfagting en uiteindelik sy selfkonsep (vergelyk Newman & Newman, in Louw et.al., 1998: 289).
- Geleenthede van samesyn, waardeur die kinders erkenning en aanvaarding kan ervaar, word in die nywerheidsskoolkonteks geskep. Die kinders tree soms in verskeie hulpverleningsrolle op, soos byvoorbeeld tydens fondsinsamelingsdae of waar hulle 'n diens tot voordeel van die gemeenskap verrig. Tydens fondsinsamelingsprojekte soos damesteefunksies en gholdae is fasilitate beskikbaar gestel om geleenthede vir die seuns te skep vir die gunstige kennismaking en inskakeling by die breër gemeenskap. Sodoende voel die kinders deel van die gemeenskap.
- Betrokkenheid van suksesvolle oudleerders en plasing van kinders by naweek- en/of vakansie ouers, is in die verlede benut om kinders aan 'n groep volwassenes wat as rolmodelle optree, bloot te stel wat as voorvereiste vir positiewe identiteitsontwikkeling dien.
- Verhoudings met belangrike ander is in die verlede suksesvol aangemoedig en in stand gehou deurdat koshuisouers hulself op 'n daaglikse basis beskikbaar gestel het op 'n vasgestelde tyd en plek, sodat die kinders met hulle kon gesels. Alhoewel informele interaksie tussen kinders en personeel steeds geskied, is daar tans nie dieselfde instelling as voorheen waar kinders namiddae met koshuisouers kan gesels nie. Sosiale interaksie is deur dié instelling bevorder.
- Positiewe portuurinteraksie tussen die kinders is beskryf waar oortredings van die "Nierokers Klub", blootgestel en deur medeleerders aangemeld sou word. Die lidmaatskap was op 'n beloningstelsel gebaseer. Die klub het egter tot niet gegaan as gevolg van 'n tekort

aan eksterne motivering wat as aanmoediging kon dien om volgehoue belangstelling van die kinders te verseker.

- Dissiplineringsmaatreëls wat in die verlede gebruik is en deur deelnemers as suksesvol beskou is in die morele ontwikkeling van die kind, sluit in: om die kind af te sonder (mediteerkamers), kontrolelyste om seker te maak die kinders woon ekstra-kurrikulêre aktiwiteite by, 'n begeleidingstelsel deur die verteenwoordigende leererraad en erkenning vir positiewe uitkomstes volgens 'n beloningstelsel. Volgens deelnemers mag bogenoemde maatreëls nie meer toegepas word nie aangesien dit moontlik kinderregte mag skend.
- Voogklasse is in die verlede benut om lewensvaardighede te behandel. Hierdie klasse is egter deur die kinders ontwrig weens die feit dat daar nie opdragte, take en toetse vir punte afgelê is nie en gevolelik as minderwaardig deur kinders beskou is. 'n Gebrek aan belangstelling het 'n negatiewe invloed op die kinders se betrokkenheid by gesprekke rakende die onderwerpe gehad. Daar is besluit om hierdie klasse te staak.
- 'n Deelnemer se gewoonte om in die verlede, soggens saam met die seuns te gaan draf, swem of fietsry, het die kinders positief gestem en fiksheid bevorder.

**Watter nuwe bates ter bevordering van kinders se psigo-sosiale ontwikkeling kan in die nywerheidskool en breër gemeenskap geïdentifiseer en gemobiliseer word?**

- Deelnemers noem dat daar tans nie 'n koffiekroeg by die skool is nie en oorweeg dit om een te begin vir die bevordering van sosiale interaksie en gesonde ontspanning.
- Deelnemers stel die moontlikheid om kinders vir uitstappies (bv. na 'n nabijgeleë dieretuyn) te neem voor, wat as 'n geleentheid benut kan word ter ondersteuning van die kinders se sosiale interaksie met personeel en portuur.

Die deelnemers het dit moeilik gevind om op nuwe bates en hulpbronne te fokus as gevolg van hulle onsekerheid oor die voortbestaan en toekoms van die skool. Bogenoemde struikelblok dra volgens deelnemers by tot verminderde betrokkenheid vanaf die gemeenskap ("daar's mos nou baie stories dat die skool gaan toemaak en ons is min, so ja, mense wil weet hoekom sal jy nou weer so groot ding aanbied en die skool maak toe...wat maak jy dan met die geld?"), sowel as minder inisiatief van die onderwyspersoneel ("ons het besluit ons kan nie beplan daarvoor nie, want ons weet nie wat gaan gebeur nie").

**Watter bates bied die plasing in 'n nywerheidskool aan 'n sorgbehoewende adolessent in terme van sy psigo-sosiale ontwikkeling?**

- Plasing in 'n nywerheidskool bied geleentheid vir gunstige identiteitsontwikkeling aan die hand van blootstelling aan positiewe rolmodelle.
- Die vorming van die selfkonsep van die risikojeugdige word in 'n terapeutiese atmosfeer gevorm deur ondersteunende en positiewe terugvoer. Die risikojeugdige word die geleentheid gegun om met agting en integriteit hanteer te word. Dit resulter in 'n gunstige selfkonsep, wat die jeugdige in staat stel om met selfvertroue die eise van die lewe te hanteer.
- As emosioneel getraumatiserde adolessent bied die plasing in 'n nywerheidskool terapeutiese strukture wat die adolessent se unieke gesitueerdheid begryp en hom begelei tot emosionele stabiliteit en om veerkrachtigheid te bevorder.
- Die sorgbehoewende adolessent met ernstige emosionele- en/of gedragsprobleme is juis deur die kinderhof in 'n nywerheidskool geplaas, vanweë die feit dat die adolessent se ouer/s enersyds nie in staat is om hom te versorg nie of andersyds dat hy nie ouers het nie. Die plasing in 'n nywerheidskool verhoed dus dat bovemelde adolessent aan 'n ongunstige opvoedingsgesitueerdheid blootgestel word, of op homself aangewese is deur op straat te leef.
- 'n Adolessent wat met die gereg gebots het, kan op grond van afwenteling direk in 'n nywerheidskool geplaas word. In plaas daarvan – soos die gebruik wat in sommige howe tans gehandhaaf word – om die adolessent vir etlike maande verhoorafwagtend in die tronk te plaas. Sodanige plasing bied aan die adolessent 'n voordeel van voortsetting van sy skoolloopbaan binne sy portuurgroep en is hy nie blootgestel aan kriminele in die gevangenis nie.
- Gemeenskapsbetrokkenheid by die kind in die nywerheidskool brei sy ervaringswêreld op 'n gunstige wyse uit en vergemaklik sy inskakeling by die gemeenskap op 'n latere stadium.
- Interaksie met die portuurgroep in die nywerheidskoolkonteks word positief deur personeel gekanaliseer.
- Begeleiding van morele ontwikkeling geskied aan die hand van aanvaarbare norme.
- Religieuse ontwikkeling word deur die nywerheidskool sowel as die breër gemeenskap ondersteun.

### 5.2.1 Verdere bevindinge

- Van die deelnemers beskik oor meesters- en honneursgrade in onderwys en meer as die helfte van die deelnemers is reeds jare lank in diens van die betrokke nywerheidsskool. Deelnemers vermeld dat hulle vaardighede soos introspeksie, selfbeheersing, ontspanningstegnieke en selfsorg toepas ten einde die kinders toereikend te ondersteun ten aansien van hulle psigo-sosiale ontwikkeling. Dit word weerspieël in die deelnemers se gedrag wat getuig van kalm optredes in dikwels uitdagende omstandighede, taakgerigtheid en deursettingsvermoë.
- Deelnemers identifiseer die volgende vorme van praktiese- en emosionele ondersteuning wat hulle in staat stel om meer emosioneel beskikbaar vir die kinders te wees: afperiodes om positief ingestel te word voor die volgende klas begin, om 'n gewillige oor vir mekaar se probleme te hê, mekaar moed in te praat wanneer dit moeilik gaan en godsdienstige onderskraging.

### 5.3 GEVOLGTREKKINGS

**Hoofstuk 1:** Emosionele- en/of gedragsprobleme van risikojeugdiges rig vele uitdagings aan bestaande ondersteunende infrastruktuur ten aansien van hierdie kinders se psigo-sosiale ontwikkeling. In die konteks van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is die realiteit dat daar 'n beperkte aantal gespesialiseerde professionele diensverskaffers in die veld is. Die bate-gebaseerde benadering fokus op die sterkpunte van 'n sisteem en ondersteun die besluit om dié benadering aan te wend ten einde ondersoek in te stel na die bates wat in die nywerheidsskoolkonteks voorkom ter bevordering van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling.

**Hoofstuk 2:** Dit blyk duidelik uit die literatuuroorsig dat residensiële instansies verantwoordelik vir die versorging en onderrig van risikojeugdiges, voor bepaalde uitdagings te staan kom. Hierdie versorgingsoorde beskik egter ook oor 'n aantal sterkpunte wat aangewend kan word ter verligting van geïdentifiseerde leemtes en tekorte. Die psigo-sosiale ontwikkeling van adolessente in die nywerheidsskool loop dikwels skeef as gevolg van verskeie risikofaktore. Die waarde van 'n ondersteunende opvoedingsklimaat word as 'n noodsaaklike komponent van veerkrigtheid beskou.

**Hoofstuk 3:** Die gebruik van 'n kwalitatiewe, interpretivistiese gevalliestudie – wat voltrek is in die deelnemers se natuurlike omgewing – en meervoudige data-insamelingsmetodes (onderhoude, fokusgroepe en dokumentasie), het bygedra tot gedetailleerde beskrywings van die bates ter bevordering van die adolessent in die nywerheidsskool se psigo-sosiale ontwikkeling. Die bate-gebaseerde benadering as teoretiese raamwerk het die navorser in staat gestel om te

fokus op die sterkpunte in die nywerheidskoolkonteks, ten spyte van baie behoeftes. Die navorsing se rol het verskeie take behels waaronder die navolging van etiese maatreëls deurlopend toegepas is.

**Hoofstuk 4:** Die analise en interpretasie van die resultate het aan die hand van 'n tema-analise plaasgevind wat die navorsing in staat gestel het om bates in kategorieë te plaas. Hierdie kategorieë het die psigo-sosiale ontwikkeling van die adolescent in die nywerheidskool, weerspieël. Bevindinge ten aansien van die sterkpunte verbonde aan 'n nywerheidskool duif op verskeie ooreenkoms met die literatuur, alhoewel daar tot 'n mindere mate aandag deur die teorie gegee word aangaande die wyse waarop hierdie sterkpunte die leemtes in die nywerheidskoolkonteks kan verlig. Gevolgtrekking rakende die bevindinge van hierdie studie word vervolgens weergegee:

- Die aanwending van die bate-gebaseerde benadering skep die moontlikheid om die bates wat die plasing van 'n risikojeugdige in 'n nywerheidskool bied, ter bevordering van die jeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling, te verken.
- Die betrokke nywerheidskool beskik oor toegewyde personeel wat toereikend opgelei is en met die nodige empatie en insig hierdie kinders op al die ontwikkelingsvlakke van 'n adolescent begelei.
- Die kind se psigo-sosiale ontwikkeling word grootliks deur die bestaande personeel en strukture ondersteun. Die gebruik van naweek- en/of vakansie-ouers is 'n bate wat weer gebruik kan word indien die personeel seker is van die skool se voortbestaan.
- Bruikbare bates ter ondersteuning van hierdie kinders se psigo-sosiale ontwikkeling het vanweë die onsekerheid van die skool se voortbestaan in onbruik geraak. Inisiëring van nuwe bates word deur bovermelde gekortwiek.
- Die betrokke nywerheidskool beskik oor al die nodige faciliteite om in hierdie kinders se skolastiese- en ontspanningsaktiwiteite en huisvesting te voorsien, maar is tans onbenut in so 'n mate dat van die vyf koshuise, slegs een benut word. Die voor die handliggende rede hiervoor is die wanfunksionering van die sisteem wat betrokke is by die plasing van kinders in 'n nywerheidskool. Die personeelkorps sou graag wou sien dat die nywerheidskool ten volle benut word.

**Beperkinge van die studie** is ondermeer die beperkte toepasbaarheid van die bevindinge, deurdat slegs een nywerheidskool by dié navorsingstudie betrek was. Die resultate wat gevind is kan dus nie veralgemeen word nie, aangesien ander nywerheidskole oor ander bates mag beskik.

**Etiese aspekte** is deurlopend geïdentifiseer en deur middel van refleksie en supervisie aangespreek. Ingeligte toestemming is van al die deelnemers verkry en hulle identiteit is beskerm deur alle data vertroulik en anoniem te hanteer. Navorsingsmetodes, geskik vir die doel van die studie is deurgaans noukeurig toegepas, terwyl die konteks van die spesifieke nywerheidskool in gedagte gehou is tydens die interpretasie van die data. Die vertroubaarheid van die bevindinge is verhoog deur van triangulasie en kristalisasie gebruik te maak.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Teorie

- Beperkte bronre oor die huidige stand en funksionering van nywerheidskole in Suid-Afrika is tans beskikbaar. Die bestaande literatuur kan baatvind by teorie wat aandag skenk aan die wyse waarop bate/hulpbronne/sterkpunte in die nywerheidskoolkonteks, die leemtes ten aansien van die risikojeugdige se psigo-sosiale ontwikkeling kan verlig. Hierdie studie het gepoog om 'n bydrae tot die huidige kennisbasis van die bate-gebaseerde benadering, nywerheidskole en risikojeugdiges se psigo-sosiale ontwikkeling te maak.

### 5.4.2 Praktyk

Aanbevelings ten opsigte van die kind, personeelkorps, gemeenskap en die nywerheidskool word vervolgens weergegee.

#### Die kinders:

- Die vervulling van sekuriteit- en veiligheidsbehoeftes is 'n voorvereiste vir die vervulling van hoër orde behoeftes. Die betrokke nywerheidskool kan baatvind by 'n veiligheidsomheining ten einde die kinders en personeel se veiligheidsbehoeftes te vervul. Sodoende mag hoër orde behoeftes soos: die behoefte aan liefde en 'n gevoel van behoort, behoefte aan sukses en selfwaarde en self-aktualisering of die bereiking van persoonlike doelwitte, meer toereikend in die nywerheidskool realiseer.
- Die betrokke nywerheidskool mag baatvind by genoegsame sielkundige dienste en behoort daar 'n addisionele sielkundige aangestel te word. Op hierdie wyse kan meer kinders baatvind by die hulpverlening wat deur die huidige sielkundige aangebied word, ter bevordering van die kinders se geïdentifiseerde emosionele behoeftes.
- Die Big Brother Big Sister (BBBS) mentorsisteem kan vir kinders geleenthede skep om 'n vertrouensverhouding met 'n positiewe rolmodel te ontwikkel. Hierdie mentor-kind verhouding kan onder andere bydra tot die kind se ondersteuning in akademiese vaardighede, opleiding in sosiale- en lewensvaardighede, morele waardes, gemeenskapsondersteuning en toekomstige geleenthede.

### Die personeelkors:

- Onderwysers, onderwyseresse, huljadiens- en koshuispersoneel kan baatvind by opleiding met betrekking tot die hantering van adolessente met emosionele en/of gedragsprobleme. Ten spyte van die feit dat die personeelkors verbonde aan die betrokke nywerheidskool as 'n groot bate ter bevordering van die adolessent se psigo-sosiale ontwikkeling beskou word, kan opleiding deelnemers bemagtig ten aansien van hulle hulpeloze gevoel rakende beperkte en/of oneffektiewe dissiplineringsmaatreëls en ander gedragsprobleme.
- Kinder- en jeugsorgwers behoort aangemoedig te word om 'n warm, huislike atmosfeer in die koshuise te skep.
- Kinders se belangstelling en motivering tot deelname aan ontspanningsaktiwiteite behoort positief beïnvloed te word.
- Die mobilisering van 'n koffiekroeg behoort aangemoedig te word ten einde die bevordering van die kinders se sosiale interaksie en gesonde ontspanning te faciliteer.

### Die gemeenskap:

- Opleiding aan naweek- en vakansie-ouers ten aansien van die hantering van die besondere behoeftes van die adolessent in die nywerheidskool.
- Indiensopleiding behoort beskikbaar te wees vir vrywilligers uit die gemeenskap, hetby as BBBS mentor of naweek- en/of vakansie-ouer, ten einde vrywilligers toe te rus vir dié taak.
- Gemeenskapsaksies kan benut word om kinders met uitstappies, na byvoorbeeld 'n nabyleë dieretuyn te vergesel.

### Die nywerheidskool:

- Netwerking met ander nywerheidskole se personeel en in samewerking met 'n Opvoedkundige Sielkundige, ten einde 'n nuwe dissiplinêre kode daar te stel, tot voordeel van gedragsmodifikasie van leerders en personeelmoraal.
- Die Universiteit van Pretoria se Sentrum vir Kinderregte (The Child Law Centre) het verskeie aksies geloods ter bevordering van inrigtings wat dienste aan risikojeugdiges lewer. Dit kan tot voordeel vir die nywerheidskool wees om leiding van die sentrum te ontvang met betrekking tot die voorgestelde hervormingsproses van die kinder- en jeugsorgstelsel. Ingeligte ondersteuning in dié verband mag lig werp op die moontlike impak van die hervormingsproses op die voortbestaan en toekoms van die nywerheidskool wat die deelnemers se onsekerheid en lae moraal kan aanspreek.
- Die bate-gebaseerde benadering word gekenmerk deur die feit dat dit deur middel van verhoudings in stand gehou word. 'n Samewerkende verhouding tussen die betrokke nywerheidskool en die Gautengse Departement van Onderwys is noodsaaklik in die strewe na effektiewe dienslewering aan risikojeugdiges, want dan kan die betrokke nywerheidskool ten volle as 'n gemeenskapsbate benut word.

#### 5.4.3 Verdere navorsing

- Navorsing kan gedoen word oor die faktore in die sisteem wat die plasing van kinders in die betrokke nywerheidskool kortwiek.
- Navorsing van die adolossent in die nywerheidskool se persepsie van die steungewing in die nywerheidskoolkonteks kan onderneem word, om vas te stel hoe die geïdentifiseerde bates in hierdie studie deur die kinders ervaar word.
- ‘n Longitudinale studie ten aansien van die fasilitering van ‘n bate-gebaseerde benadering ter bevordering van die adolescent in die nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling kan ook uitgevoer word.

#### 5.5 SLOTOPMERKING

Die navorsing is van mening dat alhoewel hierdie studie tot ‘n mindere mate daarin geslaag het om nuwe bates in die nywerheidskoolkonteks te identifiseer of te mobiliseer, die studie wel daarin geslaag het om bates wat reeds in gebruik is, sowel as bestaande bates wat tans nie gebruik word nie, te identifiseer. Hierdie uitkomstes het die navorsingsvraag verhelder en bygedra tot ‘n beter begrip van hoe die bate-gebaseerde benadering gebruik kan word ter bevordering van kinders in ‘n nywerheidskool se psigo-sosiale ontwikkeling. Die resultate toon dat die bate-gebaseerde benadering in die nywerheidskoolkonteks met sukses gefasiliteer kan word ten einde bates ter bevordering van kinders se psigo-sosiale ontwikkeling, uit te lig.

## BRONNELYS

Adams, S. (2004, October 8). *Plan to remove children currently behind bars*. Pretoria News.

Adams, Q., Collair, L., Oswald, M. & Perold, M. (2004). Research in Educational Psychology in South Africa. In I. Elof, & L. Ebersöhn (Eds.), *Keys to educational psychology* (pp.354-374). Cape Town: UCT Press.

Babbie, E. (2005). *The basics of social research*. United States: Thomson/Wadsworth.

Babbie, E. & Mouton, J. (2001). *The practice of social research*. Cape Town: Oxford University Press.

Benson, P.L. (2006). *All kids are our kids. What communities must do to raise caring and responsible children and adolescents*. San Francisco: Jossey-Bass.

Bloomquist, M.L. & Schnell, S.V. (2002). *Helping children with aggression and conduct problems. Best practices for intervention*. New York: The Guilford Press.

Blose, T. (2002). *A situational analysis of reform schools and schools of industry in South Africa*. Pretoria: Department of Justice.

Breakwell, G.M. (2000). Interviewing. In G. Breakwell, S. Hammond, & C. Fife-Schaw (Eds.), *Research methods in psychology*. London: SAGE Publications.

*Child Justice Bill, No. 49 of 2002*. Republic of South Africa: As presented by the Portfolio Committee on Justice and Constitutional Development. Retrieved from: <http://www.childjustice.org.za/publications.htm>

Cloud, H. & Townsend, J. (1998). *Boundaries with kids*. United States of America: Yates & Yates.

Cocozza, J.J. & Skowyra, K.R. (2000). Youth with mental health disorders: Issues and emerging responses. *Journal of the Office of Juvenile Justice and Delinquency Prevention*, VII(1), 3-13.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2000). *Research methods in education*. London: Routledge/Falmer.

Cohen, L., Manion, L. & Morrison, K. (2002). *Research methods in education*. London: Routledge/Falmer.

Creswell, J.W. (1998). *Qualitative inquiry and research design. Choosing among five traditions*. London: SAGE Publications.

Creswell, J.W. (2003). *Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. California: SAGE Publications.

Creswell, J.W. (2005). *Educational research: Planning, conducting and evaluating quantitative and qualitative research*. California: SAGE Publications.

Creswell, J.W. (2007). *Qualitative inquiry and research design. Choosing among five traditions*. London: SAGE Publications.

De Klerk, R. & Le Roux, R. (2001). *Emosionele intelligensie*. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human & Rousseau.

De Klerk, R. & Le Roux, R. (2003). *Emosionele intelligensie vir kinders en tieners*. Kaapstad, Pretoria, Johannesburg: Human & Rousseau.

De Lange, J.H. (2003). *Child Justice Bill*: Briefing by South African Police Services; Correctional Services; Education. Retrieved from: [http://www.childjustice.org.za/parl\\_reports/2003Feb28.pdf](http://www.childjustice.org.za/parl_reports/2003Feb28.pdf)

Department for Children, Schools and Families. (2008). *Children looked after (Including adoptions and care leavers)*. Office for National Statistics, The Stationary Office, London.

De Vos, A.S. (Ed.). (1998). *Research at grass roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2002). *Research at grass roots. For the social sciences and human professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. (2005). *Research at grass roots. For the social sciences and human professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. (2002). *Educational psychology in social context*. Cape Town: Oxford University Press.

Ebersöhn, L. & Elof, I. (2003). *Life skills & assets*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ebersöhn, L. & Elof, I. (2006). Identifying asset-based trends in sustainable programmes which support vulnerable children. *South African Journal of Education*, 26(3), 457-472.

Edwards, G. (2008, Februarie 28). *Verbeterskool op laaste bene*. Beeld.

Eloff, I. & Ebersöhn, L. (2001). The implications of an asset-based approach to early intervention. *Perspectives in Education*, 19(3), 147-158.

Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds.). (2004). *Keys to educational psychology*. Cape Town: UCT Press.

Engelbrecht, P. & Green, L. (Eds.). (2001). *Promoting learner development. Preventing and working with barriers to learning*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Ferreira, J.F.N. (2004). Exploring facilitation skills in asset-based transdisciplinary teamwork. Ongepubliseerde M-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Ferreira-Prévost, J. (2005). *Facilitating transdisciplinary, asset-based teams*. MEd-uitdeelstuk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Finestone, M. (2004). Behaviour. In I. Eloff & L. Ebersöhn (Eds.), *Keys to educational psychology* (pp.64-82). Cape Town: UCT Press.

Fourie, A. (2004). *Die aanpassing van die adolescent ná ontslag uit die kinderhuis*. Ongepubliseerde M-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Fox, N. (1998). *How to use observations in a research project*. Sheffield: Trent Focus Group.

Freeman, M. (2004). HIV/AIDS in developing countries: Heading towards a mental health and consequent social disaster? *South African Journal of Psychology*, 34(1), 139-159.

Gallinetti, J., Kassan, D. & Ehlers, L. (2006). *Child Justice in South Africa: Children's rights under construction*. Newlands: The Open Society Foundation of South Africa.

Geldard, K. & Geldard, D. (2001). *Counselling adolescents: The pro-active approach*. London: SAGE Publications.

Gephart, R. (1999). Paradigms and research methods. *Research Methods Forum*, 4(Summer), 1-6. Retrieved from: <http://www.aom.pace.edu/rmd>

Goldberg, O. (2008). *Juvenile diversion: A positive alternative to court for kids in trouble*. Retrieved from, The International Child and Youth Care Network: <http://www.bnd.com/homepage/story/329898.html>

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. (2000). *The adolescent*. Sandown: Heinemann Publishers.

Hancock, D.R. & Algozzine, B. (2006). *Doing case study research. A practical guide for beginning researchers.* New York: Teachers College Press.

Henning, E. (2004). *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik Publisher.

Inter-Ministerial Committee (IMC) on Young People at Risk. (1996). “*In whose best interest?:* Report on places of safety, schools of industry & reform schools. Pretoria: Department of Justice.

Jekielek, S., Moore, K.A. & Hair, E.C. (2002). *Mentoring programs and youth development: A synthesis.* Washington: Child Trends.

Kamradt, B. (2000). Wraparound Milwaukee: Aiding youth with mental health needs. *Journal of the Office of Juvenile Justice and Delinquency Prevention*, VII(1), 14-23.

Katz, R. (2004). *An exploratory study of attachment patterns in institutionalised children.* Unpublished M-thesis. Johannesburg. Retrieved from: <http://etd.rau.ac.za/theses/available/etd-09272004-121729/>

Knorth, E.J., Klomp, M., Van den Bergh, P.M. & Noom, M.J. (2007). Aggressive adolescents in residential care: A selective review of treatment requirements and models. *Adolescence*, 42(167), 461-485.

Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. (1993). Building communities from the inside out. A path toward finding and mobilizing a community's assets. Chicago: ACTA Publications.

Kriek, T. & Eloff, I. (2004). Verkenning van 'n bate-gebaseerde benadering tot vroeë intervensie. *South African Journal of Education*, 24(2), 133-140.

Lacey, A. & Luff, D. (2001). *Qualitative data analysis.* Sheffield: Trent Focus Group.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. (2001). *Practical research: planning and design.* Upper Saddle River, NJ: Merill.

Loots, M.C. (2005). ‘n Verkenning van opvoeders se mobilisering van bates ter ondersteuning van gemeenskapshantering van MIV/VIGS. Ongepubliseerde M-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lourens, B. (2004). Places of emotional safety: Creating classrooms where “I can”. *ChildrenFIRST*, 53(January/February).

Louw, D.A. & Louw, A.E. (2007). *Child and adolescent development.* Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

McAuley, C. & Davis, T. (2009). Emotional well-being and mental health of looked after children in England. *Child & Family Social Work*, 14(2), 147-155.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. (2001). *Research in education: A conceptual introduction*. New York: Haper Collins College Publisher.

McNeish, D., Newman, T. & Roberts, H. (2002). *What works for children?* Buckingham: Open University Press.

Meltzer, H., Gatward, R., Goodman, R. & Ford, T. (2000). *The mental health of children and adolescents in Great Britain*. Office for National Statistics, The Stationary Office, London.

Mentz, M. (2007, Julie 11). *Leerders se veiligheid binnekort verseker*. Heidelberg/Nigel Heraut.

Merriam, S.B. (2001). *Qualitative research and case study applications in education*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Mouton, J. (2001). *How to succeed in your Master's & Doctoral Studies*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Muntingh, L. (2007). *Child Justice Alliance: a quantitative overview of children in the criminal justice system*. Belville: The Children's Rights Project.

Naude, H., Du Preez, C.S. & Pretorius, E. (2004). Executive emotional system disruption as causal agent in frontal lobishness among abused children. *Early Child Development and Care*, 174(5), 437-460.

Nel, C. (2005). *Die benutting van die lewensboek binne spelterapie ten opsigte van selfblaam by die middelkinderjarige dogter in die kinderhuis*. Ongepubliseerde M-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Oelofse, L. & Pelser, W. (2003, Oktober 26). *Regter kap polisie oor kind in selle*. Rapport.

O'Kane, M. (2008). *Island of last resort: Inspiring Swedish approach to youth detention*. Retrieved from, The International Child and Youth Care Network: <http://www.guardian.co.uk/society/2008/jun/25/youthjustice.sweden>

Parker, J.S. & Benson, M.J. (2004). Parent-adolescent relations and adolescent functioning: self-esteem, substance abuse and delinquency. *Adolescence*, 39(155), 519-530.

Parliamentary Monitoring Group. (2003). Reform and Reform Schools: collaboration pays off. *The Dynamics of Youth Justice & the Convention on the Rights of the Child in South Africa*, 5(2), 6-7. Retrieved from: <http://www.pmg.org.za/docs/2003/appendices/030903reform.htm>

Plug, C., Louw, D.A., Gouws, L.A. & Meyer, W.F. (2000). *Verklarende en vertalende sielkundewoordeboek*. Johannesburg: Heinemann.

Pretorius, J.W.M. (1998). *Sosiopedagogiek 2000*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

Punch, K.F. (2005). *Introduction to social research. Quantitative and qualitative approaches*. London: Sage Publications.

Ritchie, J. & Lewis, J. (2003). *Qualitative research practice: A guide for social science students and researchers*. London: SAGE Publications.

Roberts, M.C., Brown, K.J., Johnson, R.J. & Reinke, J. (2002). Positive Psychology for Children. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.), *Handbook of Positive Psychology*. Buenos Aires: Oxford University Press.

Serrao, A. & Russouw, S. (2005, May 21). *School 'abused kids'*. Saturday Star.

Sickmund, M., Sladky, T.J., & Kang, W. (2004). Juvenile detention: adolescents in residential placements. Retrieved from, *Census of Juveniles in Residential Placement Databook*. <http://www.childtrendsdb.org/indicators/88JuvenileDetention.cfmgoals>

Silverman, D. (2001). *Interpreting qualitative data*. London: SAGE Publications.

Smith, N., Littlejohns, B. & Thompson, D. (2001). Shaking out the cobwebs: insights into community capacity and its relation to health outcomes. *Community development journal*, 36, 30-41.

Snow, L.K. (2001). Community transformation: Turning threats into opportunities. Madison: ACTA Publications.

Spang, F. (2005). *Verkenning van die ervaring van kinderversorgers in hul rol as opvoeders van kinders in 'n plek van veiligheid*. Ongepubliseerde M-skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Standerton Advertiser. (2004, Oktober 15). *Plekkie vir 'n kind*. Standerton Advertiser.

Strydom, H. (1998). Ethical aspects of research in the caring professions. In A.S. De Vos (Ed.), *Research at grass roots. A primer for the caring professions* (pp.23-36). Pretoria: Van Schaik Publishers.

Swart, W.A. (2007). *Hoërskool \*\*<sup>1</sup> Inligtingstuk*. Ongepubliseerde dokument. Heidelberg: Hoërskool \*\*.

Swanepoel, H. (2002). Community development: Putting plans into action. Cape Town: Juta & Co, Ltd.

Tashakkori, A. & Teddlie, C. (2003). *Handbook of mixed methods in social and behavioral sciences*. California: SAGE Publications.

Taylor, C. (2006). *Young people in care and criminal behaviour*. London: Jessica Kingsley Publishers.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds.). (2002). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

The Centre for Child Law and Others vs. MEC for Education and Others Case No. 19559/06 (Unreported, judgment given 30 June 2006). Retrieved from: [www.childlawsa.com](http://www.childlawsa.com)

Turney, D. & Tanner, K. (2003). What do we know about child neglect? A critical review of the literature and its application to social work practice. *Child and Family Social Work*, 8, 25–34.

Vakdidaktiek: Skoolvoorligting en Berading. (2002). *Metodologie van Skoolvoorligting*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Venter, Z. (2004, November 12). *System is failing kids in jail and places of safety*. Pretoria News.

Venter, Z. (2005, May 11). *Court throws book at industrial school*. Pretoria News.

Watson, D. (2002). Defining quality care for looked after children: frontline worker's perspectives on standards and all that. *Child and family social work*, 8, 67-77.

Wet op Kindersorg (Wet No.74 van 1983) en regulasies. Suid Afrika: Juta & Kie Beperk.

Wet op Kindersorg (Wet No.38 van 2005). Government Gazette, No. 28944. 2006. Vol.492. Retrieved from: <http://www.childjustice.org.za>

---

<sup>1</sup> Om die identiteit van die instansie te beskerm, word die naam nie genoem nie.

Willig, C. (2001). *Introducing qualitative research in Psychology*. Buckingham: Open University Press.

[www.capecateway.gov.za](http://www.capecateway.gov.za)

[www.diebuilt.wcape.school.za](http://www.diebuilt.wcape.school.za)



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAAG A

--

BYLAAG A: Afskrif van aansoek om toestemming: Skoolhoof

Hoërskool \*\*\*<sup>2</sup>  
Heidelberg  
1438

4 Junie 2008

Geagte Mn. \*\*\*

**INSAKE: Toestemming om navorsing te doen by Hoërskool \*\*\***

Met verwysing na ons laaste gesprek, versoek ek u skriftelike toestemming om navorsing by die instansie te doen.

Ek beoog om 'n bate-inventaris saam te stel in samewerking met 'n aantal personeellede werksaam by u instansie, om sodoende te bepaal watter bates in die skool asook wyer gemeenskap aangewend kan word ter bevordering van die leerders se psigo-sosiale ontwikkeling. Die resultate van die studie sal aan u bekend gemaak word. Op grond hiervan kan moontlike aanbevelings gemaak word om die funksionering van die leerders by Hoërskool \*\*\* te verhoog.

Die navorsing behels dat personeel aan drie fokusgroepbesprekings sal deelneem waartydens skool- en gemeenskapsbates en hulpbronne identifiseer gaan word. 'n Verteenwoordigende steekproef sal saamgestel word. Deelname aan die navorsing is egter vrywillig, en enige personeellid mag deelname weier.

Ek is onderhewig aan die etiese kode vir opvoedkundige sielkundiges soos uiteengesit deur die *Health Professions Council of South Africa* en sal sorg dra dat alle inligting konfidensieel hanteer word en deelnemers se identiteit beskerm word.

U gunstige oorweging sal waardeer word.

Alge Rautenbach  
(Tel. 072 452 0457)

---

<sup>2</sup> Om die identiteit van die instansie te beskerm, word die naam nie genoem nie.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAAG B

--

BYLAAG B: Afskrif van toestemming: Gautengse Departement van Onderwys



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## BYLAAG C

..

## BYLAAG C: Afskrif van toestemming deur deelnemers

**FASILITERIG VAN 'n BATE-GEBASEERDE BENADERING  
TER BEVORDERING VAN LEERDERS SE PSIGO-SOSIALE ONTWIKKELING  
IN 'n NYWERHEIDSKOOL**

10 Junie 2008

### **Geagte Personeel**

U word vriendelik uitgenooi om deel te neem aan 'n navorsingstudie gerig daarop om, aan die hand van die bate-gebaseerde benadering, te bepaal oor watter ondersteunende infrastruktuur die nywerheidskool en/of die gemeenskap beskik, ten einde leerders se psigo-sosiale ontwikkeling te ondersteun. Op grond hiervan kan moontlike aanbevelings gemaak word om die algemene funksionering van die leerders by Hoërskool \*\*\* te verhoog. Deelname aan die navorsing is vrywillig, u het die reg om ten enige tyd van die studie te onttrek. Alle inligting sal konfidensieel en vertroulik hanteer word. Die navorsingstudie sal strek oor drie afsonderlike dae waarvan elke sessie tussen 45 minute tot 1 uur sal duur. Die program sal soos volg verloop:

#### **Dag 1:**

Met die psigo-sosiale funksionering van die leerders in gedagte, sal die fokusgroep gerig wees op:

- Identifisering van bates in die **skool**, wat reeds gebruik, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie.

#### **Dag 2:**

Met die psigo-sosiale funksionering van die leerders in gedagte, sal die fokusgroep gerig wees op:

- Identifisering van bates in die **gemeenskap** wat reeds gebruik, sowel as wat reeds geïdentifiseer is, maar wat tans nie gebruik word ter bevordering van leerders se psigo-sosiale ontwikkeling nie.

#### **Dag 3:**

Met die psigo-sosiale funksionering van die leerders in gedagte, sal die fokusgroep gerig wees op:

- Identifisering van die bates wat 'n **nywerheidskoolplasing** vir die bevordering van 'n kind se psigo-sosiale ontwikkeling, inhoud.

Indien u bereid is om deel te neem aan hierdie navorsingstudie, teken asseblief hierdie brief as bevestiging dat u deelname vrywillig is en dat u verstaan dat u ten enige tyd van die navorsingstudie mag onttrek. Onder geen omstandighede sal die identiteit van deelnemers bekend gemaak word aan enige party/organisasie nie.

Deelnemer handtekening: ..... Datum: .....

Navorser handtekening: ..... Datum: .....

U gunstige oorweging sal waardeer word.

Alge Rautenbach